

B'RĚSHIET

Generis – 1 Moshe

¹ In die begin het Elohim die hemele en die aarde geskep.

² En die aarde was verlate en leeg, en duisternis was op die diep water, en die Gees van Elohim het oor die waters gesweef.

³ En Elohim het gesê: "Laat daar lig wees!" En daar was lig.

⁴ En Elohim het gesien dat die lig goed was. En Elohim het die lig van die duisternis geskei,

⁵ en Elohim het die lig Dag genoem, en die duisternis het Hy Nag genoem. En dit het aand geword en dit het oggend geword, dag een.

⁶ En Elohim het gesê: "Laat daar 'n uitspannel wees tussen die waters, en laat dit die waters van die waters skei."

⁷ En Elohim het die uitspannel gemaak en die waters wat onder die uitspannel is, geskei van die waters wat bo die uitspannel is. En dit was so.

⁸ En Elohim het die uitspannel Hemele genoem. En dit het aand geword en dit het oggend geword, dag twee.

⁹ En Elohim het gesê: "Laat die waters onder die hemele hulle op een plek versamel, sodat die droë grond sigbaar word." En dit was so.

¹⁰ En Elohim het die droë grond Aarde genoem, en die versameling van die waters het Hy Seë genoem. En Elohim het gesien dat dit goed was.

¹¹ En Elohim het gesê: "Laat die aarde gras, saaddraende plante en vrugdraende vrugtebome volgens hulle soorte, waarin hulle saad is, voortbring op die aarde." En dit was so.

¹² Die aarde het gras, saaddraende plante volgens hulle soorte en vrugdraende vrugtebome, waarin hulle saad is, volgens hulle soorte voortbring. En Elohim het gesien dat dit goed was.

¹³ En dit het aand geword en dit het

oggend geword, dag drie.

¹⁴ En Elohim het gesê: "Laat daar ligte aan die uitspannel van die hemele wees, om skeiding tussen die dag en die nag te maak, en laat hulle as tekens dien sowel vir vasgestelde tye, en vir dae en jare.

¹⁵ "Laat hulle ook as ligte aan die uitspannel van die hemele dien om lig te gee op die aarde." En dit was so.

¹⁶ En Elohim het toe die twee groot ligte gemaak: die groot lig om oor die dag te regeer en die klein lig om oor die nag te regeer, en die sterre.

¹⁷ En Elohim het hulle in die uitspannel van die hemele geplaas om lig op die aarde te gee

¹⁸ en om oor die dag en oor die nag te regeer en om die lig en die duisternis te skei. En Elohim het gesien dat dit goed was.

¹⁹ En dit het aand geword en dit het oggend geword, dag vier.

²⁰ En Elohim het gesê: "Laat die waters met 'n menigte van lewende wesens wemel, en laat die voëls oor die aarde vlieg langs die uitspannel van die hemele."

²¹ En Elohim het die groot seediere en al die lewende wesens wat beweeg, waarvan die waters wemel, volgens hulle soorte, en al die gevleuelde voëls volgens hulle soorte geskep. En Elohim het gesien dat dit goed was.

²² En Elohim het hulle geseën en gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die waters in die see, en laat die voëls op die aarde vermeerder."

²³ En dit het aand geword en dit het oggend geword, dag vyf.

²⁴ En Elohim het gesê: "Laat die aarde lewende wesens volgens hulle soorte voortbring: vee, kruipende diere en wilde diere van die aarde volgens hulle soorte." En dit was so.

B'RĚSHIET 2

²⁵ En Elohim het die wilde diere van die aarde volgens hulle soorte gemaak en die vee volgens hulle soorte en al die diere wat op die grond kruip, volgens hulle soorte. En Elohim het gesien dat dit goed was.

²⁶ En Elohim het gesê: "Laat Ons Adam volgens Ons beeld maak, volgens Ons voorkoms, en laat hulle oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip, regeer."

²⁷ En Elohim het Adam volgens Sy beeld geskep, volgens die beeld van Elohim het Hy hom geskep – manlik en vroulik het Hy hulle geskep.

²⁸ En Elohim het hulle geseën, en Elohim het vir hulle gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en regeer oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde beweeg."

²⁹ En Elohim het gesê: "Kyk Ek gee aan julle elke saaddraende plant, wat op die hele aarde is, en elke vrugteboom wat saad dra. Dit sal julle kos wees.

³⁰ "Maar aan al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel en al die kruipende diere op die aarde, waarin lewe is, gee Ek elke groen plant as kos." En dit was so.

³¹ En Elohim het alles wat Hy gemaak het gesien, en dit was baie goed. En dit het aand geword en dit het oggend geword, dag ses.

2 En die hemele en die aarde is voltooi en hulle hele leërmag.

² En Elohim het dag sewe Sy werk wat Hy gedoen het voltooi, en op dag sewe gerus van al Sy werk wat Hy gedoen het.

³ En Elohim het dag sewe geseën en dit afgesonder, omdat Hy daarop gerus het van al Sy werk wat Elohim met die skepping gedoen het.

⁴ Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is. Die dag toe יהוה Elohim die aarde en die hemele gemaak het.

⁵ Geen struik van die veld was al op die

aarde nie, en geen plant van die veld het nog uitgespruit nie, want יהוה Elohim het dit nog nie op die aarde laat reën nie, en Adam was nie daar om die grond te bewerk nie.

⁶ Maar 'n mis het uit die aarde opgetrek en die hele oppervlak van die grond nat gemaak.

⁷ En יהוה Elohim het Adam uit die stof van die aarde gevorm en in sy neus die asem van die lewe geblaas. En Adam het 'n lewende wese geword.

⁸ En יהוה Elohim het 'n tuin in Ĕden, na die ooste, geplant en Adam wat Hy gevorm het, daar geplaas.

⁹ En יהוה Elohim het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed eetbaar, en die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad.

¹⁰ En daar het 'n rivier uit Ĕden gegaan om die tuin nat te lei, en daarvandaan is dit verdeel en het vier hoofriviere geword.

¹¹ Die naam van die eerste is die Pishon. Dit is hy wat om die hele land H̄awila loop waar die goud is.

¹² En die goud van daardie land is goed. Daar is ook balsemgom en shohamsteen.

¹³ En die naam van die tweede rivier is die Ġihon. Dit is hy wat die hele land Kush omsingel.

¹⁴ En die naam van die derde rivier is die Hiddekel. Dit is hy wat oos van Ashshur loop. En die vierde rivier is die P'raat.

¹⁵ En יהוה Elohim het Adam geneem en hom in die tuin van Ĕden geplaas om dit te bewerk en te bewaak.

¹⁶ En יהוה Elohim het Adam beveel en gesê: "Van al die bome van die tuin mag jy eet,

¹⁷ maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie, want die dag wat jy daarvan eet, sal jy verseker sterf."

¹⁸ En יהוה Elohim het gesê: "Dit is nie goed dat Adam alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas."

¹⁹ En יהוה Elohim het al die diere van die

B'RĚSHIET 3

veld en al die voëls van die hemel uit die aarde gevorm en hulle na Adam gebring om te sien wat hy hulle sou noem. En net soos Adam al die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees.

²⁰ En Adam het name aan al die vee en aan die voëls van die hemele en aan al die wilde diere van die veld gegee, maar vir Adam het hy geen hulp, 'n gelyke vir hom gevind nie.

²¹ En יהוה Elohim het 'n diep slaap op Adam laat val, en terwyl hy geslaap het, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak.

²² En יהוה Elohim het van die rib wat Hy van Adam geneem het, 'n vrou gebou en haar na Adam gebring.

²³ En Adam het gesê: "Dit is nou been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal Vrou genoem word, want sy is uit die Man geneem."^a

²⁴ Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.

²⁵ En hulle was altwee naak, Adam en sy vrou, maar hulle was nie skaam nie.

3 En die slang was meer geslepe as enige dier van die veld wat יהוה Elohim gemaak het. En hy het vir die vrou gesê: "Nou-ja, het Elohim gesê: 'Julle mag nie van elke boom van die tuin eet nie?'"

² En die vrou het vir die slang gesê: "Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet,

³ maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het Elohim gesê: 'Julle mag nie daarvan eet of aan dit raak nie, anders sal julle sterf.'"

⁴ En die slang het vir die vrou gesê: "Julle sal verseker nie sterf nie.

⁵ "Want Elohim weet dat die dag wat julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos Elohim sal wees deur goed en kwaad te ken."

⁶ En die vrou het gesien die boom is

goed vir voedsel en dat dit 'n lus was vir die oë, en 'n boom begeerlik om jou wys te maak, en sy het van sy vrugte geneem en geëet en ook aan haar man by haar gegee, en hy het geëet.

⁷ En altwee se oë het oopgegaan, en hulle het besef dat hulle naak is. En hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak.

⁸ En hulle het die stem van יהוה Elohim gehoor terwyl Hy in die tuin in die wind van die dag geloop het, en Adam en sy vrou het hulle verberg vir die gesig van יהוה Elohim tussen die bome van die tuin.

⁹ En יהוה Elohim het na Adam geroep en vir hom gesê: "Waar is jy?"

¹⁰ En hy het gesê: "Ek het U stem in die tuin gehoor en gevrees, want ek is naak, daarom het ek my verberg."

¹¹ En Hy het gesê: "Wie het jou vertel dat jy naak is? Het jy van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie, geëet?"

¹² En Adam het gesê: "Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet."

¹³ En יהוה Elohim het vir die vrou gesê: "Wat het jy nou gedoen?" En die vrou het gesê: "Die slang het my bedrieg, en ek het geëet."

¹⁴ En יהוה Elohim het vir die slang gesê: "Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek meer as al die vee en meer as elke dier van die veld. Jy sal op jou maag loop, en jy sal stof eet al die dae van jou lewe.

¹⁵ "En Ek sal tussen jou en die vrou vyandskap stel, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou kop verskeur, en jy sal sy hakskeen verskeur."

¹⁶ Vir die vrou het Hy gesê: "Ek sal jou moeite en jou swangerskap baie vermeerder, jy sal kinders met smart baar, en jou begeerte is na jou man, en hy regeer oor jou."

¹⁷ En vir Adam het Hy gesê: "Omdat jy na die stem van jou vrou geluister het en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie, is die aarde

^a Die Hebreëus is ISH (man אִישׁ) en ISHAH (vrou אִשָּׁה)

B'RĒSHIET 4

om jou ontwil vervloek. Jy sal met moeite daarvan eet al die dae van jou lewe.

¹⁸ "En dit sal vir jou dorings en distels voortbring, en jy sal die plante van die veld eet.

¹⁹ "In die sweet van jou gesig sal jy brood eet totdat jy na die aarde terugkeer, want jy is daaruit geneem. Want jy is stof, en jy sal tot stof terugkeer."

²⁰ En Adam het sy vrou Ḥawwa genoem, omdat sy moeder geword het van alles wat lewe.

²¹ En יהוה Elohim het vir Adam en sy vrou klere van vel gemaak en dit vir hulle aangetrek.

²² En יהוה Elohim het gesê: "Kyk, Adam het soos een van Ons geword deur goed en kwaad te ken. En nou, sodat hy nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en vir ewig lewe nie!"

²³ En יהוה Elohim het hom uit die tuin van Ēden weggestuur om die grond te bewerk waaruit hy geneem is.

²⁴ En Hy het Adam weggedryf en kerubim aan die oostekant van die tuin van Ēden laat woon, met die vlammende, bewegende swaard, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak.

4 En Adam het sy vrou Ḥawwa beken, en sy het swanger geword en Kajin gebaar en gesê: "Ek het 'n man verkry met die hulp van יהוה."

² En weer het sy ook sy broer Ḥabel gebaar. En Ḥabel het 'n skaapherder geword, en Kajin 'n landbouer.

³ En met verloop van tyd het Kajin van die vrugte van die land aan יהוה 'n offer gebring.

⁴ En Ḥabel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring, en van hulle vet. En יהוה het Ḥabel en sy offer aangesien,

⁵ maar Hy het Kajin en sy offer nie aangesien nie. En Kajin het baie kwaad geword, en sy gesig het geval.

⁶ En יהוה het vir Kajin gesê: "Waarom is jy kwaad, en waarom laat jy jou gesig

val?

⁷ "Is daar nie aanvaarding indien jy goed doen nie? En indien jy nie goed doen nie - die sonde lê op loer by die deur, en sy begeerte is na jou, maar jy moet daarvoor regeer."

⁸ En Kajin het met sy broer Ḥabel gepraat. En terwyl hulle in die veld was, het Kajin teen sy broer Ḥabel opgestaan en hom doodgeslaan.

⁹ En יהוה het vir Kajin gesê: "Waar is jou broer Ḥabel?" En hy het gesê: "Ek weet nie. Is ek my broer se bewaarder?"

¹⁰ En Hy het gesê: "Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die grond af.

¹¹ "En nou sal jy vervloek wees, meer as die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang.

¹² "Wanneer jy die grond bewerk, sal dit nie meer sy vermoë aan jou gee nie. Jy sal 'n swerwer en vlugteling op die aarde wees."

¹³ En Kajin het vir יהוה gesê: "My straf is te groot om te dra.

¹⁴ "Kyk, U het my nou uit die land verdryf, en ek sal van U gesig verberg wees. Ek sal 'n swerwer en vlugteling op die aarde wees, en almal wat my kry, sal my doodslaan."

¹⁵ En יהוה het vir hom gesê: "Daarom, indien enigeen Kajin doodslaan, sal dit sewevoudig gewreek word." En יהוה het aan Kajin 'n teken gegee, sodat enigeen wat hom kry, hom nie sou doodslaan nie.

¹⁶ En Kajin het van die teenwoordigheid van יהוה weggegaan, en hy het in die land Nod gewoon, aan die oostekant van Ēden.

¹⁷ En Kajin het sy vrou beken, en sy het swanger geword en Ḥanoḵ gebaar. En hy het 'n stad gebou en die stad na die naam van sy seun Ḥanoḵ genoem.

¹⁸ En vir Ḥanoḵ is Irad gebore, en Irad was die vader van Meḥuja'ël; en Meḥuja'ël was die vader van Metusa'ël; en Metusa'ël die vader van Lameg.

¹⁹ En Lameg het vir hom twee vrouens

B'RĚSHIET 5

geneem. Die naam van die eerste was Ada, en die naam van die tweede Tsilla.

²⁰ En Ada het Jabal gebaar. Hy was die vader van die tentbewoners en die veeboere.

²¹ Die naam van sy broer was Jubal. Hy was die vader van almal wat op siters en fluite speel.

²² En Tsilla het ook gebaar, Tubal-Kajin, 'n smid wat allerhande instrumente van koper en yster gemaak het. En die suster van Tubal-Kajin was Naäma.

²³ En Lameg het vir sy vrouens gesê: "Ada en Tsilla, hoor my stem! Vrouens van Lameg, luister na wat ek sê! Want ek het 'n man doodgeslaan wat my gewond het en 'n seun wat my gekwes het.

²⁴ "Want Kajin sal sewe maal gewreek word, maar Lameg sewe en sewentig maal."

²⁵ En Adam het sy vrou weer beken, en sy het 'n seun gebaar en hom Shët genoem. Want, het sy gesê, Elohim het my ander saad in die plek van Habel gegee, omdat Kajin hom doodgeslaan het.

²⁶ En vir Shët is ook 'n seun gebore. En hy het hom Enosh genoem. Toe het hulle begin om die Naam van יהוה aan te roep.

5 Dit is die geslagte van Adam. Die dag wat Elohim Adam geskep het, het Hy hom gemaak volgens die voorkoms van Elohim.

² Man en vrou het Hy hulle geskep en hulle geseën en hulle Adam genoem, die dag toe hulle geskep is.

³ En Adam het honderd en dertig jaar geleef, en hy het 'n seun verwek na sy voorkoms, volgens sy beeld, en hom Shët genoem.

⁴ En die dae van Adam, na die geboorte van Shët, was agt honderd jaar. En hy het seuns en dogters gehad.

⁵ En al die dae van Adam wat hy geleef het, was nege honderd en dertig jaar, en hy het gesterf.

⁶ En Shët het honderd en vyf jaar geleef, en hy het die vader van Enosh geword.

⁷ En Shët het na die geboorte van Enosh

nog agt honderd en sewe jaar geleef. En hy het seuns en dogters gehad.

⁸ En al die dae van Shët was nege honderd en twaalf jaar, en hy het gesterf.

⁹ En Enosh het negentig jaar geleef, en hy het die vader van Kënan geword.

¹⁰ En Enosh het na die geboorte van Kënan nog agt honderd en vyftien jaar geleef. En hy het seuns en dogters gehad.

¹¹ En al die dae van Enosh was nege honderd en vyf jaar, en hy het gesterf.

¹² En Kënan het sewentig jaar geleef, en hy het die vader van Mahalal'ël geword.

¹³ En Kënan het na die geboorte van Mahalal'ël nog agt honderd en veertig jaar geleef. En hy het seuns en dogters gehad.

¹⁴ En al die dae van Kënan was nege honderd en tien jaar, en hy het gesterf.

¹⁵ En Mahalal'ël het vyf en sestig jaar geleef, het hy die vader van Jered geword.

¹⁶ En Mahalal'ël het na die geboorte van Jered nog agt honderd en dertig jaar geleef. En hy het seuns en dogters gehad.

¹⁷ En al die dae van Mahalal'ël was agt honderd vyf en negentig jaar, en hy het gesterf.

¹⁸ En Jered het honderd twee en sestig jaar geleef, en hy het die vader van Hanok geword.

¹⁹ En Jered het na die geboorte van Hanok nog agt honderd jaar geleef. En hy het seuns en dogters gehad.

²⁰ En al die dae van Jered was nege honderd twee en sestig jaar, en hy het gesterf.

²¹ En Hanok het vyf en sestig jaar geleef, en hy het die vader van Matushelag geword.

²² En Hanok het na die geboorte van Matushelag nog drie honderd jaar met Elohim gewandel. En hy het seuns en dogters gehad.

²³ En al die dae van Hanok was drie honderd vyf en sestig jaar.

²⁴ En Hanok het met Elohim gewandel,

B'RĚSHIET 6

en hy was nie meer nie, want Elohim het hom weggeneem.

²⁵ En Matushelag het honderd sewe en tagtig jaar geleef, en hy het die vader van Lameg geword.

²⁶ En Matushelag het na die geboorte van Lameg nog sewe honderd twee en tagtig jaar geleef. En hy het seuns en dogters gehad.

²⁷ En al die dae van Matushelag was nege honderd nege en sestig jaar, en hy het gesterf.

²⁸ En Lameg het honderd twee en tagtig jaar geleef, en hy het 'n seun verwek

²⁹ en hom Noaḥ genoem, want hy het gesê: "Hy sal ons troos oor ons werk en oor die moeilike arbeid van ons hande wat voortkom uit die aarde wat יהוה vervloek het."

³⁰ En Lameg het na die geboorte van Noaḥ nog vyf honderd vyf en negentig jaar geleef. En hy het seuns en dogters gehad.

³¹ En al die dae van Lameg was sewe honderd sewe en sewentig jaar, en hy het gesterf.

³² En Noaḥ was vyf honderd jaar oud, en Noaḥ het die vader geword van Shēm, Gam en Jafet.

6 En toe die mens op die aarde begin vermeerder het en daar vir hulle dogters gebore is,

² het die seuns van Elohim gesien dat die dogters van Adam mooi was, en hulle het vir hulle vrouens geneem van almal wat hulle gekies het.

³ En יהוה het gesê: "My Gees sal nie vir ewig in die mens regeer nie, hy is ook vlees, en sy dae sal honderd en twintig jaar wees."

⁴ Die Nafalim^b was in daardie dae op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van Elohim by die dogters van die mens ingegaan en hulle vir hul kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam.

⁵ En יהוה het gesien dat die boosheid van

die mens op die aarde groot was en elke idee van die gedagtes van sy hart was altyd deur net boos,

⁶ en dit het יהוה berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart.

⁷ En יהוה sê: "Ek sal die mens wat Ek geskep het, van die aarde verwyder, die mens en die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemele, want dit berou My dat Ek hulle gemaak het."

⁸ Maar Noaḥ het guns in die oë van יהוה gevind.

⁹ Dit is die geskiedenis van Noaḥ. Noaḥ was 'n regverdige, opregte man in sy tyd. Noaḥ het met Elohim gewandel.

¹⁰ En Noaḥ het drie seuns gehad: Shēm, Gam en Jafet.

¹¹ Maar die aarde was verrot voor Elohim, en die aarde was vol geweld.

¹² En Elohim het na die aarde gekyk, en dit was verrot, want alle vlees het sy wandel op die aarde bederf.

¹³ En Elohim het vir Noaḥ gesê: "Die einde van alle vlees het volgens My besluit gekom, want die aarde is deur hulle met geweld gevul. En kyk, Ek gaan hulle saam met die aarde vernietig.

¹⁴ "Maak vir jou 'n ark van goferhout. Jy moet die ark met afdelings maak en dit binne en buite met pik bestryk.

¹⁵ "En so moet jy dit maak: die lengte van die ark drie honderd el, sy breedte vyftig el en sy hoogte dertig el.

¹⁶ "Jy moet 'n opening in die ark maak, en op die maat van 'n el moet jy dit aan die bokant afwerk. En sit die deur van die ark aan die sykant in. Jy moet dit met 'n onderste, tweede en derde vlakke maak.

¹⁷ "En kyk, Ek bring 'n watervloed oor die aarde, om van onder die hemele alle vlees waar 'n lewensgees in is te vernietig. Alles wat op die aarde is, sal sterf.

¹⁸ "En Ek sal My verbond met jou oprig, jy moet in die ark gaan, jy en jou seuns en jou vrou en die vrouens van jou seuns saam met jou.

¹⁹ "En van alles wat lewe, van alle vlees,

^b Reuse

B'RĚSHIET 8

moet jy twee van elke soort in die ark laat ingaan om dit saam met jou in die lewe te hou: dit moet manlik en vroulik wees.

²⁰ “Van die voëls volgens hulle soorte en van die vee volgens hulle soorte, van al die kruipende diere van die aarde volgens hulle soorte, twee van elke soort, moet na jou kom om in die lewe te bly.

²¹ “En jy, neem vir jou van al die kos wat geëet word, en versamel dit by jou, dat dit vir jou en hulle as kos kan dien.”

²² En Noaḥ het dit gedoen. Soos Elohim hom beveel het, so het hy gedoen.

7 En יהוה het vir Noaḥ gesê: “Gaan in die ark, jy en jou hele huisgesin, want Ek het gesien in hierdie geslag is jy regverdig voor My.

² “Van al die rein diere moet jy vir jou sewe paar neem, manlik en vroulik; maar van die diere wat onrein is twee, die manlik en vroulik.

³ “En van die voëls van die hemele sewe paar, manlik en vroulik, om die saad op die hele aarde in die lewe te hou.

⁴ “Want nog sewe dae dan sal Ek dit laat reën op die aarde, veertig dae en veertig nagte, en al die lewende wesens wat Ek gemaak het, van die aarde verwyder.”

⁵ En Noaḥ het gedoen net soos יהוה hom beveel het.

⁶ En Noaḥ was ses honderd jaar oud toe die watervloed oor die aarde gekom het.

⁷ En Noaḥ en sy seuns en sy vrou en die vrouens van sy seuns saam met hom het in die ark gegaan weens die waters van die vloed.

⁸ Van die rein diere en van die onrein diere, en van die voëls en van alles wat op die aarde kruip,

⁹ het daar twee-twee na Noaḥ in die ark gegaan, manlik en vroulik, soos Elohim Noaḥ beveel het.

¹⁰ En na sewe dae was die waters van die vloed op die aarde.

¹¹ In die ses honderdste jaar van die lewe van Noaḥ, in die tweede maand, op die sewentiende dag van die maand, op dieselfde dag, is al die fonteine van die

groot watervloed oopgebreek, en die sluis van die hemele is geopen,

¹² en die stortreën was op die aarde veertig dae en veertig nagte.

¹³ Op dieselfde dag het Noaḥ en Shēm en Gam en Jafet, Noaḥ se seuns, en Noaḥ se vrou en die drie vrouens van sy seuns saam met hulle in die ark gegaan.

¹⁴ Hulle en al die wilde diere volgens hulle soorte en al die vee volgens hulle soorte en al die diere wat op die aarde kruip, volgens hulle soorte en al die voëls volgens hulle soorte, voëls van allerhande vere.

¹⁵ En hulle het twee-twee na Noaḥ in die ark gegaan van al die vlees waarin 'n lewensgees was.

¹⁶ En die wat ingegaan het, manlik en vroulik van alle vlees, het ingegaan soos Elohim hom beveel het. En יהוה het agter hom toegesluit.

¹⁷ En die vloed was veertig dae op die aard, en die waters het vermeerder en die ark opgelig, sodat dit opgerys het bo die aarde.

¹⁸ En die waters was magtig en het baie op die aarde vermeerder, terwyl die ark op die waters gedryf het.

¹⁹ En die waters was totaal magtig op die aarde, sodat al die hoë berge onder die hele hemele bedek was.

²⁰ Vyftien el bo hulle was die waters magtig, sodat die berge bedek was.

²¹ En alle vlees wat op die aarde beweeg, het gesterf – die voëls en die vee en die wilde diere en elke gedierte wat op die aarde wemel, en elke mens.

²² Alles wat die asem van die lewensgees in sy neusgate gehad het, alles wat op die droë grond was, het doodgegaan.

²³ En al die lewende wesens is verwyder wat op die aarde was, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemele. Hulle is van die aarde af verwyder. En net Noaḥ het oorgebly en wat by hom in die ark was.

²⁴ En die waters was magtig oor die aarde vir honderd en vyftig dae.

8 En Elohim het aan Noaḥ gedink en

B'RĚSHIET 9

aan al die wilde diere en al die vee wat saam met hom in die ark was. En Elohim het 'n wind oor die aarde laat waai, en die waters het gesak.

² En die fonteine van die watervloed en die sluise van die hemele het toegegaan, en die stortreën uit die hemel is teruggehou.

³ En die waters het geleidelik van die aarde teruggegaan, en die waters het aan die einde van honderd en vyftig dae verminder.

⁴ En die ark het in die sewende maand, op die sewentiende dag van die maand, op die berg van Ararat gerus.

⁵ En die waters het geleidelik verminder tot die tiende maand. In die tiende maand, op die eerste van die maand, het die pieke van die berge sigbaar geword.

⁶ En Noaḥ het aan die einde van veertig dae die venster van die ark wat hy gebou het oopgemaak,

⁷ en 'n raaf uitgestuur wat gedurig heen en weer gevlieg het totdat die waters van die aarde opgedroog het.

⁸ En hy het 'n duif van hom af uitgestuur om te sien of die waters oor die grond verminder het.

⁹ Maar die duif het geen rusplek vir die holte van sy voet gevind nie en na hom teruggekeer in die ark, want die waters was oor die hele aarde. En hy het sy hand uitgesteek en hom gegryp en in die ark by hom gebring.

¹⁰ En hy het nog sewe dae gewag en hy het die duif weer uit die ark gestuur.

¹¹ En die duif het teen die aand na hom gekom, en daar was 'n groen olyfblaar in sy bek! En Noaḥ het geweet dat die waters oor die aarde verminder het.

¹² En hy het nog sewe dae gewag en hy het die duif uitgestuur, maar hy het nie weer na hom teruggekeer nie.

¹³ In die ses honderd en eerste jaar, in die eerste maand, op die eerste van die maand, het die waters opgedroog van die aarde af. En Noaḥ het die deksel van die ark weggeneem en uitgekyk, en die oppervlak van die grond was droog.

¹⁴ En in die tweede maand, op die sewe en twintigste dag van die maand, was die aarde droog.

¹⁵ En Elohim het met Noaḥ gepraat en gesê:

¹⁶ "Gaan uit die ark, jy en jou vrou en jou seuns en die vrouens van jou seuns saam met jou.

¹⁷ "Bring alles wat lewe van alle vlees wat by jou is met jou uit: die voëls en die vee en alle kruipende diere op die aarde, dat hulle kan vrugbaar wees en vermeerder op die aarde en op die aarde wemel."

¹⁸ En Noaḥ en sy seuns en sy vrou en die vrouens van sy seuns het saam met hom uitgegaan.

¹⁹ Al die diere, alles wat kruip, en elke voël, alles wat op die aarde beweeg, volgens hulle soorte, het uit die ark gegaan.

²⁰ En Noaḥ het vir יהוה 'n altaar gebou en van elke rein dier en elke rein voël geneem en brandoffers op die altaar geoffer.

²¹ En יהוה het die lieflike geur geruik, en יהוה het in Sy hart gesê: "Ek sal nooit weer die aarde vervloek ter wille van Adam nie, want die idees van Adam se hart is sleg van sy jeug af. En nooit weer sal Ek al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie.

²² "Terwyl die aarde bly bestaan sal saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie ophou nie."

9 En Elohim het Noaḥ en sy seuns geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde.

² "Die vrees en die skrik vir julle sal oor elke dier van die aarde en elke voël van die hemele wees, alles wat op die aarde beweeg, en al die visse van die see. Hulle is in julle hand oorgegee.

³ "Elke bewegende dier wat lewe, is julle kos. Net soos die groen plante, gee Ek dit alles vir julle.

⁴ "Maar die vleis met sy lewe, met sy bloed, moet julle nie eet nie.

⁵ "En julle eie bloed van julle lewens, dit sal Ek eis, van elke dier sal Ek dit eis.

B'RĚSHIET 10

Ook van Adam, van die een teenoor die ander, sal Ek die lewe van 'n mens eis.

⁶ "Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur 'n mens vergiet word, want Elohim het die mens na Sy beeld gemaak.

⁷ "Maar julle, wees vrugbaar en vermeerder, wemel op die aarde en vermeerder daarop."

⁸ En Elohim het met Noaḥ en sy seuns by hom gepraat en gesê:

⁹ "En Ek, kyk, Ek rig My verbond met julle op en met julle saad na julle,

¹⁰ en met elke lewende wese wat by julle is: die voëls, die vee en al die wilde diere van die aarde by julle - al wat uit die ark gegaan het, al die diere van die aarde.

¹¹ "En Ek rig My verbond met julle op, dat alle vlees nooit weer deur die waters van die vloed uitgeroei sal word nie, en dat daar nooit weer 'n vloed sal wees om die aarde te vernietig nie."

¹² En Elohim het gesê: "Dit is die teken van die verbond wat Ek sluit tussen My en julle en elke lewende wese wat by julle is, vir ewige geslagte:

¹³ "Ek gee My boog in die wolk, en dit sal 'n teken van die verbond wees tussen My en die aarde.

¹⁴ "En wanneer Ek 'n wolk oor die aarde bring en hierdie boog verskyn in die wolk,

¹⁵ en Ek sal My verbond wat daar tussen My en julle en elke lewende wese, van alle vlees bestaan, onthou. En die waters sal nooit weer 'n vloed word om alle vlees te vernietig nie.

¹⁶ "En die boog sal in die wolk wees, en Ek sal dit sien om die ewige verbond tussen Elohim en elke lewende wese van alle vlees wat op die aarde is te onthou."

¹⁷ En Elohim het vir Noaḥ gesê: "Dit is die teken van die verbond wat Ek opgerig het tussen My en alle vlees wat op die aarde is."

¹⁸ En die seuns van Noaḥ wat uit die ark gegaan het, was Shēm en Gam en Jafet. En Gam was die vader van Kanaän.

¹⁹ Hierdie drie was die seuns van Noaḥ,

en deur hulle is die hele aarde bedek.

²⁰ En Noaḥ, 'n man van die grond, het begin en 'n wingerd geplant.

²¹ En hy het van die wyn gedrink, en hy het dronk geword en was naak in sy tent.

²² En Gam, die vader van Kanaän, het sy vader se naaktheid gesien en dit buite aan sy twee broers vertel.

²³ En Shēm en Jafet het 'n kledingstuk geneem en dit op hulle skouers gehou en agteruit geloop, en hulle het die naaktheid van hulle vader bedek, hul gesigte was agtertoe gedraai, en hulle het nie die naaktheid van hulle vader gesien nie.

²⁴ En Noaḥ het van sy wyn wakker geword en geweet wat sy jonger seun hom aangedoen het,

²⁵ en hy het gesê: "Vervloek is Kanaän! Hy sal 'n dienaar van dienaars vir sy broers wees."

²⁶ En hy het gesê: "Geseënd is יהוה, die Elohim van Shēm, en Kanaän sal sy dienaar wees.

²⁷ "Mag Elohim aan Jafet ruimte verskaf, en mag hy in die tente van Shēm woon, en Kanaän sal sy dienaar wees."

²⁸ En Noaḥ het na die vloed drie honderd en vyftig jaar geleef.

²⁹ En al die dae van Noaḥ was nege honderd en vyftig jaar, en hy het gesterf.

10 En dit is die geslagte van die seuns van Noaḥ: Shēm, Gam en Jafet. En seuns is vir hulle na die vloed gebore.

² Die seuns van Jafet: Gomer en Magog en Madai en Jawan en Tuḅal en Mesheg en Tiras.

³ En die seuns van Gomer: Ashkenaz en Rifat en Togarma.

⁴ En die seuns van Jawan: Elisha en Tarshish, Kittim en Dodanim.

⁵ Uit hulle het die kusland nasies verdeeld geraak, in hulle lande, elkeen volgens sy taal, volgens hulle geslagte, in hulle nasies.

⁶ En die seuns van Gam: Kush en Mitsrajim en Put en Kanaän.

⁷ En die seuns van Kush: Seḅa en Ḥawila en Saḅta en Ra'ma en Saḅteḱa. En die

B'RĚSHIET 11

seuns van Ra'ma: Sheḅa en Dedan.

⁸ En Kush was die vader van Nimrod. Hy het begin om magtig op die aarde te wees.

⁹ Hy was 'n magtige jagter voor יהוה. Daarom sê hulle: "Soos Nimrod, 'n magtige jagter voor יהוה.

¹⁰ En die begin van sy ryk was Babel en Ereḵ en Akkad en Kalnē in die land Shin'ar.

¹¹ Uit hierdie land het hy na Ashshur getrek en Ninewē en Rehobot-Ir en Kalaḥ gebou

¹² en Resen, tussen Ninewē en Kalaḥ, die groot stad.

¹³ En Mitsrajim was die vader van die Ludim en Anamim en Lehajim en Naftuhim

¹⁴ en die Patrusim en Kasluḥim - waaruit die Palishtim en Kaftorim gekom het.

¹⁵ En Kanaän was die vader van Tsidon, sy eersgeborene, en Hēt

¹⁶ en die Jebusi en die Amori en die Ġirgashi

¹⁷ en die Ĥiwi en Arki en Sini

¹⁸ en die Arwadi en die Tsemari en die Ḥamati. En daarna is die families van die Kanaäni verstrooi.

¹⁹ En die gebied van die Kanaäni was vanaf Tsidon in die rigting van Ġerar tot by Azaa, in die rigting van Sedom en Amorra en Adma en Tsaḅojim tot by Lesa.

²⁰ Hierdie was die seuns van Gam volgens hulle famielies, volgens hulle tale, in hulle lande, in hulle nasies.

²¹ En ook vir Shēm, die vader van al die seuns van Ĕber, die ouer broer van Jafet, is kinders gebore.

²² Die seuns van Shēm: Ĕlam en Ashshur en Arpaḵshad en Lud en Aram.

²³ En die seuns van Aram was: Uts en Ḥul en Ġeter en Mash.

²⁴ En Arpaḵshad was die vader van Shelaḥ, en Shelaḥ van Ĕber.

²⁵ En vir Ĕber is twee seuns gebore, die naam van die een was Peleg, want in sy dae is die aarde verdeel, en die naam van sy broer was Joktan.

²⁶ En Joktan was die vader van Almodad en Shelef en Ḥatsarmawet en Jerah

²⁷ en Hadoram en Uzal en Dikla

²⁸ en Oḅal en Aḅima'el en Sheḅa

²⁹ en Ofir en Ḥawila en Jobab. Hulle was almal seuns van Joktan.

³⁰ En hulle woonplek was vanaf Mēsha in die rigting van Sefar, 'n berg in die ooste.

³¹ Dit is die seuns van Shēm volgens hulle families, volgens hulle tale, in hulle lande, volgens hulle nasies.

³² Dit is die families van die seuns van Noaḥ volgens hulle geslagte, in hulle nasies. En uit hulle het die nasies op die aarde verdeel na die vloed.

11 En die hele aarde het een taal en een spraak gehad.

² En toe hulle van die ooste weggetrek het, het hulle 'n vlakte in die land Shin'ar gevind, en hulle het daar gaan woon.

³ En hulle vir mekaar gesê: "Kom laat ons stene maak en dit goed brand." En hulle het stene vir bousteen en die lymgrond vir klei gehad.

⁴ En hulle het gesê: "Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die punt in die hemele is, en 'n naam vir ons maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie."

⁵ En יהוה het afgekom om die stad en die toring te bekyk waaraan die seuns van Adam gebou het.

⁶ En יהוה het gesê: "Kyk, die mense is een en almal het een taal! En dit is wat hulle begin doen, en nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle beplan om te doen nie.

⁷ "Kom, laat Ons daarheen afgaan en hulle taal verwar, sodat die een nie die taal van die ander kan verstaan nie."

⁸ En יהוה het hulle van daar oor die hele aarde verstrooi, en hulle het opgehou om die stad te bou.

⁹ Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het יהוה die taal van die hele aarde verwar, en van daar het יהוה hulle oor die hele aarde verstrooi.

¹⁰ Dit is die geslagte van Shēm: En Shēm was honderd jaar oud, en hy het die

B'RĚSHIET 12

vader van Arpaḵshad geword, twee jaar na die vloed.

¹¹ En Shēm het na die geboorte van Arpaḵshad nog vyf honderd jaar geleef. En hy het seuns en dogters gehad.

¹² En Arpaḵshad het vyf en dertig jaar geleef, en hy het die vader van Shelaḥ geword.

¹³ En Arpaḵshad het na die geboorte van Shelaḥ nog vier honderd en drie jaar geleef. En hy het seuns en dogters gehad.

¹⁴ En Shelaḥ het dertig jaar geleef, en hy het die vader van Ĕber geword.

¹⁵ En Shelaḥ het na die geboorte van Ĕber nog vier honderd en drie jaar geleef. En hy het seuns en dogters gehad.

¹⁶ En Ĕber het vier en dertig jaar geleef, en hy het die vader van Peleg geword.

¹⁷ En Ĕber het na die geboorte van Peleg nog vier honderd en dertig jaar geleef. En hy het seuns en dogters gehad.

¹⁸ En Peleg het dertig jaar geleef, en hy het die vader van Re'u geword.

¹⁹ En Peleg het na die geboorte van Re'u nog twee honderd en nege jaar geleef. En hy het seuns en dogters gehad.

²⁰ En Re'u het twee en dertig jaar geleef, en hy het die vader van Serug geword.

²¹ En Re'u het na die geboorte van Serug nog twee honderd en sewe jaar geleef. En hy het seuns en dogters gehad.

²² En Serug het dertig jaar geleef, en hy het die vader van Naḥor geword.

²³ En Serug het na die geboorte van Naḥor twee honderd jaar geleef. En hy het seuns en dogters gehad.

²⁴ En Naḥor het nege en twintig jaar geleef, en hy het die vader van Terah geword.

²⁵ En Naḥor het na die geboorte van Terah nog honderd en negentien jaar geleef. En hy het seuns en dogters gehad.

²⁶ En Terah het sewentig jaar geleef, en hy het die vader van Abram, Naḥor en Haran geword.

²⁷ En dit is die geslagte van Terah: Terah

het die vader geword van Abram, Naḥor en Haran, en Haran die vader van Lot.

²⁸ En Haran het gesterf terwyl sy vader Terah nog geleef het, in sy geboorteland, in Ur van Kasdim^c.

²⁹ En Abram en Naḥor het vir hulle vrouens geneem. Die naam van Abram se vrou was Sarai, en die naam van Naḥor se vrou was Milka, die dogter van Haran, die vader van Milka en die vader van Jiska.

³⁰ En Sarai was onvrugbaar, sy het geen kind gehad nie.

³¹ En Terah het sy seun Abram geneem en sy kleinseun Lot, die seun van Haran, en Sarai, sy skoonogter, die vrou van sy seun Abram, en hy het met hulle uit Ur van Kasdim getrek om na die land Kanaän te gaan. En hulle het by Haran gekom en daar gaan woon.

³² En die dae van Terah was twee honderd en vyf jaar, en Terah het in Haran gesterf.

12 En יהוה het vir Abram gesê: "Gaan jy uit jou land en vanaf jou bloedverwante en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys.

² "En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam groot maak, en jy sal 'n seën wees.

³ "En Ek sal hulle seën wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek, en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word."

⁴ En Abram het weggetrek soos יהוה hom gesê het, en Lot het saam met hom gegaan. En Abram was vyf en sewentig jaar oud toe hy uit Haran getrek het.

⁵ En Abram het Sarai, sy vrou, en Lot, sy broerskind, geneem en al hulle besittings wat hulle bymekaargemaak en die wesens wat hulle in Haran gekry het, en hulle het uitgetrek om na die land Kanaän te gaan. En hulle het in die land Kanaän gekom.

⁶ En Abram het deur die land getrek na die plek Sheḱem, tot by die

^c Chaldeërs

B'RĚSHIET 13

terpentyboom Môrĕ. En die Kanaani was toe in die land.

⁷ En יהוה het aan Abram verskyn en gesê: "Aan jou saad sal Ek hierdie land gee." En hy het daar 'n altaar vir יהוה gebou wat aan hom verskyn het.

⁸ En van daar het hy verskuif na die berg oos van Bĕt-Ēl en sy tent opgeslaan tussen Bĕt-Ēl aan die weste en Ai aan die ooste. En daar het hy vir יהוה 'n altaar gebou en die Naam van יהוה aangeroep.

⁹ En Abram het opgepak al verder na die Suide getrek.

¹⁰ En daar was hongersnood in die land, en Abram het na Mitsrajim afgetrek om daar te bly, want die hongersnood was erg in die land.

¹¹ En terwyl hy nader gekom het om Mitsrajim in te gaan, het hy vir sy vrou Sarai gesê: "Kyk, ek weet dat jy 'n mooi vrou is om na te kyk.

¹² "En wanneer die Mitsrim jou sien, sal hulle sê: 'Dit is sy vrou', en hulle sal my doodmaak en jou laat lewe.

¹³ "Sê asseblief jy is my suster, dat dit met my goed kan gaan ter wille van jou en ek weens jou kan bly lewe."

¹⁴ En toe Abram het in Mitsrajim gekom het, het die Mitsrim gesien dat die vrou baie mooi was.

¹⁵ En die goewerneurs van Par'o het haar gesien en haar by Par'o geprys. En die vrou is na Par'o se huis geneem.

¹⁶ En hy het Abram goed behandel om haar ontwil, en hy het kleinvee en beeste en donkies, slawe en slavinne, donkierries en kamele gehad.

¹⁷ Maar יהוה het Par'o en sy huis met groot plaë gestraf as gevolg van Sarai, die vrou van Abram.

¹⁸ En Par'o het Abram geroep en gesê: "Wat het jy my nou aangedoen? Waarom het jy my nie vertel dat sy jou vrou is nie?"

¹⁹ "Waarom het jy gesê: 'Sy is my suster', sodat ek haar vir my as vrou geneem het? Kyk, daar is jou vrou, neem haar en gaan."

²⁰ En Par'o het sy manne aangaande hom

beveel, en hulle het hom met sy vrou en alles wat hy gehad het weggestuur.

13 En Abram het uit Mitsrajim na die Suide opgetrek, hy met sy vrou en alles wat hy gehad het, en Lot saam met hom.

² En Abram was baie ryk aan vee, aan silwer en goud.

³ En hy het op reis uit die Suide tot by Bĕt-Ēl getrek, na die plek waar sy tent in die begin gestaan het, tussen Bĕt-Ēl en Ai,

⁴ na die plek van die altaar wat hy vroeër daar gebou het. En daar het Abram die Naam van יהוה aangeroep.

⁵ En Lot, wat saam met Abram getrek het, het ook kleinvee en beeste en tente gehad.

⁶ En die land kon hulle nie dra om saam te woon nie, want hulle besittings was groot, sodat hulle nie saam kon woon nie.

⁷ En daar het twis tussen die veewagters van Abram en die veewagters van Lot ontstaan. En die Kanaanim en Parisim het destyds in die land gewoon.

⁸ En Abram het vir Lot gesê: "Laat daar asseblief geen twis tussen my en jou, en tussen my wagters en jou wagters wees nie, want ons is broers.

⁹ "Is die hele land nie voor jou nie? Skei jou asseblief van my af. Indien jy links gaan, dan sal ek regs gaan, en gaan jy regs, dan sal ek links gaan."

¹⁰ En Lot het sy oë oppelig en gesien dat die hele Jardĕnstreek oral volop water het — voordat יהוה Sedom en Amorra verwoes het, was dit in die rigting van Tsoar soos die tuin van יהוה, soos die land van Mitsrajim.

¹¹ En Lot het vir hom die hele Jardĕnstreek gekies, en Lot het oos getrek. En hulle het van mekaar geskei.

¹² Abram het in die land Kanaän bly woon, en Lot het in die stede van die vlakke gaan woon en sy tente tot by Sedom opgeslaan.

¹³ Maar die mans van Sedom was boos en groot sondaars voor יהוה.

¹⁴ En na Lot van hom geskei het, het יהוה

B'RĚSHIET 14

vir Abram gesê: "Nou lig jou oë op en kyk van die plek waar jy staan, na die noorde en suide, na die ooste en weste, ¹⁵ want die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou saad tot in ewigheid.

¹⁶ "En Ek sal jou saad soos die stof van die aarde maak, sodat indien iemand die stof van die aarde kan tel, jou saad ook getel kan word.

¹⁷ "Staan op, trek deur die land in sy lengte en sy breedte, want Ek gee dit aan jou."

¹⁸ En Abram het al verder tente opgeslaan en by die terpentynbome van Mamrê gaan woon wat by Hëbron is. En hy het daar vir יהוה 'n altaar gebou.

14 En in die dae van Amrafel, koning van Shin'ar, Arjog, koning van Ellasar, Kadorla'omer, koning van Ēlam, en Tid'al, koning van Ğojim,

² het hulle oorlog gevoer teen Bera, koning van Sedom, en teen Birsha, koning van Amorra, Shinab, koning van Adma, en Shemêber, koning van Tsaḃojim, en teen die koning van Bela, dit is Tsoar.

³ Hulle het almal hulle leërs in die Vallei Siddim verenig, dit is die Soutsee.

⁴ Twaalf jaar lank het hulle Kadorla'omer gedien, en in die dertiende jaar het hulle gerebelleer.

⁵ En in die veertiende jaar het Kadorla'omer, en die konings wat saam met hom was, gekom en die Refaim in Ashterot-Karnajim verslaan en die Zuzim in Ḥam en die Ēmim in Shawě Kirjatajim

⁶ en die Hori op hulle berg Seir, tot by Ēl-Paran wat by die woestyn is.

⁷ En hulle het omgedraai en by Ēn-Mishpat, dit is Kaděsh, gekom en die hele land van die Amalěki verower en ook die Amori wat in Ḥatsetson-Tamar woon.

⁸ En die koning van Sedom het uitgetrek en die koning van Amorra en die koning van Adma en die koning van Tsaḃojim en die koning van Bela, dit is Tsoar, en hulle in die vallei Siddim in slagorde teen hulle opgestel,

⁹ teen Kadorla'omer, die koning van Ēlam, en Tid'al, die koning van Ğojim, en Amrafel, die koning van Shin'ar, en Arjog, die koning van Ellasar: vier konings teen vyf.

¹⁰ En die vallei Siddim was vol pik putte. En die konings van Sedom en Amorra het gevlug, en hulle het daarin geval, en die oorblywendes het na die berg gevlug.

¹¹ En hulle het al die goed van Sedom en Amorra en al hulle voedsel geneem en weggegaan.

¹² En hulle het Lot, Abram se broer se seun, wat in Sedom gewoon het, en al sy goed geneem en weggegaan.

¹³ En daar het een gekom wat ontsnap het, en dit vir Abram vertel, die Iḃri, wat was by die terpentynbome van Mamrê gewoon het, die Amori, broer van Eshkol en broer van Aněr, en hulle het 'n verbond met Abram gehad.

¹⁴ En toe Abram gehoor het dat sy broer gevangene geneem is, het hy sy drie honderd en agtien geofende manne wat in sy huis gebore is, laat uittrek, en hulle tot by Dan agtervolg.

¹⁵ En hy het hulle in die nag van verskillende kante aangeval, hy en sy dienaars, en hulle verslaan en hulle agtervolg tot by Ḥoba wat noord van Damesek lê.

¹⁶ En hy het al die goed teruggebring, en ook sy broer Lot en sy goed teruggebring en ook die vrouens en die mans.

¹⁷ En na sy terugkeer van die slag op Kadorla'omer en die konings wat saam met hom was, het die koning van Sedom hom tegemoet gegaan na die vallei Shawě, dit is die Koningsvallei.

¹⁸ En Malki-Tsedek, die koning van Shalēm, 'n priester van die Allerhoogste Ēl, het brood en wyn gebring

¹⁹ en hom geseën en gesê: "Geseënd is Abram deur die Allerhoogste Ēl, die Skepper van hemel en aarde.

²⁰ En geseënd is die Allerhoogste Ēl, wat u vyande in u hand gegee het." En hy het hom 'n tiende van alles gegee.

²¹ En die koning van Sedom het vir

B'RĚSHIET 16

Abram gesê: "Gee my die mense, maar neem die goed vir uself."

²² En Abram het vir die koning van Sedom gesê: "Ek het my hand opgelig tot יהוה, die Allerhoogste Ēl, die Skepper van hemel en aarde,

²³ dat ek geen draad en geen skoenriem, en ek niks sal neem van alles wat u s'n is nie, sodat u nie kan sê nie: 'Ek het Abram ryk gemaak.'

²⁴ "Niks vir my nie! Net wat die jong manne geëet het en die deel van die manne wat saam met my getrek het, Anēr, Eshkol en Mamrē, laat hulle hul deel neem."

15 Na hierdie dinge het die woord van יהוה na Abram in 'n gesig gekom en gesê: "Moenie vrees nie, Abram, Ek is jou skild en jou beloning is baie groot."

² En Abram het gesê: "Meester יהוה, wat sal U my gee, aangesien ek sonder kinders heengaan en die erfgenaam van my huis is Eliēzer van Damesek?"

³ En Abram het gesê: "Kyk, U het vir my geen saad gegee nie, en kyk, 'n seun van my huis sal my erfgenaam wees."

⁴ En kyk, die woord van יהוה het na hom gekom en gesê: "Hierdie een sal nie jou erfgenaam wees nie, maar die een wat uit jou liggaam sal kom, hy sal jou erfgenaam wees."

⁵ En Hy het hom uitgeneem na buite en gesê: "Kyk nou op na die hemele en tel die sterre indien jy hulle kan tel." En Hy het vir hom gesê: "So sal jou saad wees."

⁶ En hy het in יהוה geglo, en Hy het dit vir hom tot geregtigheid gereken.

⁷ En Hy het vir hom gesê: "Ek is יהוה wat jou uit Ur van Kasdim gelei het om hierdie land vir jou in besit te gee."

⁸ En hy het gesê: "Meester יהוה, waaraan sal ek weet dat ek dit in besit sal neem?"

⁹ En Hy het vir hom gesê: "Bring vir My 'n driejaaroud vers en 'n driejaaroud bokooi en 'n driejaaroud ram en 'n tortelduif en 'n jong duif."

¹⁰ En hy het dit alles vir Hom gebring en dit middeldeur gedeel en die helftes teenoor mekaar gelê, maar hy het die

voëls nie verdeel nie.

¹¹ En daar het roofvoëls op die dooie diere afgekom, maar Abram het hulle weggejaag.

¹² En terwyl die son ondergegaan het, het 'n diep slaap op Abram geval, en kyk, skrikwekkende groot duisternis het hom ooral.

¹³ En Hy het vir Abram gesê: "Weet verseker dat jou saad vreemdelinge sal wees in 'n land wat nie aan hulle behoort nie en sal hulle dien, en verdruk word vir vier honderd jaar.

¹⁴ "Maar Ek sal ook die nasie wie hulle sal dien, oordeel, en daarna sal hulle met baie goed uittrek.

¹⁵ "Maar jy sal in vrede na jou vaders gaan, jy sal in goeie ouderdom begrawe word.

¹⁶ "En die vierde geslag sal hierheen terugkom, want die ongeregtigheid van die Amori is nog nie voltooi nie."

¹⁷ En toe die son ondergegaan het en dit donker was, en kyk, 'n rokende oond en 'n brandende fakkelt het tussen daardie stukke vleis deurgegaan.

¹⁸ Op daardie dag het יהוה met Abram 'n verbond gesluit en gesê: "Ek gee hierdie land aan jou saad, vanaf die rivier van Mitsrajim tot by die groot rivier, die Praatrivier:

¹⁹ die Kēni en Kenizi en Kadmoniete

²⁰ en Ĥiti en Parizi en Rafaim

²¹ en Amori en Kanaāni en Ġirgashi en Jeḅusi."

16 En Sarai, die vrou van Abram, het vir hom geen kinders gebaar nie. En sy het 'n slavin gehad, 'n Mitsri, met die naam Haḡar.

² En Sarai het vir Abram gesê: "Kyk nou, יהוה het my nie toegelaat om kinders te baar nie. Gaan nou in by my slavin. Miskien sal ek uit haar gebou word." En Abram het na Sarai se stem geluister.

³ En Sarai, die vrou van Abram, het Haḡar, die Mitsri, haar slavin geneem en haar aan haar man Abram gegee om sy vrou te wees, nadat Abram tien jaar in die land Kanaān gewoon het.

B'RĚSHIET 17

⁴ En hy het by Haġar ingegaan, en sy het swanger geword. En toe sy sien dat sy swanger was, het haar meesteres veragtelik in haar oë geword.

⁵ En Saraï het vir Abram gesê: "My onreg is op jou! Ek het my slavin in jou skoot gegee, en nou dat sy sien dat sy swanger is, het ek veragtelik in haar oë geword. Laat יהוה tussen my en jou oordeel."

⁶ En Abram het vir Saraï gesê: "Kyk, jou slavin is in jou hand, doen met haar wat goed is in jou oë." En Saraï het haar sleg behandel, en sy het van haar af weggevlug.

⁷ En die boodskapper van יהוה het haar by 'n water oog in die woestyn gevind, by die oog op pad na Shur,

⁸ en hy het gesê: "Haġar, slavin van Saraï, van waar kom jy, en waarheen gaan jy?" En sy het gesê: "Ek vlug weg vanaf Saraï, my meesteres."

⁹ En die boodskapper van יהוה het vir haar gesê: "Gaan terug na jou meesteres en verneder jou onder haar hand."

¹⁰ En die boodskapper van יהוה het vir haar gesê: "Ek sal jou saad grootliks vermeerder, en weens die menigte kan dit nie getel word nie."

¹¹ En die boodskapper van יהוה het vir haar gesê: "Kyk, jy is swanger en sal 'n seun baar, en jy moet hom Jisma'ël^d noem, want יהוה het jou in jou ellende gehoor.

¹² "En hy sal 'n wilde mens wees, sy hand teen almal en almal se hand teen hom! En hy sal voor al sy broers woon."

¹³ En sy het die Naam van יהוה wat met haar gepraat het, uitgeroep: "U is Ĕl wat sien." Want sy het gesê: "Het ek ook hier Hom gesien wat my sien?"

¹⁴ Daarom noem hulle die put Be'ër Lagai-Roi. Kyk, dit is tussen Kaděsh en Bared.

¹⁵ En Haġar het vir Abram 'n seun gebaar; en Abram het die naam van sy seun wat Haġar gebaar het, Jisma'ël genoem.

¹⁶ En Abram was ses en tagtig jaar oud toe Haġar Jisma'ël vir Abram gebaar het.

17 En toe Abram nege en negentig jaar oud was, het יהוה aan Abram verskyn en vir hom gesê: "Ek is Ĕl Shadai. Wandel voor My en wees volmaak.

² "En Ek wil My verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder."

³ En Abram het op sy gesig geval, en Elohim het met hom gepraat en gesê:

⁴ "Kyk Ek, My verbond is met jou, en jy sal die vader van menige nasies word.

⁵ "En jou naam sal nie meer Abram genoem word nie, maar jou naam sal Abraham wees, want Ek maak jou 'n vader van menige nasies.

⁶ "En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak. Ek sal nasies van jou maak, en konings sal uit jou voortkom.

⁷ "En Ek sal My verbond oprig tussen My en jou en jou saad na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om jou Elohim te wees en vir jou saad na jou.

⁸ "En Ek sal aan jou en jou saad na jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as 'n ewige besitting. En Ek sal hulle Elohim wees."

⁹ En Elohim het vir Abraham gesê: "Maar jy moet My verbond hou, jy en jou saad na jou, deur hulle geslagte.

¹⁰ "Dit is My verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou saad na jou: Almal wat manlik is tussen julle, moet besny word.

¹¹ "En julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word, en dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle.

¹² "En 'n seuntjie van agt dae moet tussen julle besny word, almal wat manlik is in julle geslagte. Die wat in jou huis gebore is, en die wat van enige vreemdeling met geld gekoop is, wat nie van jou geslag is nie.

¹³ "Hy wat in jou huis gebore en wat met jou geld gekoop is, moet sekerlik besny word. So moet My verbond in julle vlees wees as 'n ewige verbond.

¹⁴ "En die onbesnede man, wat nie aan die vlees van sy voorhuid besny is nie -

^d Elohim Hoer

B'RĚSHIET 18

sy lewe moet uit sy volksgenote afgesny word, hy het My verbond verbreek.”

¹⁵ En Elohim het vir Abraham gesê: “Sarai, jou vrou, moenie haar naam Sarai noem nie, maar haar naam sal Sara wees.

¹⁶ “En Ek sal haar seën en jou uit haar ook ’n seun gee. En Ek sal haar seën, en sy sal nasies word – konings van volke sal uit haar voortkom.”

¹⁷ En Abraham het op sy gesig geval, en gelag en sê in sy hart: “Kan daar vir een wat honderd jaar oud is, ’n kind gebore word? Of kan Sara, wat negentig jaar oud is, baar?”

¹⁸ En Abraham het vir Elohim gesê: “Ag, mag Jisma’ël voor U leef!”

¹⁹ En Elohim het gesê: “Nee, jou vrou Sara sal vir jou ’n seun baar, en jy moet sy naam Jitshak noem. En Ek sal My verbond met hom oprig as ’n ewige verbond vir sy saad na hom.

²⁰ “En wat Jisma’ël betref, het Ek jou gehoor. Kyk, Ek seën hom en maak hom vrugbaar en vermeerder hom grootliks. Hy sal twaalf prinse verwek, en Ek sal hom ’n groot nasie maak.

²¹ “Maar My verbond sal Ek met Jitshak oprig wat Sara vir jou volgende jaar op hierdie tyd sal baar.”

²² En nadat Hy klaar met hom gepraat het, het Elohim van Abraham af opgevaar.

²³ En Abraham Jisma’ël sy seun geneem en almal wat in sy huis gebore is, en almal wat met sy geld gekoop is, almal wat manlik was tussen die mense in die huis van Abraham, en hy het die vlees van hul voorhuid nog op daardie selfde dag besny, soos Elohim hom gesê het.

²⁴ En Abraham was nege en negentig jaar oud toe hy aan die vlees van sy voorhuid besny is.

²⁵ En sy seun Jisma’ël was dertien jaar oud toe hy aan die vlees van sy voorhuid besny is.

²⁶ Abraham en sy seun Jisma’ël is op daardie selfde dag besny

²⁷ en al die mans van sy huis - die wat in

sy huis gebore en die wat van vreemdelinge met geld gekoop is, is saam met hom besny.

18 En יהוה het aan hom verskyn by die terpentynbome van Mamre terwyl hy op die warmste van die dag by die ingang van die tent gesit het.

² En hy sy oë oppelig en gekyk, en drie mans voor hom sien staan. En toe hy hulle gesien het, het hy vanaf die ingang van die tent gehardloop om hulle te ontmoet en hom na die aarde toe gebuig.

³ En hy het gesê: יהוה, indien ek nou guns in U oë gevind het, gaan dan tog nie by U dienaar verby nie.

⁴ “Laat hulle tog ’n bietjie water bring, en was U voete, en rus onder die boom.

⁵ “En laat ek ’n stukkie brood gaan haal, en versterk U harte. Daarna kan U verder gaan, want daarom het U by U dienaar aangekom.” En hulle het gesê: “Doen soos u gesê het.”

⁶ En Abraham het in die tent na Sara gehaas en gesê: “Maak gou! Knie drie mate fyn meel, en maak roosterkoeke.”

⁷ En Abraham na die beeste gehardloop en ’n jong, mooi kalf geneem en dit vir die jong man gegee, wat dit gou voorberei het.

⁸ En hy het dikmelk en soetmelk geneem en die kalf wat hy klaargemaak het, en dit aan hulle voor gesit, en hy het by hulle onder die boom bly staan, en hulle het geëet.

⁹ En hulle het vir hom sê: “Waar is Sara, u vrou?” En hy het gesê: “Daar in die tent.”

¹⁰ En Hy het gesê: “Ek sal sekerlik weer na jou toe kom volgens die tyd van lewe, en kyk, jou vrou Sara sal ’n seun hê.” En Sara het by die ingang van die tent geluister wat agter hom was.

¹¹ Maar Abraham en Sara was oud, gevorderd in dae. Met Sara het die reël van die vrouens opgehou.

¹² En Sara het by haarself gelag en gesê: “Sal ek genot hê nadat ek oud geword het en my meester oud is?”

B'RĚSHIET 19

¹³ En יהוה het vir Abraham gesê: "Waarom het Sara gelag en gesê: 'Sou ek waarlik baar nou dat ek oud geword het?'"

¹⁴ "Sou iets vir יהוה te wonderbaar wees? Op die bepaalde tyd, sal Ek na jou terugkom, en Sara sal 'n seun hê."

¹⁵ Maar Sara het dit ontken en gesê: "Ek het nie gelag nie", want sy was bang. Maar Hy het gesê: "Nee, maar jy het gelag."

¹⁶ En die mans van daar opgestaan, en hulle het na die kant van Sedom gekyk, en Abraham het saam met hulle gegaan om hulle weg te stuur.

¹⁷ En יהוה het gesê: "Sal Ek vir Abraham verberg wat Ek gaan doen,

¹⁸ terwyl Abraham tog sekerlik 'n groot en magtige nasie sal word en al die nasies van die aarde in hom geseën sal word?"

¹⁹ "Want Ek ken hom, dat hy aan sy kinders en sy huis na hom sal beveel dat hulle die weg van יהוה moet hou om geregtigheid en reg te doen, sodat יהוה oor Abraham kan bring wat Hy oor hom gesê het."

²⁰ En יהוה het gesê: "Omdat die geroep oor Sedom en Amorra groot is, en omdat hulle sonde baie swaar is,

²¹ wil Ek neerdaal en sien of hulle heeltemal gehandel het soos die uitroep teen hulle wat by My gekom het of nie, Ek sal weet."

²² En die mans het van daar weggedraai en na Sedom gegaan, maar יהוה het steeds voor Abraham bly staan.

²³ En Abraham het nader gekom en gesê: "Sal U ook die regverdige saam met die bose verteer?"

²⁴ "Miskien is daar vyftig regverdiges binne die stad, sal U hulle ook verteer en die plek nie spaar ter wille van die vyftig regverdiges wat daarin is nie?"

²⁵ "Dit is ver van U om so iets te doen: om die regverdige saam met die bose te verteer, sodat die regverdige gelyk is met die bose. Dit is ver van U! Sal die Regter van die hele aarde geen reg doen nie?"

²⁶ En יהוה het gesê: "Indien Ek in Sedom vyftig regverdiges binne die stad vind,

dan sal Ek die hele plek spaar om hulle ontwil."

²⁷ En Abraham het geantwoord en gesê: "Kyk nou, ek het dit gewaag om met יהוה te praat alhoewel ek stof en as is.

²⁸ "Miskien ontbreek vyf van die vyftig regverdiges, sal U ter wille van vyf die hele stad verwoes?" En Hy het gesê: "Ek sal dit nie verwoes indien Ek vyf en veertig daar vind nie."

²⁹ En hy het weereens met Hom gepraat en gesê: "Miskien word daar veertig gevind?" En Hy het gesê: "Ek sal dit ter wille van veertig nie doen nie."

³⁰ En hy het gesê: "Laat יהוה tog nie toornig wees nie, en mag ek nog iets sê. Miskien word daar dertig gevind?" En Hy antwoord: "Ek sal dit nie doen as Ek dertig daar vind nie."

³¹ En hy het gesê: "Kyk nou, ek het dit gewaag om met יהוה te praat. Miskien word daar twintig gevind?" En Hy het gesê: "Ek sal dit ter wille van twintig nie verwoes nie."

³² En hy het gesê: "Laat יהוה tog nie toornig wees nie en laat my net hierdie keer praat. Miskien word daar tien gevind?" En Hy het gesê: "Ek sal dit ter wille van tien nie verwoes nie."

³³ En יהוה het weggegaan toe Hy opgehou het om met Abraham te praat, en Abraham het na sy plek teruggekeer.

19 En die twee boodskappers het in die aand in Sedom aangekom, en Lot het in die poort van Sedom gesit. En toe Lot hulle sien, het hy opgestaan om hulle te ontmoet en hom met die gesig na die aarde toe gebuig

² en gesê: "Kyk nou, my meesters, draai tog uit na die huis van u dienaar en bly die nag oor en was u voete, staan vroeg op en sit u reis voort." En hulle het gesê: "Nee, ons sal op die plein oornag."

³ Maar hy het baie by hulle aangedring, en hulle het na hom uitgedraai en in sy huis gekom. En hy het vir hulle 'n feesmaal berei en ongesuurde brood gebak, en hulle het geëet.

⁴ Voor hulle gaan lê het, het die mans

B'RĚSHIET 19

van die stad, die mans van Sedom, die huis omsingel – jonk en oud, die hele bevolking, van elke uithoek.

⁵ En hulle het na Lot geroep en vir hom gesê: “Waar is die mans wat vannag na jou gekom het? Bring hulle na ons toe uit, dat ons hulle kan beken.”

⁶ En Lot na hulle toe uitgegaan deur die ingang en die deur agter hom toegemaak ⁷ en gesê: “Asseblief, my broers, moet nie kwaad doen nie.

⁸ “Kyk nou, ek het twee dogters wat geen man beken het nie. Laat ek hulle na julle uitbring, en doen met hulle soos dit goed is in julle oë. Net aan hierdie mans moet julle niks doen nie, want daarom het hulle onder die skaduwee van my dak ingekom.”

⁹ En hulle het gesê: “Gaan weg!” En hulle het gesê: “Hierdie een het gekom om hier as vreemdeling te vertoef en wil nou gedurig die baas speel. Nou sal ons jou meer kwaad doen as aan hulle.” En hulle het baie op die man, op Lot, aangedring en nader gekom om die deur oop te breek.

¹⁰ Maar die mans het hul hande uitgesteek en Lot by hulle in die huis gebring en die deur toegemaak.

¹¹ En hulle het die mans wat by die ingang van die huis was, klein en groot, met blindheid geslaan, sodat hulle tevergeefs na die deur gesoek het.

¹² En die mans het vir Lot gesê: “Het jy nog ander hier? ʾn Skoonseun en jou seuns en jou dogters en almal wat jy in die stad het, bring hulle uit die plek.

¹³ Want ons gaan hierdie plek verwoes, omdat die geroep oor hulle groot is voor die ʾיהוה, en ʾיהוה het ons gestuur om dit te verwoes.”

¹⁴ En Lot het uitgegaan en met sy skoonseuns wat met sy dogters sou trou gepraat, en gesê: “Staan op, gaan uit hierdie plek, want ʾיהוה gaan die stad verwoes.” Maar hy was in die oë van sy skoonseuns soos een wat gekkeer.

¹⁵ En toe die dag begin breek, het die boodskappers by Lot aangedring en

gesê: “Staan op, neem jou vrou en jou twee dogters wat by jou is, dat jy nie weens die ongeregtigheid van die stad verteer word nie.”

¹⁶ En hy het nog getalm. En die mans het hom en sy vrou en sy twee dogters aan die hand gegryp, omdat ʾיהוה medelye vir hom het, en hulle het hom uitbring en hom buitekant die stad gelaat.

¹⁷ En toe hulle hul na buite gebring het, het hy gesê: “Vlug vir jou lewe! Moenie omkyk nie, en moenie êrens in die Jarděnstreek bly staan nie. Vlug na die berge, dat jy nie verteer word nie!”

¹⁸ En Lot het vir hulle gesê: “Ag nee, ʾיהוה!

¹⁹ “Kyk tog, U dienaar het guns in U oë gevind, en U het U guns groot gemaak wat U aan my bewys het deur my in die lewe te hou. Maar ek is nie in staat om na die berge te vlug sonder dat die teespoed my inhaal en ek sterf nie.

²⁰ “Kyk nou, hierdie stad is naby om daarheen te vlug, en dit is klein. Laat my asseblief daarheen vlug - is dit nie klein nie? En ek kan lewe!”

²¹ En hy het vir hom gesê: “Kyk, ek begunstig jou ook in hierdie saak, ek sal die stad waarvan jy gepraat het, nie omkeer nie.

²² “Maak gou, vlug daarheen, want ek kan niks doen voordat jy daar aankom nie.” Daarom word die stad Tsoar genoem.

²³ Die son het oor die aarde opgekrom toe Lot in Tsoar aangekom het.

²⁴ En ʾיהוה het swael en vuur oor Sedom en Amorra laat reën van ʾיהוה uit die hemel,

²⁵ en Hy het hierdie stede omgekeer en die hele gebied, en al die inwoners van die stede en wat op die grond groei.

²⁶ En sy vrou het agter hom omgekyk, en sy het ʾn soutpilaar geword.

²⁷ En Abraham is vroeg in die môre na die plek waar hy voor ʾיהוה gestaan het,

²⁸ en hy het oor Sedom en Amorra uitkyk en oor die hele land van die gebied. En kyk, hy het gesien dat die rook van die

B'RĚSHIET 20

land optrek soos die rook van 'n smeltoond.

²⁹ En toe Elohim die stede van die gebied verwoes het, het Elohim aan Abraham gedink en Lot uit die omkeer gebring toe Hy die stede omgekeer het waarin Lot gewoon het.

³⁰ En Lot het uit Tsoar opgetrek en saam met sy twee dogters in die berge gaan woon, want hy was bang om in Tsoar te bly. En hy het saam met sy twee dogters in 'n grot gaan woon.

³¹ En die oudste dogter het vir die jongste gesê: "Ons vader is oud, en daar is geen man op die aarde om, volgens die reël van die hele aarde, by ons in te kom nie.

³² "Kom, laat ons vir ons vader wyn gee om te drink en lê by hom, sodat ons ons vader se saad in die lewe kan hou."

³³ En hulle het daardie nag hulle vader laat wyn drink, en die oudste het gekom en by haar vader gelê, en hy het nie besef wanneer sy gaan lê en wanneer sy opstaan het nie.

³⁴ En die volgende dag het die oudste vir die jongste gesê: "Kyk, ek het verlede nag by my vader gelê. Laat ons hom vannag weer wyn gee om te drink, dan gaan jy in, en lê by hom, sodat ons ons vader se saad kan hou."

³⁵ En hulle het daardie nag hulle vader weer laat wyn drink, en die jongste het opgestaan en gy hom gelê, en hy het nie besef wanneer sy gaan lê en wanneer sy opstaan het nie.

³⁶ So het albei dogters van Lot by hulle vader swanger geword.

³⁷ En die oudste het 'n seun gebaar en hom Moab genoem. Hy is die vader van Moab van vandag.

³⁸ En die jongste het ook 'n seun gebaar en hom Ben-Ammi genoem. Hy is die vader van die kinders Ammon van vandag.

20 En Abraham het van daar weggetrek na die land in die Suide en gaan woon tussen Kaděsh en Shur en in Ġerar as vreemdeling vertoef.

² En Abraham het van Sara, sy vrou, gesê: "Sy is my suster." En Abimeleg, die koning van Ġerar het gestuur, en Sara laat neem.

³ Maar Elohim het in die nag by Abimeleg in 'n droom gekom en vir hom gesê: "Kyk, jy is 'n dooie man weens die vrou wat jy geneem het, want sy is met 'n man getroud."

⁴ Maar Abimeleg het nog nie naby haar gekom nie, en hy het gesê: "יְהוָה, sal U ook 'n regverdige nasie doodmaak?"

⁵ "Het hy nie vir my gesê nie: 'Sy is my suster?' En sy het self ook gesê: 'Hy is my broer.' In die onskuld van my hart en in die reinheid van my hande het ek dit gedoen."

⁶ En Elohim vir hom in die droom gesê: "Ja, Ek weet dat jy dit in die onskuld van jou hart gedoen het, en Ek het jou ook teruggehou om nie teen My te sondig nie. Daarom het Ek jou nie toegelaat om haar aan te raak nie.

⁷ "En nou, gee die man se vrou terug, want hy is 'n profeet, en hy sal vir jou bid, dat jy kan lewe. Maar indien jy haar nie teruggee nie, weet dan dat jy verseker sal sterf, jy en almal wat joune is."

⁸ Abimeleg het die môre vroeg opgestaan en al sy dienaars geroep en die hele saak voor hulle ore vertel. En die mans was baie bang.

⁹ En Abimeleg het Abraham laat roep en vir hom gesê: "Wat het jy aan ons gedoen? En wat het ek teen jou gesondig, dat jy oor my en my koninkryk 'n groot sonde gebring het? Dinge wat nie mag gebeur nie, het jy aan my gedoen."

¹⁰ En Abimeleg het vir Abraham gesê: "Wat het jy gesien dat jy dit gedoen het?"

¹¹ En Abraham het gesê: "Ek het gedink daar is regtig geen vrees vir Elohim in hierdie plek nie, sodat hulle my oor my vrou sal doodmaak.

¹² "En ja, sy is werklik my suster. Sy is my vader se dogter, maar nie my moeder se

B'RĚSHIET 21

dogter nie, en sy het my vrou geword.

¹³ "En toe Elohim my uit die huis van my vader laat swerf het, het ek vir haar gesê: 'Dit is die guns wat jy van jou kant aan my moet bewys – op elke plek waar ons kom, moet jy van my sê: "Hy is my broer".'"

¹⁴ En Abimeleg het kleinvee en beeste geneem, en slawe en slavinne, en dit vir Abraham gegee. En hy het sy vrou Sara vir hom teruggegee.

¹⁵ En Abimeleg het gesê: "Daar lê my land voor jou oop, woon waar dit goed is in jou oë."

¹⁶ En vir Sara het hy gesê: "Hier gee ek vir jou broer duisend sikkels silwer. Kyk, dit is vir jou 'n bedekking van die oë met betrekking tot elkeen wat by jou is, sodat jy voor almal geregverdig is."

¹⁷ En Abraham het tot Elohim gebid, en Elohim het Abimeleg gesond gemaak, en sy vrou en sy slavinne, sodat hulle kon baar.

¹⁸ Want יהוה het elke moederskoot van die huis van Abimeleg heeltemal toegesluit weens Sara, Abraham se vrou.

21 En יהוה het Sara besoek soos Hy beloop het, en יהוה het aan Sara gedoen soos Hy gesê het.

² Sara het swanger geword en vir Abraham in sy ouderdom 'n seun gebaar op die bepaalde tyd wat Elohim gesê het.

³ En Abraham het die naam van sy seun wat vir hom gebore is, wat Sara vir hom gebaar het, Jitshak genoem.

⁴ En Abraham het sy seun Jitshak besny toe hy agt dae oud was, soos Elohim hom beveel het.

⁵ En Abraham was honderd jaar oud toe sy seun Jitshak vir hom gebore is.

⁶ En Sara het gesê: "Elohim het 'n gelag van my gemaak: elkeen wat dit hoor, sal oor my lag."

⁷ En sy het gesê: "Wie kon ooit aan Abraham gesê het: 'Sara soog kinders?' Want ek het 'n seun in sy ouderdom gebaar."

⁸ En die kind het opgegroeï en is gespeen. En Abraham het 'n groot

feesmaal gehou op die dag toe Jitshak gespeen is.

⁹ En Sara het gesien hoe die seun van Haġar, die Mitsri, wat sy vir Abraham gebaar het, spot,

¹⁰ en sy het vir Abraham gesê: "Jaag hierdie slavin en haar seun weg, want die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun Jitshak erf nie."

¹¹ En die woord was baie verkeerd in die oë van Abraham weens sy seun.

¹² Maar Elohim het vir Abraham gesê: "Laat dit nie verkeerd wees in jou oë weens die seun en van jou slavin nie. Luister na Sara in alles wat sy vir jou sê, want in Jitshak word jou saad genoem."

¹³ "En Ek sal ook die seun van die slavin 'n nasie maak, omdat hy jou saad is."

¹⁴ En Abraham het die mōre vroeg opgestaan, en hy het brood en 'n sak met water geneem en dit vir Haġar gegee deur dit op haar skouer te sit, en ook die seun, en haar weggestuur. En sy het geloop en in die woestyn van Be'ēr-Sheba geswerf.

¹⁵ En toe die water in die sak klaar was, het sy die kind onder een van die bosse neergegooi

¹⁶ en geloop en oorkant hom gaan sit so 'n boogskot ver, want sy het gesê: "Ek wil nie die dood van die seun sien nie." En sy het op oorkant hom gaan sit en haar stem verhef en gehuil.

¹⁷ En Elohim die stem van die seun gehoor, en die boodskapper van Elohim het uit die hemel na Haġar geroep en vir haar gesê: "Wat is dit met jou, Haġar? Wees nie bevrees nie, want Elohim het na die stem van die seun geluister op die plek waar hy is.

¹⁸ "Staan op, tel die seun op en hou hom vas met jou hand, want Ek sal hom 'n groot nasie maak."

¹⁹ En het Elohim haar oë geopen, en sy het 'n put gesien! En sy het geloop en die sak vol water gemaak en die seun laat drink.

²⁰ En Elohim was met die seun, en hy het opgegroeï en in die woestyn gewoon en

B'RĚSHIET 22

'n boogskutter geword.

²¹ Hy het in die woestyn Paran gewoon. En sy moeder het vir hom 'n vrou uit die land van Mitsrajim geneem.

²² En in daardie tyd het Abimeleg en Pigol, sy leërowerste, met Abraham gepraat en gesê: "Elohim is met jou in alles wat jy doen."

²³ "En nou, sweer vir my hier by Elohim dat jy nie ontrou met my en my kroos en my nageslag sal wees nie. Bewys dieselfde guns wat ek jou bewys het, aan my en aan die land waarin jy bly."

²⁴ En Abraham het gesê: "Ek sweer."

²⁵ Maar Abraham het Abimeleg aangespreek oor 'n put wat die dienaars van Abimeleg met geweld geneem het.

²⁶ En Abimeleg het gesê: "Ek weet nie wie dit gedoen het nie, en jy het my ook nie vertel nie, en ek het ook niks daar van gehoor nie tot vandag."

²⁷ En Abraham het kleinvee en beeste geneem en dit vir Abimeleg gegee, en hulle twee het 'n verbond gesluit.

²⁸ En Abraham het die sewe ooilammers van die kleinvee eenkant gesit.

²⁹ En Abimeleg het vir Abraham gesê: "Wat beteken hierdie sewe ooilammers wat jy eenkant gesit het?"

³⁰ En hy het gesê: "Neem jy die sewe ooilammers uit my hand, sodat dit vir my 'n getuienis kan wees dat ek hierdie put gegrawe het."

³¹ Daarom noem hulle daardie plek Be'ër-Sheba, omdat hulle twee daar gesweer het.

³² En hulle het 'n verbond gesluit in Be'ër-Sheba. Daarna het Abimeleg en Pigol, sy leërowerste, opgestaan en na die land van die Palishtim teruggegaan.

³³ En hy het 'n tamarisk in Be'ër-Sheba geplant en daar die Naam van יהוה, die ewige Ēl, aangeroop.

³⁴ En Abraham het baie dae as vreemdeling in die land van die Palishtim vertoef.

22 En na hierdie dinge het Elohim Abraham op die proef gestel en vir hom gesê: "Abraham!" En hy het gesê: "Hier

is ek!"

² En Hy het gesê: "Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Jitshak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal sê."

³ En Abraham het die môre vroeg opgestaan en sy donkie opgesaal en twee van sy dienaars en sy seun Jitshak saam met hom geneem. En hy het hout gekloof vir 'n brandoffer en opgestaan en na die plek gegaan wat Elohim hom gesê het.

⁴ En op die derde dag het Abraham sy oë opgelig en die plek van ver af gesien.

⁵ En Abraham het vir sy dienaars gesê: "Bly julle hier met die donkie en ek en die seun gaan daarheen om te aanbid en kom dan na julle terug."

⁶ En Abraham het die hout vir die brandoffer geneem en dit op sy seun Jitshak gesit, en die vuur en die mes in sy hand geneem. En hulle twee het saam geloop.

⁷ En Jitshak het met sy vader Abraham gepraat en gesê: "My vader!" En hy het gesê: "Hier is ek, my seun!" En hy het gesê: "Hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir 'n brandoffer?"

⁸ En Abraham het gesê: "Elohim sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun." En hulle twee het saam geloop.

⁹ En hulle het op die plek gekom wat Elohim hom gesê het, en Abraham het daar die altaar gebou en die hout reggepak. En hy het sy seun Jitshak gebind en hom op die altaar bo-op die hout gesit.

¹⁰ En Abraham het sy hand uitgesteek en die mes geneem om sy seun te slag.

¹¹ Maar die boodskapper van יהוה het na hom van die hemele af geroep en gesê: "Abraham, Abraham!" En hy het gesê: "Hier is ek!"

¹² En hy het gesê: "Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen niks aan hom nie, want nou weet Ek dat jy Elohim vrees en jou seun, jou enigste, van My

B'RĚSHIET 23

nie teruggehou het nie."

¹³ En Abraham het sy oë opgelig en gekyk, en hy het 'n ram gesien wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het. En Abraham het gegaan en die ram geneem en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer.

¹⁴ En Abraham het daardie plek "יהוה Jire," genoem soos vandag nog gesê word: "Op die berg waar יהוה sien."

¹⁵ En die boodskapper van יהוה het 'n tweede keer na Abraham van die hemele af geroep

¹⁶ en sê: "Ek sweer by Myself", verklaar יהוה, "omdat jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie,

¹⁷ dat Ek jou in seëninge sal seën en jou saad in vermeerdering sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is, en jou saad sal die poort van sy vyande in besit neem.

¹⁸ "En in jou saad sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na My stem geluister het."

¹⁹ En Abraham het na sy dienaars teruggekeer; en hulle het opgestaan en saam na Be'ër-Sheḅa gegaan. En Abraham het in Be'ër-Sheḅa bly woon.

²⁰ En na hierdie dinge het hulle aan Abraham berig gebring en gesê: "Kyk, Milka het ook vir jou broer Naḥor seuns gebaar.

²¹ Uts, sy eersgeborene, en Buz, sy broer, en Kemu'ël, die vader van Aram,

²² ook Kesed en Ḥazo en Pildash en Jidlaf en Betu'ël.

²³ En Betu'ël was die vader van Ribka. Hierdie agt het Milka vir Naḥor, die broer van Abraham, gebaar.

²⁴ En sy byvrou met die naam Reüma, sy het ook Teḅag en Gaḥam en Taḥash en Maāga gebaar.

23 En die lewe van Sara was honderd sewe en twintig jaar, die lewensjare van Sara.

² En Sara het in Kirjat-Arba gesterf, dit is Heḅron, in die land Kanaän, en Abraham

het gekom om oor Sara te treur en haar te beweën.

³ En Abraham het opgestaan, van sy dooie af weg, en met die seuns van Ḥĕt gepraat en gesê:

⁴ "Ek is 'n vreemdeling en bywoner tussen julle. Gee my 'n graf as besitting by julle, dat ek my dooies weg van my af kan begrawe."

⁵ En die seuns van Ḥĕt het Abraham geantwoord en vir hom gesê:

⁶ "Luister na ons, my meester! U is 'n prins van Elohim tussen ons. Begrawe u dooies in die beste graf wat ons het. Niemand van ons sal u sy graf weier om u dooies te begrawe nie."

⁷ En Abraham het opgestaan en hom voor die mense van die land gebuig, voor die seuns van Ḥĕt,

⁸ en hy het met hulle gepraat en gesê: "Indien julle dit goedvind dat ek my dooies weg van my af begrawe, luister dan na my en tree vir my in by Efron, die seun van Tsoḥar,

⁹ dat hy aan my die grot van Magpĕla gee wat aan hom behoort, wat aan die end van sy grond lê. Laat hy dit vir die volle som aan my gee, dat ek 'n graf tussen julle mag besit."

¹⁰ En Efron het tussen die seuns van Ḥĕt gesit. En Efron, die Ḥiti, het vir Abraham voor die ore van die seuns van Ḥĕt geantwoord, van almal wat in die poort van sy stad ingegaan het en gesê:

¹¹ "Nee, my meester, luister na my. Die grond gee ek aan u en die grot wat daarin is, dit gee ek aan u. Voor die oë van die seuns van my mense gee ek dit aan u, begrawe u dooies."

¹² En Abraham het hom voor die mense van die land neergebuig

¹³ en met Efron gepraat voor die ore van die volk van die land en gesê: "Ja, as u net na my sal luister! Ek sal die geld vir die grond gee, neem dit van my, dat ek my dooies daar kan begrawe."

¹⁴ En Efron het Abraham geantwoord en vir hom gesê:

¹⁵ "My meester, luister na my. Die grond

B'RĚSHIET 24

is vier honderd sikkels silwer! Wat is dit tussen my en u? Begrawe dus u dooies.”

¹⁶ En Abraham het na Efron geluister, en Abraham het vir Efron die silwer afgeweeg waarvan hy gepraat het voor die ore van die seuns van Hĕt - vier honderd sikkels silwer, geld van die handelaar.

¹⁷ En so het die grond van Efron wat in Magpĕla teenoor Mamrĕ lĕ, die grond en die grot wat daarin is, en al die bome op die grond wat op die hele gebied daarvan rondom staan,

¹⁸ die eiendom van Abraham geword voor die oĕ van die seuns van Hĕt, voor almal wat in die poort van sy stad ingegaan het.

¹⁹ En hierna het Abraham sy vrou Sara in die grot van die stuk grond van Magpĕla begrawe, teenoor Mamrĕ, dit is Hĕbron, in die land Kanaän.

²⁰ En so is die grond en die grot wat daarin was, deur die seuns van Hĕt aan Abraham afgestaan as eiendom vir 'n graf.

24 En Abraham was oud en ver op sy dae, en יהוה het Abraham in alles geseën.

² En Abraham het vir sy dienaar, die oudste van sy huis wat die opsig gehad het oor al sy goed, gesê: “Lĕ tog jou hand onder my heup,

³ dat ek jou kan laat sweer by יהוה, die Elohim van die hemele en die Elohim van die aarde, dat jy vir my seun geen vrou uit die dogters van die Kanaänim tussen wie ek woon sal neem nie,

⁴ maar dat jy na my land en my familie sal gaan om vir my seun Jitshak 'n vrou te neem.”

⁵ En die dienaar het vir hom gesê: “Miskien sal die vrou my nie na hierdie land wil volg nie. Moet ek u seun dan maar terugneem na die land waaruit u gekom het?”

⁶ En Abraham het vir hom gesê: “Pasop dat jy my seun nie weer daarheen neem nie.

⁷ יהוה, die Elohim van die hemele, wat

my uit my vader se huis en uit my geboorteland geneem het, en wat met my gepraat en vir my gesweer het, het gesê: ‘Aan jou saad sal Ek hierdie land gee,’ Hy sal Sy boodskapper voor jou uit stuur, en jy moet vir my seun daar 'n vrou gaan haal.

⁸ “En indien die vrou jou nie wil volg nie, dan is jy ontslae van hierdie eed aan my. Jy moet net my seun nie weer daarheen neem nie.”

⁹ Toe het die dienaar sy hand onder die heup van Abraham, sy meester, gelê en hy het vir hom gesweer, aangaande hierdie saak.

¹⁰ En die dienaar het tien kamele van die kamele van sy meester geneem en weggegaan met allerhande kosbare goed van sy meester in sy hand. Hy het opgestaan en na Aram-Naharajim,^e na die stad van Naħor, gegaan.

¹¹ En hy het die kamele laat kniel buite die stad by 'n put water, teen die aand, teen die tyd dat die vrouens uitgaan om water te skep.

¹² En hy het gesê: “יהוה, Elohim van Abraham, my meester, laat ek haar tog vandag ontmoet, en bewys guns aan Abraham, my meester.

¹³ “Kyk, hier staan ek by die fontein van water, en die dogters van die mans van die stad kom uit om water te skep.

¹⁴ “En laat dit nou gebeur dat die jong vrou vir wie ek sal sê: ‘Hou asseblief jou kruik, dat ek kan drink’, en sy sê: ‘Drink, en ek sal u kamele ook laat drink,’ dan is sy die een wat U bestem het vir U dienaar Jitshak, en ek sal daaraan weet dat U guns aan my meester bewys het.”

¹⁵ En nog voor hy klaar gepraat het, kyk, daar kom Riĭka uit wat vir Beturĕl, die seun van Milka, die vrou van Naħor, Abraham se broer, gebore is, met haar kruik op haar skouer.

¹⁶ En die jong vrou was baie mooi van aansien, 'n jongmeisie, en geen man het haar beken nie. En sy het afgegaan na

^e Ook bekend as Mesopotamië

B'RĚSHIET 24

die fontein en haar kruik volgemaak en weer opgekóm.

¹⁷ En die dienaar het gehaas om haar te ontmoet en gesê: "Laat my asseblief 'n bietjie water uit jou kruik drink."

¹⁸ En sy het gesê: "Drink, my meester!" En sy het gou haar kruik op haar hand laat afsak en hom laat drink.

¹⁹ En toe sy hom klaar laat drink het, het sy gesê: "Ek sal vir u kamele ook skep totdat hulle klaar gedrink het."

²⁰ En sy het gou haar kruik in die drinkbak leeggemaak en weer na die put gehaas om te skep en vir al sy kamele geskep.

²¹ En die man was in stille verwondering oor haar om te weet of יהוה sy weg voorspoedig gemaak het of nie.

²² En toe die kamele klaar gedrink het, het die man 'n goue neusring geneem, 'n halvesikkel in gewig, en twee armbande vir haar hande, tien sikkels goud in gewig.

²³ En hy het gesê: "Wie se dogter is jy? Vertel my asseblief, is daar plek vir ons in die huis van jou vader om te oornag?"

²⁴ En sy het vir hom gesê: "Ek is die dogter van Betu'ël, die seun van Milka wat sy vir Naḥor gebaar het."

²⁵ En sy het vir hom gesê: "Daar is ook strooi en voer in oornag by ons, ook plek om te oornag."

²⁶ En die man hom neer gebuig en יהוה aandid

²⁷ en gesê: "Geseënd is יהוה, die Elohim van my meester Abraham, wat Sy goedheid en Sy trou nie van my meester onttrek het nie. Wat my aangaan, יהוה het my op die weg gelei na die huis van die broers van my meester."

²⁸ En die jong vrou het gehardloop en in die huis van haar moeder vertel wat daar gebeur het.

²⁹ En Ribka het 'n broer gehad met die naam Laban, en Laban het uitgeloop na die man buite by die fontein.

³⁰ En toe hy die neusring en die armbande aan van sy suster se hande sien en die woorde van sy suster Ribka hoor, wat sê: "So het die man met my

gepraat", het hy na die man gegaan, en hy het hom by die kamele by die fontein gesien staan,

³¹ en gesê: "Kom in, geseënde van יהוה! Waarom staan jy buitekant? Want ek het die huis reggemaak en plek vir die kamele"

³² En die man het in die huis ingegaan, die kamele afgesaaal. En hy het vir die kamele strooi en voer gegee, en water om sy voete te was en die voete van die mans wat by hom was.

³³ En aan hom is voorgesit om te eet, maar hy het gesê: "Ek kan nie eet voordat ek my woord gepraat het nie." En hy het gesê: "Praat."

³⁴ En hy het gesê: "Ek is die dienaar van Abraham.

³⁵ "En יהוה het my meester baie geseën, en hy het groot geword. En Hy het hom kleinvee en beeste, silwer en goud, slawe en slavinne en kamele en donkies gegee.

³⁶ "En Sara, die vrou van my meester, het vir my meester 'n seun gebaar nadat sy al oud was. En hy het alles vir hom oorgegee wat hy besit.

³⁷ "En my meester het my laat sweer en gesê: 'Jy moet vir my seun 'n vrou neem uit die dogters van die Kanaani in wie se land ek woon nie,

³⁸ maar jy moet na die huis van my vader gaan en na my familie en vir my seun 'n vrou gaan haal.'

³⁹ "En ek het vir my meester gesê: 'Miskien sal die vrou my nie volg nie.'

⁴⁰ "Maar hy het vir my gesê: 'יהוה' voor wie ek wandel, sal Sy boodskapper met jou saamstuur, en Hy sal jou weg voorspoedig maak. En jy sal vir my seun 'n vrou uit my familie en uit die huis van my vader kan gaan haal.

⁴¹ "Dan sal jy ontslae wees van die eed aan my, wanneer jy by my familie kom en hulle haar nie aan jou wil gee nie, dan is jy ontslae van die eed aan my.'

⁴² "En vandag het ek toe by die fontein gekom en gesê: 'יהוה', Elohim van my meester Abraham, indien U nou my weg waar ek op gaan, voorspoedig wil maak,

B'RĚSHIET 24

⁴³ kyk, ek staan hier by die fontein van water, laat dit nou tog gebeur dat die jongmeisie wat uitkom om te skep en vir wie ek sal sê: "Laat my asseblief 'n bietjie water uit jou kruik drink",

⁴⁴ en sy sal vir my sê: "Drink, en ek sal ook vir u kamele skep", dat sy die vrou is wat יהוה vir my meester se seun bestem het.'

⁴⁵ "Ek het nog nie klaar in my hart gepraat nie, en kyk, Ribka het uitgekóm met haar kruik op die skouer en na die fontein afgegaan en geskep. Ek het toe vir haar gesê: 'Laat my asseblief drink!'

⁴⁶ En sy het gou haar kruik van haar laat afsak en gesê: 'Drink, en ek sal u kamele ook laat drink.' En ek het gedrink, en sy het ook die kamele laat drink.

⁴⁷ "En ek het haar gevra en gesê: 'Wie se dogter is jy?' En sy het gesê: 'Die dogter van Betu'el, die seun van Naħor wat Milka vir hom gebaar het.' En ek het die neusring aan haar neus gesit en die armbande aan haar hande,

⁴⁸ en ek het in aanbidding voor יהוה neergebuig en יהוה geloof, die Elohim van my meester Abraham, wat my op die regte weg gelei het om die dogter van my meester se broer vir sy seun te gaan haal.

⁴⁹ "En nou, indien julle guns en trou aan my meester wil bewys, vertel my, en indien nie, vertel my, dat ek regs of links kan gaan."

⁵⁰ En Laban en Betu'el het geantwoord en gesê: "Die saak kom van יהוה, ons kan nie kwaad of goed teenoor jou praat nie.

⁵¹ "Kyk, Ribka is voor jou, neem haar en gaan, dat sy 'n vrou kan wees vir jou meester se seun, soos יהוה gesê het."

⁵² En toe die dienaar van Abraham hulle woorde gehoor het, het hy hom voor יהוה na die aarde toe neergebuig.

⁵³ En die dienaar het silwer en goue goed en klere uitgehaal en dit aan Ribka gegee. Hy het ook aan haar broer en haar moeder kosbare geskenke gegee.

⁵⁴ En hulle het geëet en gedrink, hy en

die mans wat by hom was, en die nag oorgebly. En hulle het die môre opgestaan, en hy het gesê: "Stuur my weg na my meester!"

⁵⁵ Maar haar broer en haar moeder sê: "Laat die jong vrou 'n dag of tien by ons bly, daarna kan jy gaan."

⁵⁶ En hy het vir hulle gesê: "Moet my nie ophou nie aangesien יהוה my weg voorspoedig gemaak het, stuur my weg, dat ek na my meester kan gaan."

⁵⁷ En hulle het gesê: "Laat ons die jong vrou roep en haar vra."

⁵⁸ En hulle het Ribka geroep en vir haar gesê: "Wil jy saam met hierdie man gaan?" En sy het gesê: "Ek gaan."

⁵⁹ En hulle het Ribka, hul suster, en haar oppasser weggestuur saam met die dienaar van Abraham en sy manne.

⁶⁰ En hulle het Ribka geseën en vir haar gesê: "Ons suster, mag jy duisende van tien duisende word, en mag jou saad die poort van sy vyande in besit neem!"

⁶¹ En Ribka en haar diensmeisies het opgestaan en op die kamele weggery en die man gevolg. En die dienaar het Ribka geneem en vertrek.

⁶² En Jitshak het uit die rigting van die Be'ër Lagai-Roi gekom, want hy het in die land van die Suid gewoon.

⁶³ En Jitshak het teen die aand uitgegaan om in die veld te mediteer. En hy het sy oë opgelig, en kyk, hy het kamele sien aankom.

⁶⁴ En Ribka het haar oë opgelig en toe Jitshak sien, het sy van die kameel afgeklím

⁶⁵ en aan die dienaar gesê: "Wie is die man wat ons in die veld tegemoetloop?" En die dienaar het gesê: "Dit is my meester." En sy die sluier geneem en haar bedek.

⁶⁶ En die dienaar het Jitshak alles vertel wat hy gedoen het.

⁶⁷ En Jitshak het haar in die tent van sy moeder Sara gebring en Ribka geneem, en sy het sy vrou geword, en hy het haar liefgehad. En Jitshak is getroos na sy moeder.

25 En Abraham het weer 'n vrou geneem met die naam van Ketura.

² En sy het vir hom Zimran en Jokshan en Medan en Midjan en Jishbak en Shuag gebaar.

³ En Jokshan was die vader van Sheba en Dedan. En die seuns van Dedan was Asshurim, Letushim en Leümmim.

⁴ En die seuns van Midjan was Ęfa en Ęfer en Hanok en Abida en Eldaa. Hulle almal was seuns van Ketura.

⁵ En Abraham het alles wat hy besit het aan Jitshak gegee,

⁶ maar aan die seuns van die byvroue van Abraham het Abraham geskenke gegee terwyl hy nog gelewe het, en hulle van sy seun Jitshak af oos laat wegtrek, na die land van die ooste.

⁷ En dit is die dae van die lewensjare van Abraham wat hy geleef het: honderd vyf en sewentig jaar.

⁸ Abraham het sy asem uitgeblaas en in goeie ouderdom gesterf, oud en bevredig. En hy is by sy mense versamel.

⁹ En sy seuns Jitshak en Jisma'el het hom begrawe in die grot van Magpela, in die stuk grond van Efron, die seun van Tsohar, die Hiti, wat voor Mamre lê,

¹⁰ die stuk grond wat Abraham van die seuns van Het gekoop het. Daar is Abraham begrawe en sy vrou Sara.

¹¹ En na die dood van Abraham het Elohim sy seun Jitshak geseen. En Jitshak het by Be'ër Lagai-Roi gewoon.

¹² En dit is die geslagte van Jisma'el, die seun van Abraham, wat Haġar, die Mitsri, die slavin van Sara, vir Abraham gebaar het -

¹³ dit is die name van die seuns van Jisma'el, hulle name volgens hulle geslagte: die eersgeborene van Jisma'el, Nebajot; dan Kedar en Adbe'el en Mibsam

¹⁴ en Mishma en Duma en Massa,

¹⁵ Hadad en Tema, Jetur, Nafish en Kedema.

¹⁶ Dit is die seuns van Jisma'el, en dit hulle name, in hulle dorpe en laers, twaalf vorste volgens hulle stamme.

¹⁷ En dit is die lewensjare van Jisma'el: honderd sewe en dertig jaar. En hy het sy asem uitgeblaas en gesterf, en hy is by sy mense versamel.

¹⁸ En hulle het van Hawila tot by Shur gewoon wat oos van Mitsrajim lê in die rigting van Ashshur. Hy het hom teenoor al sy broers gevestig.

¹⁹ En dit is die geskiedenis van Jitshak, die seun van Abraham. Abraham was die vader van Jitshak.

²⁰ En Jitshak was veertig jaar oud toe hy Ribka, die dogter van Betu'el, die Arami uit Paddan-Aram, die suster van Laban, die Arami, vir hom as vrou geneem het.

²¹ En Jitshak het tot יהוה gebid vir sy vrou, want sy was onvrugbaar. En יהוה het hom verhoor, en sy vrou Ribka het swanger geword.

²² En die kinders het binne-in haar gestoei. En sy het gesê: "Indien dit reg is, hoekom is ek so?" En sy het gegaan om יהוה te vra.

²³ En יהוה het vir haar gesê: "Twee nasies is in jou skoot, en twee volke sal uit jou liggaam geskei word. En die een volk sal sterker wees as die ander volk, en die oudste sal die jongste dien."

²⁴ En toe haar dae vervul is dat sy moes baar, was daar 'n tweeling in haar skoot.

²⁵ En die eerste is gebore, heeltemal rooi, en harig soos 'n mantel. Daarom is sy naam Ęsaaw genoem.

²⁶ En daarna is sy broer gebore, met sy hand wat Ęsaaw se hakskeen vashou. Daarom het hulle sy naam Jaakob genoem. En Jitshak was sestig jaar oud toe sy hulle gebaar het.

²⁷ En die seuns het opgegroeï. Ęsaaw het 'n ervare jager geword, 'n man van die veld, maar Jaakob was 'n rustige man wat in tente gewoon het.

²⁸ En Jitshak het Ęsaaw liefgehad, want die wildsvleis was in sy mond, maar Ribka het Jaakob liefgehad.

²⁹ En Jaakob het sop gekook en Ęsaaw het uit die veld gekom en hy was moeg.

³⁰ En Ęsaaw het vir Jaakob gesê: "Laat my tog van die rooi-rooi goed sluk, want

B'RĚSHIET 26

ek is moeg." Daarom het hulle hom Edom^f genoem.

³¹ En Jaākoḅ het gesê: "Verkoop vandag jou eersgeboortereg aan my."

³² En Ēsaaw het gesê: "Kyk, ek gaan sterf, en wat is die eersgeboortereg dan vir my?"

³³ Maar Jaākoḅ het gesê: "Sweer vandag vir my." En hy het vir hom gesweer en sy eersgeboortereg aan Jaākoḅ verkoop.

³⁴ En Jaākoḅ het vir Ēsaaw brood en siesop gegee. En hy het geëet en gedrink en opgestaan en weggegaan. En Ēsaaw het sy eersgeboortereg verag.

26 En daar was hongersnood in die land, buiten die eerste hongersnood wat in die dae van Aḅraham was. En Jitṣḥak het na Aḅimeleg, die koning van die Palishtim, na Ġerar getrek.

² En יהוה^f het aan hom verskyn en gesê: "Moenie na Mitsrajim aftrek nie, woon in die land wat Ek jou sal sê.

³ "Bly as vreemdeling in hierdie land, en Ek sal met jou wees en jou seën. Want aan jou en jou saad sal Ek al hierdie lande gee. Ek sal die eed bevestig wat Ek vir jou vader Aḅraham gesweer het.

⁴ "En Ek sal jou saad vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou saad al hierdie lande gee, en in jou saad sal al die nasies van die aarde geseën word,

⁵ omdat Aḅraham na My stem geluister en My ordening, My gebooie, My wette en My Torot^g bewaar het."

⁶ En Jitṣḥak het in Ġerar gebly.

⁷ En toe die mans van die plek hom na sy vrou gevra het, het hy gesê: "Sy is my suster." Want hy was bang om te sê: "My vrou" - anders sal die mans van die plek, so het hy gedink, my miskien doodmaak ter wille van Riḅka, want sy was mooi van aansien.

⁸ En toe hy al 'n lang tyd daar was, het Aḅimeleg, die koning van die Palishtim, deur die venster uitgekyk en gesien hoe Jitṣḥak met Riḅka, sy vrou, speel.

⁹ En Aḅimeleg het Jitṣḥak geroep en gesê: "Kyk, sy is verseker jou vrou! Hoe kon jy sê: 'Sy is my suster?'" En Jitṣḥak het vir hom gesê: "Want, ek het gesê: 'Sodat ek nie om haar ontwil doodgemaak word nie!'"

¹⁰ En Aḅimeleg het gesê: "Wat het jy ons nou aangedoen? Een van die mense kon maklik by jou vrou gelê het en jy sou skuld oor ons gebring het!"

¹¹ En Aḅimeleg het die hele volk beveel en gesê: "Wie hierdie man of sy vrou aanraak, sal versker doodgemaak word."

¹² Jitṣḥak het toe in daardie land gesaai en daardie jaar honderdvoudig geoes, en יהוה^f het hom geseën.

¹³ En die man het groot geword en vooruit gegaan totdat hy baie groot was.

¹⁴ Hy het troppe kleinvee en troppe beeste gehad en baie dienaars, en die Palishtim het hom beny.

¹⁵ En al die putte wat die dienaars van sy vader in die dae van sy vader Aḅraham gegrawe het, het die Palishtim toegestop en met grond opgevol.

¹⁶ En Aḅimeleg het vir Jitṣḥak gesê: "Gaan weg van ons, want jy het magtiger as ons geword."

¹⁷ En Jitṣḥak het vandaar gegaan en in die vallei by Ġerar laer opgeslaan en daar gebly.

¹⁸ En Jitṣḥak het die putte weer oopgegrawe wat hulle in die dae van sy vader Aḅraham gegrawe het, want die Palishtim het dit na die dood van Aḅraham toegestop, en hy het dit genoem volgens die name wat sy vader dit genoem het.

¹⁹ En Jitṣḥak se dienaars het in die vallei gegrawe, en hulle het daar 'n put met lewende water gevind.

²⁰ En die herders van Ġerar het getwis met die herders van Jitṣḥak en gesê: "Dit is ons water." En hy het die put Ēsek genoem, omdat hulle met hom gestry het.

²¹ En hulle het 'n ander put gegrawe, en daaroor het hulle ook getwis, en hy het dit Sitna genoem.

^f Rooi

^g Torot is die meervoud van Tora.

B'RĚSHIET 27

²² En hy het vandaar verskuif en 'n ander put gegrawe, en daaroor is nie getwis nie. Daarom het hy dit Reḥobot genoem en gesê: "Ja, nou het יהוה vir ons ruimte gemaak en kan ons vrugbaar wees in die land."

²³ En vandaar het hy opgetrek *na Be'ěr-Sheba*.

²⁴ En יהוה het aan hom in dieselfde nag verskyn en gesê: "Ek is die Elohim van Abraham, jou vader. Moenie bang wees nie, want Ek is met jou, en Ek sal jou seën en jou saad vermeerder ter wille van Abraham, My dienaar."

²⁵ En hy het daar 'n altaar gebou, en hy het die Naam van יהוה aangeroep en daar sy tent opgeslaan. En die dienaars van Jitshak het daar 'n put gegrawe.

²⁶ En Abimeleg het vanaf Gerar na hom gekom, saam met Ahussat, sy vriend, en Pigol, sy leërowerste.

²⁷ En Jitshak het vir hulle gesê: "Waarom het julle na my gekom aangesien julle my haat en my van julle af weggestuur het?"

²⁸ En hulle het gesê: "Ons het duidelik gesien dat יהוה met jou is. Daarom het ons gedink: 'Laat daar tog 'n eed tussen ons wees, tussen ons en jou, en laat ons 'n verbond met jou sluit,

²⁹ dat jy moet ons geen kwaad doen nie, net soos ons jou nie aangeraak en aan jou niks as goed gedoen het nie en jou in vrede weggestuur het.' Jy is nou die geseënde van יהוה."

³⁰ En hy het vir hulle 'n feesmaal berei, en hulle het geëet en gedrink.

³¹ En hulle is die oggend vroeg op en het vir mekaar 'n eed gesweer. En het Jitshak hulle laat gaan, en hulle het in vrede van hom af weggetrek.

³² En op dieselfde dag het die dienaars van Jitshak gekom en hom van die put wat hulle gegrawe het vertel, en vir hom gesê: "Ons het water gekry."

³³ En hy het dit Shiba genoem. Daarom is die naam van die stad *Be'ěr-Sheba* tot vandag toe.

³⁴ En toe Ēsaaw veertig jaar oud was, het hy Jahudit, die dogter van Beëri, die Ḥiti,

vir hom as vrou geneem, en Basmat, die dogter van Ēlon, die Ḥiti.

³⁵ En hulle was 'n bitterheid in die gees vir Jitshak en Ribka.

27 En toe Jitshak oud geword het en sy oë swak was, sodat hy nie kon sien nie, het hy sy oudste seun Ēsaaw geroep en vir hom gesê: "My seun!" En hy het vir hom gesê: "Hier is ek!"

² En hy het gesê: "Kyk, ek is nou oud, ek weet die dag van my dood nie.

³ "Neem dan nou asseblief jou wapens, jou pylkoker en jou boog, en gaan uit in die veld en jag vir my wild.

⁴ "En maak vir my geurige vleis klaar soos ek dit graag wil hê, en bring dit vir my om te eet, sodat my wese jou kan seën voordat ek sterf."

⁵ En Ribka het geluister terwyl Jitshak met sy seun Ēsaaw praat. En Ēsaaw het in die veld gegaan om wild te jag en dit te bring.

⁶ En Ribka het met haar seun Jaakob gepraat en gesê: "Kyk, ek het jou vader met jou broer Ēsaaw hoor praat en sê:

⁷ 'Bring vir my wild en maak vir my geurige vleis, dat ek kan eet en jou kan seën voor יהוה voor my dood.'

⁸ "My seun, luister dan nou na my stem, na wat ek jou beveel.

⁹ "Loop nou na die kleinvee en gaan haal vir my daar twee mooi bokkies, dat ek vir jou vader daarvan geurige vleis kan maak soos hy dit graag wil hê.

¹⁰ "Dan moet jy dit na jou vader neem, dat hy kan eet, sodat hy jou kan seën voor sy dood."

¹¹ En Jaakob hrt vir sy moeder Ribka gesê: "Kyk, my broer Ēsaaw is 'n harige man en ek is 'n gladde man.

¹² "Miskien sal my vader my betas, en ek sal in sy oë soos 'n bedriër wees; en ek sal 'n vloek oor my bring en nie 'n seën nie."

¹³ En sy moeder het vir hom gesê: "Laat jou vloek op my wees, my seun! Luister net na my stem en gaan haal dit vir my."

¹⁴ En hy het dit gaan haal en na sy moeder geneem. En sy moeder het

B'RĚSHIET 27

daarvan 'n geurige vleis gemaak soos sy vader dit graag wou hê.

¹⁵ En Ribka het die beste klere van Ęsaaw, haar oudste seun, geneem wat by haar in die huis was, en sy het dit vir Jaäkoḅ, haar jongste seun, aangetrek;

¹⁶ en die velle van die bokkies het sy oor sy hande en oor die gladdigheid van sy nek, getrek.

¹⁷ En sy het die geurige vleis en die brood wat sy gemaak het, in die hand van Jaäkoḅ, haar seun gegee.

¹⁸ En hy het by sy vader gekom en gesê: "My vader!" En hy het gesê: "Hier is ek! Wie is jy, my seun?"

¹⁹ En Jaäkoḅ het vir sy vader gesê: "Ek is Ęsaaw, u eersgeborene. Ek het gedoen soos u my beveel het. Staan op, sit en eet van my wildsvleis, dat u wese my kan seën."

²⁰ En Jitṣḥak het vir sy seun gesê: "Hoe het jy dit so gou gekry, my seun?" En hy het gesê: "Omdat יהוה u Elohim dit na my gebring het."

²¹ En Jitṣḥak het vir Jaäkoḅ gesê: "Kom tog nader, dat ek aan jou kan voel, my seun, of jy waarlik my seun Ęsaaw is of nie."

²² En Jaäkoḅ het nader na sy vader Jitṣḥak gegaan, en hy het aan hom gevoel en gesê: "Die stem is Jaäkoḅ se stem, maar die hande is Ęsaaw se hande."

²³ En hy het hom nie herken nie, omdat sy hande harig was soos sy broer Ęsaaw se hande, en hy het hom geseën.

²⁴ En hy het gesê: "'Is jy waarlik my seun Ęsaaw?" En hy het gesê: "Ek is."

²⁵ En hy het gesê: "Bring dit vir my nader, dat ek van die wildsvleis van my seun kan eet, sodat my wese jou kan seën." En hy het dit vir hom nader gebring, en hy het geëet. Hy het vir hom ook wyn gebring, en hy het gedrink.

²⁶ En sy vader Jitṣḥak het vir hom gesê: "Kom tog nader en soen my, my seun!"

²⁷ En hy het nader gekom en hom gesoen en hy het die reuk van sy klere geruik, en hy het hom geseën en gesê: "Kyk, die

reuk van my seun is soos die reuk van die veld wat יהוה geseën het.

²⁸ "En Elohim gee jou van die dou van die hemele en die vet van die aarde en oorvloedig koring en mos.

²⁹ "Volke sal jou dien, en nasies voor jou neerbuig. Wees meester oor jou broers, en die seuns van jou moeder moet hulle voor jou neerbuig. Vervloek is hulle wat jou vloek, en geseënd hulle wat jou seën."

³⁰ En net toe Jitṣḥak Jaäkoḅ klaar geseën het en Jaäkoḅ nog skaars van sy vader Jitṣḥak af weggegaan het, het sy broer Ęsaaw van die jag af gekom,

³¹ en hy het ook geurige vleis gemaak en dit na sy vader geneem en vir sy vader gesê: "Laat my vader opstaan en van die wildsvleis van sy seun eet, sodat u wese my kan seën."

³² En sy vader Jitṣḥak het vir hom gesê: "Wie is jy?" En hy het gesê: "Ek is u seun Ęsaaw, u eersgeborene."

³³ En Jitṣḥak geweldig van skok gebewe en gesê: "Wie is dit dan wat wild gejag en vir my gebring het? En ek het alles geëet voordat jy gekom het, en hom geseën, en hy is geseënd!"

³⁴ Toe Ęsaaw die woorde van sy vader hoor, het hy 'n baie groot en bitter skreeu geskreeu, en hy het vir sy vader gesê: "Seën my, ook vir my, my vader!"

³⁵ En hy het gesê: "Jou broer het gekom met bedrog en jou seën weggeneem."

³⁶ En hy het gesê: "Is sy naam nie met reg Jaäkoḅ genoem nie, want hy my nou twee keer aan die hakskeen gegryp? My eersgeboortereg het hy geneem, en kyk, nou het hy my seën geneem!" En hy het gesê: "Het u vir my geen seën oorgehou nie?"

³⁷ En Jitṣḥak het geantwoord en vir Ęsaaw gesê: "Kyk, ek het hom as meester oor jou gestel en aan hom al sy broers as dienaars gegee, en ek het hom met koring en mos versorg. Wat sal ek dan nou vir jou doen, my seun?"

³⁸ En Ęsaaw het vir sy vader gesê: "Het u net een seën, my vader? Seën my, ook

B'RĚSHIET 28

vir my, my vader!" En Ęsaaw het sy stem verhef en gehuil.

³⁹ En sy vader Jitřhak het geantwoord en vir hom gesê: "Kyk, ver van die vet van die aarde sal jou woonplek wees, en ver van die dou van die hemel daarbo.

⁴⁰ "En jy sal van jou swaard leef, en jy sal jou broer dien. Maar magtiger word, sal jy sy juk van jou nek afbreek."

⁴¹ En Ęsaaw het Jaakob gehaat weens die seën waarmee sy vader hom geseën het, en Ęsaaw het in sy hart gedink: "Die dae van die rou oor my vader is naby, dan sal ek my broer Jaakob doodmaak."

⁴² En hulle het vir Ribka die woorde van Ęsaaw, haar oudste seun vertel, en sy het gestuur en laat Jaakob, haar jongste seun, geroep en vir hom gesê: "Kyk, jou broer Ęsaaw wil hom op jou wreek deur jou dood te maak.

⁴³ "En nou, my seun, luister na my. Staan op, vlug na my broer Laban in Haran.

⁴⁴ "En bly 'n klompie jare by hom tot jou broer se woede weggedraai het,

⁴⁵ tot die toorn van jou broer teen jou wegdraai en hy vergeet wat jy aan hom gedoen het. En ek sal stuur en jou daar laat haal. Waarom moet ek julle albei op een dag verloor?"

⁴⁶ En Ribka het vir Jitřhak gesê: "Ek is moeg vir my lewe weens die dogters van het. Indien Jaakob 'n vrou neem uit die dogters van Hět, soos hierdie, van die dogters van die land, waarvoor lewe ek dan?"

28 En Jitřhak het Jaakob geroep en hom geseën en hom beveel en gesê: "Jy mag nie 'n vrou uit die dogters van Kanaän neem nie.

² "Staan op, gaan na Paddan-Aram, na die huis van Betu'el, jou moeder se vader, en gaan haal vir jou daar 'n vrou uit die dogters van Laban, jou moeder se broer.

³ "En El Shadai, seën jou en maak jou vrugbaar en vermeerder jou, sodat jy 'n menigte van volke kan word,

⁴ en gee jou die seën van Abraham, aan jou en jou saad saam met jou, dat jy die

land van jou vreemdelingskap in besit kan neem wat Elohim aan Abraham gegee het."

⁵ En Jitřhak het Jaakob weggestuur, en hy het na Paddan-Aram gegaan, na Laban, die seun van Betu'el, die Arami, die broer van Ribka, die moeder van Jaakob en Ęsaaw.

⁶ En Ęsaaw het gesien Jitřhak het Jaakob geseën en hom na Paddan-Aram weggestuur het om daar vir hom 'n vrou te gaan haal, en terwyl hy hom geseën het het hy hom beveel en gesê: "Jy mag nie 'n vrou uit die dogters van Kanaän neem nie",

⁷ en dat Jaakob na sy vader en sy moeder geluister het en na Paddan-Aram gegaan.

⁸ En Ęsaaw het gesien dat die dogters van Kanaän sleg was in die oë van sy vader Jitřhak,

⁹ en Ęsaaw het na Jisma'el gegaan en Maĥalat, die dogter van Jisma'el, die seun van Abraham, die suster van Neĥajot, by sy vrouens vir hom as vrou geneem.

¹⁰ En Jaakob het uit *Be'ěr-Sheĥa* gegaan en na Haran gegaan.

¹¹ En hy by 'n plek gekom waar hy die nag oorgebly het, want die son was al onder. En hy het 'n klip van die plek geneem en dit as sy kopkussing neergesit en hy het gaan lê en op daardie plek geslaap.

¹² En hy het gedroom en 'n leer gesien op die aarde staan met die bopunt wat tot aan die hemele raak, en boodskappers van Elohim gesien wat daarop opgeklim en en afgeklim het.

¹³ En kyk, יהוה het bo-aan gestaan en gesê: "Ek is יהוה, die Elohim van jou vader Abraham en die Elohim van Jitřhak. Die land waar jy op lê en slaap, sal Ek aan jou en jou saad gee.

¹⁴ "En jou saad sal soos die stof van die aarde wees, en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide. En in jou en jou saad sal al die geslagte van die aarde geseën word.

B'RĚSHIET 29

¹⁵ "En kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waarheen jy gaan, en Ek sal jou na hierdie land terugbring. Want Ek sal jou nie verlaat totdat Ek gedoen het wat Ek jou gesê het nie."

¹⁶ En Jaakob het uit sy slaap wakker geword en gesê: "Waarlik, יהוה is op hierdie plek, en ek het dit nie geweet nie!"

¹⁷ En hy was bevrees en het gesê: "Hoe vreeslik is hierdie plek! Hierdie is niks anders as die huis van Elohim nie, en hierdie is die poort van die hemele!"

¹⁸ En Jaakob die môre vroeg opgestaan en die klip wat hy as kopkussing neergesit het geneem, en dit as 'n gedenksteen opgerig, en hy het olie daaroor uitgegiet.

¹⁹ En hy het die plek Bět-Ĕl genoem, maar die naam van die stad was tevore Luz.

²⁰ En Jaakob het 'n gelofte gedoen en gesê: "Indien Elohim met my sal wees om my te bewaar op hierdie weg wat ek gaan, en aan my brood sal gee om te eet en klere om aan te trek,

²¹ en ek kom in vrede terug na die huis van my vader, dan sal יהוה my Elohim wees.

²² "En hierdie klip wat ek as gedenksteen opgerig het, sal Elohim se huis wees, en van alles wat U my gee, sal ek aan U verseker 'n tiende gee."

29 En Jaakob het sy voet opgelig en na die land van die kinders van die Ooste gegaan.

² En hy het gekyk en 'n put in die veld gesien en drie troppe kleinvee wat daarby lê, want uit daardie put het hulle die vee laat drink, en daar was 'n groot klip op die opening van die put.

³ En wanneer al die troppe daar bymekaarkom, rol hulle die klip weg van die opening van die put en laat die vee drink, en hulle sit die klip weer op die opening van die put op sy plek.

⁴ En Jaakob het vir hulle gesê: "My broers, van waar is julle?" En hulle het gesê: "Ons kom van Ĥaran."

⁵ En hy het vir hulle gesê: "Ken julle vir Laban, die seun van Naĥor?" En hulle het gesê: "Ons ken hom"

⁶ En hy het vir hulle gesê: "Gaan dit goed met hom?" En hulle het gesê: "Goed. En kyk, sy dogter Raĥël kom aan met die vee."

⁷ En hy het gesê: "Kyk, die dag is nog lank; dit is nie tyd om die vee bymekaar te maak nie. Laat die vee drink, en gaan en laat hulle wei."

⁸ En hulle het gesê: "Ons kan nie voordat al die kuddes bymekaar is en hulle die klip van die opening van die put weggerol het nie, dan sal ons laat die vee drink."

⁹ Terwyl hy met hulle gepraat het, het Raĥël met die kleinvee van haar vader aangekom, want sy het hulle opgepas.

¹⁰ En toe Jaakob Raĥël sien, die dogter van Laban, sy moeder se broer, en die vee van Laban, sy moeder se broer, het Jaakob nader gegaan en die klip van die opening van die put weggerol, en hy het die vee van Laban, sy moeder se broer laat drink.

¹¹ En Jaakob het Raĥël gesoen en sy stem verhef en gehuil.

¹² En Jaakob het Raĥël vertel dat hy haar vader se broer en die seun van Riĥka was. En sy het gehardloop en haar vader vertel.

¹³ En toe Laban die tyding van Jaakob hoor, die seun van sy suster, het hy gehaas om hom te ontmoet, en het hom omhels en hom gesoen en hom in sy huis gebring. En hy het aan Laban al hierdie dinge vertel.

¹⁴ En Laban het vir hom gesê: "Waarlik, jy is my been en my vlees." En hy het 'n maand se dae by hom gebly.

¹⁵ En Laban het vir Jaakob gesê: "Omdat jy my broer is, moet jy my verniet dien? Sê my wat jou vergoeding moet wees."

¹⁶ En Laban het twee dogters gehad: die naam van die oudste was Léa, en die naam van die jongste was Raĥël.

¹⁷ En Léa het swak oë gehad, maar Raĥël was mooi van gestalte en mooi van

B'RĚSHIET 30

aansien.

¹⁸ En Jaäkob het Raḥĕl liefgehad, en hy het gesê: "Ek sal u sewe jaar vir Raḥĕl dien, u jongste dogter."

¹⁹ En Laban het gesê: "Dit is beter dat ek haar aan jou gee as dat ek haar aan 'n ander man gee. Bly by my."

²⁰ En Jaäkob het sewe jaar gedien vir Raḥĕl, en hulle was soos 'n paar dae in sy oë, omdat hy haar liefgehad het.

²¹ En Jaäkob het vir Laban gesê: "Gee my vrou, want my dae is voltooi, en laat ek by haar ingaan."

²² En Laban het al die mans van die plek versamel en 'n feesmaal berei.

²³ Maar in die aand het hy sy dogter Lĕa geneem en haar na hom gebring, en hy het by haar ingegaan.

²⁴ En Laban het sy slavin Zilpa aan haar, sy dogter Lĕa, as slavin gegee."

²⁵ En in die oggend, kyk, dit was Lĕa! En hy het vir Laban gesê: "Wat het u my nou aangedoen? Het ek u nie vir Raḥĕl gedien nie? Waarom het u my dan bedrieg?"

²⁶ En Laban het gesê: "Dit word hier by ons nie gedoen om die jongste voor die eersgeborene weg te gee nie.

²⁷ "Voltooi met die een haar week, en ons sal jou die ander een ook gee vir die diens wat jy nog sewe jaar by my moet dien."

²⁸ En Jaäkob het so gedoen en hy het haar week voltooi. En hy het sy dogter Raḥĕl aan hom as vrou gegee.

²⁹ En Laban het sy slavin Bilha aan sy dogter Raḥĕl gegee as haar slavin.

³⁰ En hy het ook by Raḥĕl ingegaan en Raḥĕl ook meer liefgehad as Lĕa. En hy het hom nog sewe jaar gedien.

³¹ En יהוה het gesien dat Lĕa ongeliefd was, het Hy haar skoot geopen, maar Raḥĕl was onvrugbaar.

³² En Lĕa het swanger geword en 'n seun gebaar en sy naam R'ubĕn genoem, want sy het gesê: "Versker het יהוה my ellende gesien, want nou sal my man my liefhê."

³³ En sy het weer swanger geword en 'n

seun gebaar en gesê: "Versker het יהוה gehoor dat ek ongeliefd is en my hierdie een ook gegee." En sy het sy naam Shim'on genoem.

³⁴ En sy het weer swanger geword en 'n seun gebaar en gesê: "Nou, die slag sal my man aan my verbind wees, want ek het vir hom drie seuns gebaar." Daarom is sy naam Lĕwi genoem.

³⁵ En sy het weer swanger geword en 'n seun gebaar en gesê: "Nou, die slag sal ek יהוה loof." Daarom het sy hom Jahuda genoem. En sy het opgehou met baar.

30 En Raḥĕl het gesien dat sy vir Jaäkob geen kinders baar nie, en Raḥĕl was jaloers op haar suster en het vir Jaäkob gesê: "Gee vir my kinders en as daar niks is sterf ek."

² En Jaäkob se woede het opgevlam vir Raḥĕl en gesê: "Is ek in die plek van Elohim wat die vrug van die skoot van jou weerhou het?"

³ En sy het gesê: "Daar is my slavin Bilha. Gaan in by haar, dat sy op my knieë kan baar en ek ook uit haar gebou kan word."

⁴ En sy het haar slavin Bilha as aan hom vrou gegee, en Jaäkob het by haar ingegaan.

⁵ En Bilha het swanger geword en vir Jaäkob 'n seun gebaar.

⁶ En Raḥĕl het gesê: "Elohim het my reg beoordeel en my ook verhoor en my 'n seun gegee." Daarom het sy sy naam Dan genoem.

⁷ En Bilha, die slavin van Raḥĕl, het weer swanger geword en vir Jaäkob 'n tweede seun gebaar.

⁸ En Raḥĕl het gesê: "Ek het worsteling van Elohim met my suster geworstel en ook oorwin." En sy het sy naam Naftali genoem.

⁹ En Lĕa het gesien dat sy opgehou het met baar, en sy het haar slavin Zilpa geneem en haar aan Jaäkob as vrou gegee.

¹⁰ En Zilpa, die slavin van Lĕa, het vir

B'RĚSHIET 30

Jaakob 'n seun gebaar.

¹¹ En Lĕa het gesê: "Met geluk^h!" En sy het sy naam Gad genoem.

¹² En Zilpa, die slavin van Lĕa, het vir Jaakob 'n tweede seun gebaar.

¹³ En Lĕa het gesê: "Ek is bly! Want die dogters sal my bevoorreg noem." En sy het sy naam Ashĕr' genoem.

¹⁴ En R'ubĕn het in die dae van die koringoes gegaan en in die veld liefdesappels gevind en dit na sy moeder Lĕa gebring. En Rahĕl het vir Lĕa gesê: "Gee my asseblief van jou seun se liefdesappels."

¹⁵ En sy het vir haar gesê: "Is dit 'n klein saak dat jy my man geneem het, en wil jy ook my seun se liefdesappels neem?" En Rahĕl het gesê: "Daarom sal hy vir jou seun se liefdesappels vannag by jou lê."

¹⁶ En Jaakob het die aand uit die veld gekom en Lĕa het hom tegemoet gegaan en gesê: "Jy moet na my kom, want ek het jou verseker gehuur vir my seun se liefdesappels." En hy het daardie nag by haar gelê.

¹⁷ En Elohim het Lĕa verhoor, en sy het swanger geword en vir Jaakob 'n vyfde seun gebaar.

¹⁸ En Lĕa het gesê: "Elohim het my huurloon gegee, omdat ek my slavin aan my man gegee het." En sy het sy naam Jissaskar genoem.

¹⁹ En Lĕa het weer swanger geword en vir Jaakob 'n sesde seun gebaar.

²⁰ En Lĕa het gesê: "Elohim het my 'n goeie geskenk gegee. Nou sal my man eindelik by my woon, want ek het vir hom ses seuns gebaar." En sy het sy naam Zĕbulun genoem.

²¹ En daarna het sy 'n dogter gebaar en haar naam Dina genoem.

²² En Elohim het Rahĕl onthou, en Elohim het haar verhoor en haar skoot geopen.

²³ En sy het swanger geword en 'n seun

gebaar. En sy het gesê: "Elohim het my smaad weggeneem."

²⁴ En sy het sy naam Josĕf genoem en gesê: "יהוה" het vir my nog 'n seun byvoeg!"

²⁵ En nadat Rahĕl Josĕf gebaar het, het Jaakob vir Laban gesê: "Laat my gaan, dat ek na my woonplek en my land kan gaan.

²⁶ "Gee my vrouens en my kinders waarvoor ek u gedien het, en laat my gaan, want u weet self die diens waarmee ek u gedien het."

²⁷ En Laban het vir hom gesê: "Indien ek nou guns in jou oë gevind het, bly. Want ek het die tekens gesien dat יהוה my om jou ontwil geseën het."

²⁸ En hy het gesê: "Dui vir my jou loon aan, en ek sal dit gee."

²⁹ En hy het vir hom gesê: "U weet self hoe ek u gedien het en wat u vee by my geword het.

³⁰ "Want dit was min wat u voor my koms gehad het, en dit het oorvloedig vermeerder; en יהוה het u geseën op my voetspoor. En nou, wanneer sal ek dit ook vir my huis doen?"

³¹ En hy het gesê: "Wat sal ek jou gee?" En Jaakob het gesê: "U moet my niks te gee nie, indien u hierdie ding vir my wil doen, wil ek weer u kleinvee oppas en versorg.

³² "Ek sal vandag deur al u kleinvee gaan en daaruit al die gespikkelde en bont vee verwyder, al die vee tussen die skaaplammers wat swart is, en die bontes en gespikkeldes tussen die bokke, dit moet my loon wees.

³³ "En my regverdigheid sal later vir my getuig wanneer u kom om my loon na te gaan, sal alles wat nie gespikkel of bont is tussen die bokke, en wat nie swart is tussen die skaaplammers nie, gesteelde goed by my wees."

³⁴ En Laban het gesê: "Kyk, ek wil dit laat wees volgens jou woord!"

³⁵ En hy het dieselfde dag die gestreepte en bont bokke en al die gespikkelde en bont bokkoie, almal wat wit aan hulle

^h Ġad is die Hebreus vir geluk, soos in die lot of noodlot.

ⁱ Ashĕr beteken om bly, tevrede, voorspoedig of geseënd te wees.

B'RĚSHIET 31

gehad het, en almal wat swart was tussen die skaaplammers verwyder, en hulle in die hand sy seuns gegee.

³⁶ En hy het 'n afstand van drie dae tussen hom en Jaäkoḅ gestel, en Jaäkoḅ het die oorblywende kleinvee van Laḅan opgepas.

³⁷ En Jaäkoḅ het vir hom latte van groen populier-, amandel- en plataanhout geneem, en hy het daarin wit strepe geskil, sodat die wit van die latte uitkom.

³⁸ En hy het die latte wat hy geskil het, vlak voor die vee in die trôe gesit, in die drinkbakke waar die vee kom drink het, en hulle op hitte was wanneer hulle kom drink het.

³⁹ En die vee was op hiite by die latte, en die vee het gelam gestreepes, gespikkeldes en bontes.

⁴⁰ En Jaäkoḅ het die lammers geskei, en hy het die koppe van die vee gedraai na die gestreepes en almal wat swart was tussen Laḅan se vee. En hy het vir hom afsonderlike troppe gemaak en hulle nie tussen Laḅan se vee gesit nie.

⁴¹ En elke keer wanneer die sterkste diere op hiite was, het Jaäkoḅ die latte voor die oë van die vee in die trôe gesit, sodat hulle op hitte was by die latte.

⁴² Maar wanneer die vee swakkerig was, het hy dit nie ingesit nie. En so was die swakkes vir Laḅan en die sterkes vir Jaäkoḅ.

⁴³ En die man het buitengewoon vermeerder en baie kleinvee en slavinne en slawe en kamele en donkies gehad.

31 En hy het die woorde van die seuns van Laḅan gehoor, wat hulle gesê het: "Jaäkoḅ het alles geneem wat ons vader s'n was; en uit wat ons vader s'n was, het hy al hierdie rykdom gemaak."

² Jaäkoḅ het ook meteens aan die gesig van Laḅan gesien dat hy nie meer teenoor hom soos voorheen was nie.

³ En יהוה het vir Jaäkoḅ gesê: "Gaan terug na die land van jou vaders en na jou familie. En Ek sal met jou wees."

⁴ En Jaäkoḅ het gestuur en Raḥël en Lëa veld toe laat roep na sy kleinvee

⁵ en vir hulle gesê: "Ek sien dat die gesig van julle vader teenoor my nie meer soos voorheen is nie, maar die Elohim van my vader was met my.

⁶ "En julle weet self dat ek julle vader met al my krag gedien het,

⁷ "Maar jul vader het my bedrieg. Hy het my loon tien maal verander. Maar Elohim het hom nie toegelaat om my kwaad aan te doen nie.

⁸ "Wanneer hy gesê het: 'Die gespikkeldes sal jou loon wees', dan het al die vee gespikkeldes gelam. En wanneer hy gesê het: 'Die gestreepes sal jou loon wees', dan het al die vee gestreepes gelam.

⁹ "En so het Elohim die vee van julle vader weggeneem en aan my gegee.

¹⁰ "En in die tyd toe die kleinvee op hitte was, het ek my oë opgelig en in 'n droom gesien dat die bokramme wat die kleinvee dek, gestreep, gespikkeld en bont was.

¹¹ "En die boodskapper van Elohim het vir my in die droom gesê: 'Jaäkoḅ!' En ek het gesê: 'Hier is ek!'

¹² En hy het gesê: 'Lig nou jou oë op en kyk, al die bokramme wat die kleinvee dek, is gestreep, gespikkeld en bont, want Ek het alles gesien wat Laḅan aan jou doen.

¹³ 'Ek is die Elohim van Bët-Ĕl waar jy die gedenksteen gesalf het, waar jy aan My 'n gelofte gedoen het. Staan op, trek weg uit hierdie land en gaan terug na die land van jou geboorte.'"

¹⁴ En Raḥël en Lëa het geantwoord en vir hom gesê: "Het ons nog deel of erfenis in die huis van ons vader?"

¹⁵ "Word ons nie deur hom as vreemdelinge beskou nie? Want hy het ons verkoop en die geld wat deur ons verkry is, totaal opgeëet.

¹⁶ "Want al die rykdom wat Elohim van ons vader weggeneem het, is ons en ons kinders s'n. Doen dan nou alles wat Elohim jou gesê het."

¹⁷ En Jaäkoḅ het opgestaan en sy kinders en sy vrouens op die kamele gelaai,

B'RĚSHIET 31

¹⁸ en hy het al sy vee weggevoer en al sy goed wat hy versamel het, die vee wat syne was, wat hy in Paddan-Aram versamel het, om na sy vader Jitšhak te gaan in die land Kanaän.

¹⁹ En Laḅan het gegaan om sy kleinvee te skeer, toe het Raḥĕl die terafim/van haar vader gesteel.

²⁰ En Jaäkoḅ het Laḅan, die Arami, bedrieg deur hom nie te vertel dat hy wou vlug nie.

²¹ En hy het gevlug met alles wat hy gehad het. Hy het opgestaan en deur die rivier gegaan en sy gesig na die berg Gil'ad gerig.

²² En op die derde dag is Laḅan vertel dat Jaäkoḅ gevlug het.

²³ En hy het sy broers saam met hom geneem en hom agternagejaag, 'n reis van sewe dae, en hom ingehaal in die gebergte van Gil'ad.

²⁴ En Elohim het na Laḅan, die Arami, in die nag gekom in 'n droom en vir hom gesê: "Pas nou op dat jy met Jaäkoḅ geen goed of kwaadpraat nie."

²⁵ En Laḅan het Jaäkoḅ ingehaal en Jaäkoḅ het sy tent al opgeslaan gehad in die gebergte, en Laḅan met sy broers het dit opgeslaan in die berg van Gil'ad.

²⁶ En Laḅan het vir Jaäkoḅ gesê: "Wat het jy gedoen dat jy my mislei en my dogters soos krygsgevangenes weggevoer het?"

²⁷ "Waarom het jy geheimsinnig gevlug en my mislei en my dit nie vertel nie, dat ek jou met vrolikheid en liedere, met tamboeryn en siter kon weggestuur het?"

²⁸ "En jy het my nie toegelaat om my seuns en dogters te soen nie. Nou het jy dwaas gehandel.

²⁹ "Dit is in my mag om julle skade aan te doen, maar die Elohim van julle vader het verlede nag met my gepraat en gesê: 'Pas nou op om met Jaäkoḅ geen goed of kwaad te praat nie.'

³⁰ "En nou is jy verseker oppad, omdat jy so erg verlang het na die huis van jou

vader, maar waarom het jy my elohim gesteel?"

³¹ En Jaäkoḅ het geantwoord en vir Laḅan gesê: "Omdat ek bang was, want ek het gedink u sal miskien u dogters met geweld van my wegneem.

³² "By wie u u elohim vind, hy mag nie lewe nie! Voor ons broers ondersoek wat by my is, en neem dit vir u." En Jaäkoḅ het nie geweet dat Raḥĕl dit gesteel het nie.

³³ En Laḅan het in die tent van Jaäkoḅ gegaan en in die tent van Lêa en in die tent van die twee slavinne, maar hy het niks gekry nie. En hy het uit die tent van Lêa gegaan, en in die tent van Raḥĕl gekom.

³⁴ En Raḥĕl het die terafim geneem en dit in die kameelsaal weggepak en daarop gaan sit. En Laḅan het die hele tent deurgevoel, maar niks gekry nie.

³⁵ En sy het vir haar vader gesê: "My meester moet nie baie kwaai lyk omdat ek nie vir u kan opstaan nie, want dit gaan met my volgens die weg van vrouens." En hy het gesoek maar die terafim nie gekry nie.

³⁶ En Jaäkoḅ was woedend, en hy het met Laḅan getwis en Jaäkoḅ het geantwoord en vir Laḅan gesê: "Wat is my oortreding, wat is my sonde, dat u my so vurig agternagesit het?"

³⁷ "Nou dat u al my goed deurgevoel het, wat het u van al u goed gevind? Sit dit hier neer voor my broers en u broers, en laat hulle oordeel tussen ons twee.

³⁸ "Hierdie twintig jaar was ek by u. U ooe en bokooie het geen misdrag gehad nie, en ek het nie die ramme van u kleinvee geëet nie.

³⁹ "Wat die wilde diere verskeur het, het ek nie na u gebring nie, ek moes die verlies dra. U het dit van my hand geëis, of dit nou bedags gesteel is of snags gesteel is.

⁴⁰ "Ek was 'n man wat bedags deur die hitte verteer is en snags deur die koue, en my slaap het van my oë gevlug.

⁴¹ "Hierdie twintig jaar was ek in u huis.

¹ Huis of familie aanbidingsbeelde of idole.

Veertien jaar het ek u gedien vir u twee dogters en ses jaar vir u kleinvee, en u het my vergoeding tien maal verander.

⁴² "Tensy die Elohim van my vader, die Elohim van Abraham en die Vrees van Jitshak, nie aan my kant was nie, ja, dan sou u my met leë hande weggestuur het. Elohim het my ellende en die moeilike arbeid van my hande gesien en laas nag geoordeel."

⁴³ En Laban het geantwoord en vir Jaakob gesê: "Die dogters is my dogters, en die seuns is my seuns, en die kleinvee is my kleinvee, ja, alles wat jy sien, is myne, maar wat sal ek hulle vandag kan aandoen, my dogters of hulle seuns wat hulle gebaar het?"

⁴⁴ "En nou, kom, laat ons 'n verbond sluit, ek en jy, dat dit 'n getuie tussen my en jou kan wees."

⁴⁵ En Jaakob het 'n klip geneem en dit as gedenksteen opgerig.

⁴⁶ En Jaakob het vir sy broers gesê: "Bring klippe bymekaar!" En hulle het klippe gaan haal en 'n hoop gemaak en daar op die hoop geëet.

⁴⁷ En Laban het dit *Jegar-Sahaduta* genoem, maar Jaakob het dit Gal-ěd^k genoem.

⁴⁸ En Laban het gesê: "Hierdie hoop is vandag 'n getuie tussen my en jou." Daarom het hulle die naam Gal-ěd genoem,

⁴⁹ en Mitspa^l, omdat hy gesê het: "Mag הויה^l wag hou tussen my en jou wanneer ons vir mekaar versteek is.

⁵⁰ "Indien jy my dogters mishandel, en indien jy vrouens neem bo my dogters, geen mens is by ons nie: Kyk, Elohim is getuie tussen my en jou."

⁵¹ En Laban het vir Jaakob gesê: "Kyk daardie hoop klippe, en kyk die gedenksteen wat ek tussen my en jou opgerig het.

⁵² "Hierdie hoop klippe is getuie, en die gedenksteen is getuie dat ek nie na jou

kant toe hierdie hoop sal verbytrek nie, en dat jy nie na my kant toe hierdie hoop en hierdie gedenksteen sal verbytrek met slegte bedoelinge nie.

⁵³ "Die Elohim van Abraham en die Elohim van Nahor, die Elohim van hulle vader, sal regter tussen ons wees." En Jaakob het gesweer by die Vrees van sy vader Jitshak.

⁵⁴ En Jaakob het 'n offer op die berg gebring en sy broers genooi om brood te eet. En hulle het brood geëet en die nag op die berg oorgebly.

⁵⁵ En Laban het die môre vroeg opgestaan en sy seuns en sy dogters gesoen en hulle geseën. En Laban het vertrek en na sy woonplek teruggekeer.

32 En Jaakob het verder gereis, en boodskappers van Elohim het hom ontmoet.

² En toe hy hulle sien, het Jaakob gesê: "Dit is 'n kamp van Elohim!" En hy het die plek Mahanajim genoem.

³ En Jaakob het boodskappers voor hom uitgestuur na sy broer Ešaaw in die land Seir, die landstreek van Edom,

⁴ en hulle beveel en gesê: "So moet julle vir my meester, vir Ešaaw, sê: 'So sê Jaakob, u dienaar: "Ek het as vreemdeling by Laban vertoef en daar gebly tot nou toe.

⁵ "En ek het beeste en donkies, kleinvee en slawe en slavinne, en my meester dit laat weet, sodat ek guns mag vind in u oë.'"

⁶ En die boodskappers het na Jaakob teruggekom en gesê: "Ons het by u broer Ešaaw gekom, en hy trek u ook tegemoet en vier honderd man met hom."

⁷ En Jaakob het baie bang en benoud geword, en hy het die mense wat by hom was, sowel as die kleinvee en beeste en kamele in twee laers verdeel,

⁸ en hy het gesê: "Indien Ešaaw op die een laer afkom en dit verslaan, sal die laer wat oorbly, ontsnap."

⁹ En Jaakob het gesê: "Elohim van my vader Abraham en Elohim van my vader

^k Hoop van Getuienis

^l Wagtoring of Uitkyktoring

B'RĚSHIET 33

Jitšhak, יהחק, wat my beveel het: 'Gaan terug na jou land en na jou familie, en Ek sal aan jou goed doen' -

¹⁰ ek is te gering vir al die gunste en al die trou wat U aan U dienaar bewys het, want ek het met my staf oor hierdie Jardĕn getrek en nou twee laers geword.

¹¹ "Red my asseblief uit die hand van my broer, uit die hand van Ĕsaaw, want ek is bang vir hom, dat hy sal kom en my doodslaan, die moeder saam met die kinders.

¹² "U het gesê: 'Ek sal verseker aan jou goed doen en jou saad maak soos die sand van die see wat weens die menigte nie getel kan word nie.'

¹³ En hy het die nag daar oorgebly en van wat in sy hand was, 'n geskenk vir sy broer Ĕsaaw geneem:

¹⁴ twee honderd bokooie en twintig bokke, twee honderd ooie en twintig ramme,

¹⁵ dertig kameelkoeie wat in die melk was, met hulle vullens, veertig koeie en tien bulle, twintig donkiemerries en tien donkievullens.

¹⁶ En hy het in die hand van sy dienaars gegee, elke trop afsonderlik, en aan sy dienaars gesê: "Trek voor my uit, en laat 'n plek oop tussen trop en trop."

¹⁷ En hy het die eerste een beveel en gesê: "Wanneer my broer Ĕsaaw jou teëkom en jou vra: 'Aan wie behoort jy, en waarheen gaan jy, en wie s'n is die goed daar voor jou?'

¹⁸ dan moet jy sê: 'U dienaar Jaäkoḅ s'n. Dit is 'n geskenk wat hy aan my meester Ĕsaaw stuur, en kyk, hy is ook agter ons.'

¹⁹ En hy het ook die tweede en die derde en almal wat agter die troppe geloop het, beveel en gesê: "Net so moet julle Ĕsaaw antwoord wanneer julle hom kry -

²⁰ en julle moet sê: 'Kyk, ook u dienaar Jaäkoḅ is agter ons.' Want hy het gesê: 'Laat ek hom versoen met die geskenk wat voor my uit gaan, en daarna sy gesig sien - miskien sal hy my aanneem.'

²¹ En die geskenk het voor hom uit

gegaan, maar hy self het die nag in die laer gebly.

²² En hy het daardie nag opgestaan en sy twee vrouens en sy twee slavinne en sy elf seuns geneem en oor die drif van die Jabbok getrek.

²³ En hy het hulle geneem en hulle oor die rivier laat trek, en laat oortrek wat hy gehad het.

²⁴ En Jaäkoḅ het alleen agtergebly, en 'n man het tot dagbreek met hom geworstel.

²⁵ En hy het gesien dat hy hom nie kon oorwin nie, en het hy hom op sy heupbeen geraak, en Jaäkoḅ se heupbeen het uit lit geraak in die worsteling met hom.

²⁶ En hy het gesê: "Laat my gaan, want die dag breek." En hy het gesê: "Ek sal U nie laat gaan tensy U my seën nie."

²⁷ En hy het vir hom gesê: "Wat is jou naam?" En hy het gesê: "Jaäkoḅ."

²⁸ En hy het gesê: "Jy sal nie meer Jaäkoḅ genoem word nie, maar Jisra'ël^m; want jy het met Elohim en met die mense geworstel en het oorwin."

²⁹ En Jaäkoḅ het gevra en gesê: "Maak asseblief u naam bekend!" En hy het gesê: "Waarom vra jy tog na my naam?" En hy het hom daar geseën.

³⁰ En Jaäkoḅ het die plek Peni'ël genoem want, hy het gesê: "Ek het Elohim van aangesig tot aangesig gesien, en tog is my lewe bewaar."

³¹ En die son het vir hom opgegaan net toe hy Penu'ël verby was, en hy was mank aan sy heup.

³² Daarom eet die kinders van Jisra'ël tot vandag toe nie die heupsening wat aan die heupbeen is nie, omdat hy Jaäkoḅ op die heupbeen, aan die heupsening, geraak het.

33 En Jaäkoḅ het sy oë opgelig, en gekyk en hy het Ĕsaaw sien aankom en vier honderd man saam met hom. En het hy die kinders tussen Lêä en Raḥĕl en tussen die twee slavinne verdeel.

^m Regeer namens of soos Elohim

² En hy het die slavinne met hulle kinders eerste, en Lĕa met haar kinders daaragter, en Raḥĕl en Josĕf laaste opgestel.

³ En hy het voor hulle uit gegaan en hom sewe maal na die aarde gebuig, totdat hy by sy broer gekom het.

⁴ Toe loop Ĕsaaw hom tegemoet en omhels hom en val hom om die hals en soen hom; en hulle het gehuil.

⁵ Daarna het hy sy oĕ opgeslaan en die vrouens en kinders gesien en gesĕ: "Wie het jy daar by jou?" En hy antwoord: "Die kinders wat Elohim uit guns aan u dienaar geskenk het."

⁶ En die slavinne het nader gekom, hulle en hulle kinders, en hul neergebuig.

⁷ En Lĕa het ook nader gekom met haar kinders en hul neergebuig; en daarna het Josĕf nader gekom en Raḥĕl en hul neergebuig.

⁸ Daarop sĕ hy: "Wat is jou bedoeling met daardie hele laer wat ek teĕgekom het?" En hy antwoord: "Om guns te vind in die oĕ van my meester."

⁹ Maar Ĕsaaw sĕ: "Ek het baie, my broer! Wat jounes is, laat dit jounes bly!"

¹⁰ Toe antwoord Jaĕkob: "Ag nee, as ek nou guns in u oĕ gevind het, neem dan my geskenk uit my hand aan. Want juis daarom het ek u gesig te sien gekry soos 'n mens die gesig van Elohim sien, en u het behae in my gehad.

¹¹ "Neem tog my begroetingsgeskenk wat u aangebied is, want Elohim het my guns bewys, en ek het volop. En hy het by hom aangehou, sodat hy dit aangeneem het."

¹² Daarop sĕ hy: "Laat ons opbreek en verder trek, en ek sal langs jou trek."

¹³ Maar hy antwoord hom: "My meester weet dat die kinders swak is, en dat ek lammerooie en melkkoeie by my het; as 'n mens hulle net een dag ooreis, dan sterf al die kleinvee.

¹⁴ "My meester moet maar voor sy dienaar uit trek, en ĕk sal op my gemak trek na die gang van die vee wat voor my uit gaan, en na die gang van die kinders,

tot ek by my meester in Seir aankom."

¹⁵ Toe sĕ Ĕsaaw: "Laat my tog van die manskappe wat by my is, by jou laat staan." En hy antwoord: "Waarvoor dan? Laat my guns in die oĕ van my meester vind!"

¹⁶ So het Ĕsaaw dan diĕ dag teruggegaan padlangs na Seir toe.

¹⁷ Maar Jaĕkob het na Sukkot weggetrek en vir hom 'n huis gebou en takkrale vir sy vee gemaak. Daarom het hy die plek genoem Sukkot.

¹⁸ En Jaĕkob het behoue aangekom by die stad Shekem wat in die land Kanaan is, toe hy van Paddan-Aram gekom het. Hy het sy laer voor die stad opgeslaan

¹⁹ en die stuk grond gekoop waar hy sy tent opgeslaan het, van die seuns van Ḥamor, die vader van Shekem, vir honderd geldstukke.

²⁰ Daar het hy ook 'n altaar opgerig en dit genoem: "Die Elohim van Jisra'el is Elohim."

34 En Dina, die dogter van Lĕa, wat sy vir Jaĕkob gebaar het, het uitgegaan om die dogters van die land te leer ken.

² Toe Shekem, die seun van Ḥamor, die Hewiet, die vors van die land, haar sien, het hy haar gegryp en met haar gemeenskap gehad en haar verneder.

³ En sy wese het verkleef geraak aan Dina, die dogter van Jaĕkob; en hy het die dogter liefgehad en sagkens met die dogter gepraat.

⁴ Shekem het ook met sy vader Ḥamor gepraat en gesĕ: "Neem daardie dogter vir my as vrou."

⁵ Toe Jaĕkob dan hoor dat hy sy dogter Dina verkrag het, was sy seuns by sy vee in die veld; en Jaĕkob het geswyg totdat hulle gekom het.

⁶ En Ḥamor, die vader van Shekem, het na Jaĕkob uitgegaan om met hom te praat.

⁷ En die seuns van Jaĕkob het uit die veld gekom toe hulle dit hoor. En die mans was gegrief en baie kwaad, omdat hy 'n skanddaad in Jisra'el begaan het deur met die dogter van Jaĕkob gemeenskap

B'RĚSHIET 35

te hou: so iets mag nie gebeur het nie.

⁸ Toe praat Ḥamor met hulle en sê: "Die wese van my seun Shekem is verlief op julle dogter. Gee haar tog aan hom as vrou

⁹ en ondertrou met ons: gee aan ons julle dogters, en neem vir julle ons dogters.

¹⁰ "Bly maar by ons woon, en die land sal voor julle oop lê; woon en trek rond daarin en verwerf vaste besittings daarin."

¹¹ En Shekem sê vir haar vader en haar broers: "Laat my guns vind in julle oë, en wat julle van my eis, sal ek gee.

¹² "Vra my 'n baie groot koopprys en geskenk, en ek sal dit gee soos julle aan my sê; gee my net die dogter as vrou."

¹³ Toe antwoord die seuns van Jaakob vir Shekem en Ḥamor, sy vader, met bedrog - hulle het so gesê, omdat hy hulle suster Dina verkrag het -

¹⁴ en sê vir hulle: "Ons kan dit nie doen om ons suster aan 'n man te gee wat die voorhuid het nie, want dit sou 'n skande vir ons wees.

¹⁵ "Net op hierdie voorwaarde kan ons inwillig: as julle word soos ons deurdadig almal wat manlik is onder julle, besny word.

¹⁶ "Dan sal ons ons dogters aan julle gee, en ons sal julle dogters vir ons neem; en ons sal by julle woon en een volk word.

¹⁷ "Maar as julle nie na ons luister om besny te word nie, dan neem ons ons dogter en ons trek weg."

¹⁸ En hulle woorde was goed in die oë van Ḥamor en in die oë van Shekem, die seun van Ḥamor.

¹⁹ En die jongman het nie versuim om dit te doen nie, want hy het sin gehad in die dogter van Jaakob, en hy was die mees geëerde in die hele huis van sy vader.

²⁰ Toe gaan Ḥamor en sy seun Shekem na die poort van hulle stad, en hulle praat met die mans van hul stad en sê:

²¹ "Hierdie mans lewe in vrede met ons; daarom, laat hulle in die land woon en daarin rondtrek: die land lê mos alkante

toe wyd voor hulle. Ons kan hulle dogters vir ons as vrouens neem, en ons sal ons dogters aan hulle gee.

²² "Maar net op hierdie voorwaarde sal die mans inwillig om by ons te woon, om een volk te word: as almal wat manlik is onder ons, besny word soos hulle besny is.

²³ "Hulle vee en hulle besittings en al hulle diere - sal dit nie ons s'n wees nie? Laat ons net inwillig, sodat hulle by ons kan bly woon."

²⁴ En hulle het geluister na Ḥamor en na sy seun Shekem almal wat uit sy stadspoort uitgegaan het; en almal wat manlik was, is besny, almal wat uit sy stadspoort uitgegaan het.

²⁵ Maar op die derde dag, toe hulle in die pyn was, neem die twee seuns van Jaakob, Shim'on en Lëwi, broers van Dina, elkeen sy swaard, en hulle oorval die sorgelose stad en slaan almal dood wat manlik was.

²⁶ Hulle slaan ook Ḥamor en sy seun Shekem dood met die skerpte van die swaard; daarna neem hulle Dina uit die huis van Shekem en vertrek.

²⁷ Die seuns van Jaakob het op die gesneuweldes afgekom en die stad geplunder, omdat hulle hul suster onteer het.

²⁸ Hulle kleinvee en hulle beeste en hulle donkies - wat in die stad en in die veld was - het hulle weggeeneem.

²⁹ En al hulle goed en al hulle kinders en hulle vrouens het hulle as gevangenes weggevoer en as buit, en ook alles wat in die huise was.

³⁰ Toe sê Jaakob vir Shim'on en Lëwi: "Julle het vir my moeilikheid gebring deur my gehaat te maak het by die inwoners van die land, die Kanaänim en Parisim, terwyl ek 'n klein aantal is. As hulle hul teen my versamel, sal hulle my verslaan, en ek sal verdelg word, ek en my huis."

³¹ Toe antwoord hulle: "Hoe durf hy dan ons suster as 'n hoer behandel!"

35 Daarna het Elohim vir Jaakob gesê:

B'RĚSHIET 35

"Maak jou klaar, trek op na Bĕt-Ěl en woon daar; en bou daar 'n altaar vir die Elohim wat aan jou verskyn het toe jy op die vlug was vir jou broer Ěsaaw."

² Toe sĕ Jaakob aan sy huisgesin en aan almal wat by hom was: "Verwyder die vreemde elohim wat onder julle is, en reinig julle en trek ander klere aan;

³ en laat ons klaarmaak en optrek na Bĕt-Ěl; en ek sal daar 'n altaar bou vir die Elohim wat my geantwoord het op die dag van my benoudheid en by my was op die weg wat ek gegaan het."

⁴ Toe gee hulle aan Jaakob al die vreemde gode wat in hulle besit was, en die ringe aan hulle ore, en Jaakob het dit onder die groot boom wat by Shekem is, begrawe.

⁵ En toe hulle weggetrek het, kom daar 'n vrees van Elohim op die stede rondom hulle, sodat hulle die seuns van Jaakob nie agternagejaag het nie.

⁶ So het Jaakob dan in Lus aangekom wat in die land Kanaān is dit is Bĕt-Ěl - hy en al die mense wat by hom was.

⁷ en hy het daar 'n altaar gebou en die plek *El Bĕt-Ěl* genoem, omdat Elohim daar aan hom geopenbaar is toe hy vir sy broer gevlug het.

⁸ En Debora, die oppasser van Ribka, het gesterf, en sy is begrawe onderkant Bĕt-Ěl, onder die eikeboom. En hulle het dit genoem: *Allon Bachut*.ⁿ

⁹ Toe verskyn Elohim weer aan Jaakob, by sy terugkoms uit Paddan-Aram, en Hy seĕn hom;

¹⁰ en Elohim sĕ vir hom: "Jou naam is Jaakob; jy sal verder nie Jaakob genoem word nie, maar Jisra'ĕl sal jou naam wees." En Hy het hom Jisra'ĕl genoem.

¹¹ En Elohim het vir hom gesĕ: "Ek is Ěl Shadai. Wees vrugbaar en vermeerder. 'n Nasie, ja, 'n menigte van nasies, sal van jou afstam, en konings sal uit jou lendene voortkom.

¹² En die land wat Ek aan Abraham en

Jitshak gegee het, sal Ek aan jou gee; en aan jou saad na jou sal Ek die land gee."

¹³ Toe het Elohim van hom af opgevaar op die plek waar Hy met hom gepraat het.

¹⁴ En Jaakob het 'n gedenksteen opgerig op die plek waar Hy met hom gepraat het, 'n gedenksteen van klip, en daarop 'n drankoffer uitgegiet en olie daarop gegooi.

¹⁵ En Jaakob het die plek waar Elohim met hom gepraat het, Bĕt-Ěl genoem.

¹⁶ Daarna het hulle van Bĕt-Ěl af weggetrek. En toe daar nog 'n kort ent pad was om by Efrata te kom, moes Raĥĕl baar, en sy het moeilik gehad met die bevalling.

¹⁷ En terwyl sy moeilik het met die bevalling, sĕ die vroedvrou vir haar: Wees nie bevrees nie, want dit is ook 'n seun vir u.

¹⁸ En toe haar wese uitgaan - want sy het gesterf - noem sy hom Ben-Oni. Maar sy vader het hom Binjamin genoem.

¹⁹ So het Raĥĕl dan gesterf; en sy is begrawe op die pad na Efrata, dit is Bĕt Lechem.

²⁰ En Jaakob het 'n gedenksteen op haar graf opgerig; dit is die gedenkteken van die graf van Raĥĕl tot vandag toe.

²¹ En Jisra'ĕl het weggetrek en sy tent opgeslaan aan die ander kant van Migdal-Eder.

²² En terwyl Jisra'ĕl in diĕ land woon, het R'ubĕn gegaan en met Bilha, sy vader se byvrou, gemeenskap gehad. En Jisra'ĕl het dit gehoor. En die seuns van Jaakob was twaalf.

²³ Die seuns van Lĕa was: R'ubĕn, die eersgeborene van Jaakob, daarna Shim'on en Lĕwi en Jahuda en Jissaskar en Zĕbulun.

²⁴ Die seuns van Raĥĕl: Josĕf en Binjamin.

²⁵ En die seuns van Bilha, die slavin van Raĥĕl: Dan en Naftali.

²⁶ En die seuns van Zilpa, die slavin van Lĕa: Gad en Ashĕr. Dit is die seuns van Jaakob wat vir hom in Paddan-Aram

ⁿ Eik van geween – ingevoeg vir makliker lees

^o Regeer soos of namens Elohim

B'RĚSHIET 36

gebore is.

²⁷ En Jaäkoḅ het by sy vader Jitšhak gekom in Mamrĕ, by Kirjat-Arba, dit is Hebron, waar Abraham as vreemdeling vertoef het, en ook Jitšhak.

²⁸ En die dae van Jitšhak was honderd en tagtig jaar.

²⁹ En Jitšhak het die asem uitgeblaas en gesterf, en hy is by sy volksgenote versamel, oud en afgeleef. En sy seuns Ęsaaw en Jaäkoḅ het hom begrawe.

36 En dit is die geskiedenis van Ęsaaw, dit is Edom.

² Ęsaaw het sy vrouens geneem uit die dogters van Kanaän: Ada, die dogter van Ęlon, die hetiet, en Oholiḅama, die dogter van Ana, die dogter van Tsiḅon, die hewiet;

³ en Basmat, die dogter van Jisma'el, die suster van Nĕbajot.

⁴ En Ada het vir Ęsaaw gebaar Ęlifas, en Basmat het gebaar Reu'el^p.

⁵ En Oholiḅama het gebaar Je'ush en Já'lam en Korag. Dit is die seuns van Ęsaaw wat vir hom gebore is in die land Kanaän.

⁶ Toe neem Ęsaaw sy vrouens en sy seuns en sy dogters en al die mense van sy huis, sy vee en al sy diere en al sy besittings wat hy in die land Kanaän verwerf het, en hy trek na 'n land, wĕg van sy broer Jaäkoḅ af;

⁷ want hulle besittings was te groot om saam te woon, en die land van hulle vreemdelingskap kon hulle nie dra weens hulle yee nie.

⁸ En Ęsaaw het gaan woon in die berg Seir. Ęsaaw is Edom.

⁹ Dit is dan die geskiedenis van Ęsaaw, die vader van die Edomiete, in die berg Seir.

¹⁰ Dit is die name van die seuns van Ęsaaw: Ęlifas, die seun van Ada, die vrou van Ęsaaw; Reu'el, die seun van Basmat, die vrou van Ęsaaw.

¹¹ En die seuns van Ęlifas was: Teman, Omar, Tsefo en Gátam en Kenas.

¹² En Timna was 'n byvrou van Ęlifas, die seun van Ęsaaw; en sy het vir Ęlifas gebaar Amalĕk. Dit is die seuns van Ada, die vrou van Ęsaaw.

¹³ En dit is die seuns van Reu'el: Naḥat en Serag, Shamma en Missa. Dit was die seuns van Basmat, die vrou van Ęsaaw.

¹⁴ En dit was die seuns van Oholiḅama, die dogter van Ana, die dogter van Tsiḅon, die vrou van Ęsaaw - sy het vir Ęsaaw gebaar Je'ush en Já'lam en Korag.

¹⁵ Dit is die stamhoofde van die seuns van Ęsaaw. Die seuns van Ęlifas, die eersgeborene van Ęsaaw, was: die stamhoof Teman, die stamhoof Omar, die stamhoof Tsefo, die stamhoof Kenas,

¹⁶ die stamhoof Korag, die stamhoof Gátam, die stamhoof Amalĕk. Dit is die stamhoofde van Ęlifas in die land Edom; dit is die seuns van Ada.

¹⁷ En dit is die seuns van Reu'el, die seun van Ęsaaw: die stamhoof Naḥat, die stamhoof Serag, die stamhoof Shamma, die stamhoof Missa. Dit is die stamhoofde van Reu'el in die land Edom. Dit is die seuns van Basmat, die vrou van Ęsaaw.

¹⁸ En dit is die seuns van Oholiḅama, die vrou van Ęsaaw: die stamhoof Je'ush, die stamhoof Já'lam, die stamhoof Korag. Dit is die stamhoofde van Oholiḅama, die dogter van Ana, die vrou van Ęsaaw.

¹⁹ Dit is die seuns van Ęsaaw, en dit is hulle stamhoofde. Dit is Edom.

²⁰ Dit is die seuns van Seir, die Ḥoriet, die eerste inwoners van die land: Lotan en Shoḅal en Tsiḅon en Ana

²¹ en Dison en Eser en Disan. Dit is die stamhoofde van die Ḥoriete, die seuns van Seir in die land Edom.

²² En die seuns van Lotan was Ḥori en Hemam; en die suster van Lotan was Timna.

²³ En dit is die seuns van Shoḅal: Alwan en Manáhat en Ęḅal, Tsefo en Onam.

²⁴ En dit is die seuns van Tsiḅon: Aja en Ana. Dit is dié Ana wat die warm fonteine in die woestyn gekry het toe hy die donkies van sy vader Tsiḅon opgepas het.

^p Vriend van Elohim

B'RĚSHIET 37

²⁵ En dit is die seuns van Ana: Dison; en Oholiḅāma was die dogter van Ana.

²⁶ En dit is die seuns van Dison: Hemdan en Esban en Jitrān en Kerān.

²⁷ Dit is die seuns van Ētser: Bilhan en Saāwan en Akan.

²⁸ Dit is die seuns van Disan: Us en Aran.

²⁹ Dit is die stamhoofde van die Ḥoriete: die stamhoof Lotan, die stamhoof Shoḅal, die stamhoof Tsiḅon, die stamhoof Ana,

³⁰ die stamhoof Dison, die stamhoof Eser, die stamhoof Disan. Dit is die stamhoofde van die Ḥoriete volgens hulle stamme in die land Seir.

³¹ En dit is die konings wat geregeer het in die land Edom voordat daar 'n koning geregeer het oor die kinders van Jisra'el:

³² Bela, die seun van Beor, het geregeer in Edom; en die naam van sy stad was Dinḥāba.

³³ En na die dood van Bela het Jobab, die seun van Serag, van Bosra, in sy plek regeer.

³⁴ En na die dood van Jobab het Husam, uit die land van die Temaniete, in sy plek regeer.

³⁵ En na die dood van Husam het Hadad, die seun van Bedad, wat die Mīdjaniete verslaan het in die veld van Moab, in sy plek geregeer, en die naam van sy stad was Awit.

³⁶ En na die dood van Hadad het Samla van Māsreka in sy plek regeer.

³⁷ En na die dood van Samla het Sha'ul van Reḥoḅot, aan die rivier, in sy plek regeer.

³⁸ En na die dood van Sha'ul het Baāl-Ḥanan, die seun van Akbor, in sy plek regeer.

³⁹ En na die dood van Baāl-Ḥanan, die seun van Akbor, het Hadar in sy plek geregeer; en die naam van sy stad was Pahu; en die naam van sy vrou was Mehētāb'el, die dogter van Matrēd, die dogter van Mēsahab.

⁴⁰ Dit is die name van die stamhoofde van Ēsaaw, volgens hulle geslagte, volgens hulle woonplekke, met hulle name: die stamhoof Timna, die stamhoof

Alwa, die stamhoof Jetet.

⁴¹ die stamhoof Oholiḅāma, die stamhoof Ēla, die stamhoof Pinon,

⁴² die stamhoof Kenas, die stamhoof Teman, die stamhoof Mībsar,

⁴³ die stamhoof Māgd'el, die stamhoof Iram. Dit is die stamhoofde van Edom, volgens hulle verblyfplekke in die land van hulle besitting. Dit is Ēsaaw, die stamvader van die Edomiete.

37 En Jaakob het in die land van sy vader se vreemdelingskap, in die land Kanaän gewoon.

² Dit is die geskiedenis van Jaakob. Josēf, 'n seun van sewentien jaar, het die kleinvee saam met sy broers opgepas. En hy was nog jonk saam met die seuns van Bilha en die seuns van Zilpa, die vrouens van sy vader. En Josēf het 'n slegte berig oor hulle na hulle vader gebring.

³ En Jisra'el het Josēf meer lief gehad as al sy seuns, want hy was vir hom 'n seun van die ouderdom. En hy het vir hom 'n lang kleed met moue gemaak.

⁴ En sy broers het gesien dat hulle vader hom meer as al sy broers liefhet, en hulle het hom gehaat en kon nie in vrede met hom praat nie.

⁵ En Josēf het 'n droom gedroom wat hy vir sy broers vertel het, en hulle het hom nog meer gehaat.

⁶ En hy het vir hulle gesê: "Hoor nou hierdie droom wat ek gedroom het.

⁷ "En kyk, ons was besig om gerwe op die land te bind en kyk, my gerf het opgestaan en ook regop bly staan. En kyk, julle gerwe het rondom kom staan en hulle voor my gerf neergebuig."

⁸ En sy broers het vir hom gesê: "Sal jy regtig oor ons regeer? Of sal jy regtig oor ons mag hê?" En hulle het hom nog meer gehaat oor sy drome en oor sy woorde.

⁹ En hy het nog 'n ander droom gedroom en dit vir sy broers vertel en gesê: "Kyk, ek het nog 'n droom gedroom - die son en die maan en elf sterre het voor my neergebuig."

¹⁰ En hy dit vir sy vader en sy broers vertel, en sy vader het hom hard bestraf

B'RĚSHIET 37

en vir hom gesê: "Wat vir 'n droom is dit wat jy gehad het? Moet ons werklik kom, ek en jou moeder en jou broers, om ons voor jou na die aarde neer te buig?"

¹¹ En sy broers was afgunstig op hom, maar sy vader het die saak bewaar.

¹² En sy broers het die kleinvee van hulle vader by Shekem gaan oppas.

¹³ En Jisra'ël het vir Josëf gesê: "Pas jou broers nie die vee by Shekem op nie? Kom, laat ek jou na hulle stuur." En hy het vir hom gesê: "Hier is ek!"

¹⁴ En hy het vir hom gesê: "Gaan nou, kyk of dit goed gaan met jou broers en goed gaan met die vee, en bring vir my berig terug." En hy het hom uit die vallei van Hebron weggestuur, en hy het by Shekem aangekom.

¹⁵ En 'n man het hom gekry en kyk, hy het in die veld rondgedwaal, en die man het hom gevra en gesê: "Wat soek jy?"

¹⁶ En hy het gesê: "Ek soek my broers. Vertel my asseblief waar hulle die vee oppas."

¹⁷ En die man het gesê: "Hulle het van hier weggetrek, want ek het hulle hoor sê: 'Laat ons na Dotan gaan.'" En Josëf het agter sy broers aan gegaan en hulle in Dotan gevind.

¹⁸ En hulle het hom van ver af gesien, en voordat hy naby hulle gekom het, het hulle saamgesweer teen hom om hom dood te maak.

¹⁹ En hulle het vir mekaar gesê: "Kyk, daardie meester van dromer kom!"

²⁰ "En nou, kom, laat ons hom doodmaak en in een van die putte gooi en sê: "n Wilde dier het hom opgeëet." En ons sal sien wat van sy drome word!"

²¹ En R'ubën het dit gehoor, en hy het hom uit hul hand gered en gesê: "Laat ons hom nie doodslaan nie."

²² En R'ubën het vir hulle gesê: "Moenie bloed vergiet nie. Gooi hom in hierdie put wat in die oop veld is, maar moenie 'n hand op hom lê nie" - sodat hy hom uit hulle hand kon red om hom na sy vader terug te neem.

²³ En toe Josëf by sy broers gekom het,

het hulle Josëf se kleed uitgetrek, die kleed met lang moue wat hy aangehad het,

²⁴ en hulle het hom geneem en hom in die put gegooi. En die put was leeg, daar was geen water in nie.

²⁵ En hulle het gaan sit om brood te eet, en hulle het hul oë opgelig en gekyk, en hulle het 'n reisgeselskap Jisma'ëlim gesien wat van Gil'ad kom en hul kamele gelaai met speserye en balsem en gom op pad om dit na Mitsrajim af te dra.

²⁶ En Jahuda het vir sy broers gesê: "Watter voordeel is dit indien ons ons broer doodslaan en sy bloed bedek?"

²⁷ Kom, en laat ons hom aan die Jisma'ëlim verkoop, en laat ons hand nie op hom wees nie, want hy is ons broer, ons vlees." En sy broers het na hom geluister.

²⁸ En handelsreisigers, Midjanim het verbykom, en hulle het Josëf uit die put opgetrek en uitgehaal en Josëf aan die Jisma'ëlim verkoop vir twintig *sikkels* silwer. En hulle het Josëf na Mitsrajim geneem.

²⁹ En R'ubën het na die put teruggekeer, en kyk, Josëf was nie in die put nie! En hy het sy klere seker.

³⁰ En hy het na sy broers teruggekeer en gesê: "Die seun is nie daar nie! En ek, waarheen gaan ek?"

³¹ En hulle het Josëf se kleed geneem, en 'n bokram geslag en die kleed in die bloed gedruk,

³² en hulle het die lang kleed weggestuur en dit na hulle vader laat neem en gesê: "Ons het dit gevind. Ken nou uit of dit die kleed van u seun is of nie."

³³ En hy het dit herken en gesê: "Die kleed van my seun! 'n Wilde dier het hom opgeëet. Josëf is verskeur, verskeur!"

³⁴ En Jaakob het sy klere geskeur en 'n roukleed om sy heupe getrek, en hy het baie dae oor sy seun gerou.

³⁵ En al sy seuns en al sy dogters het moeite gedoen om hom te troos, maar hy het geweier om hom te laat troos en gesê: "Nee, ek sal treurende na my seun

B'RĚSHIET 38

in die doderyk afdaal!" En sy vader het oor hom gehuil.

³⁶ En die Midjanim het hom in Mitsrajim aan Potifar verkoop, 'n amptenaar van Par'o, die hoof van die lyfwag.

38 In daardie tyd het Jahuda van sy broers afgetrek, en uitgedraai na 'n man 'n Adullami met die naam van Hira.

² En Jahuda het daar die dogter van 'n man, 'n Kanaani gesien met die naam van Shua. En hy het haar geneem en by haar ingegaan.

³ En sy het swanger geword en 'n seun gebaar, en hy het sy naam Ēr genoem.

⁴ En sy het weer swanger geword en 'n seun gebaar en sy het sy naam Onan genoem.

⁵ En sy het weereens 'n seun gebaar en sy naam Shĕla genoem. En hy was in Kaziḅ toe sy hom gebaar het.

⁶ En Jahuda het vir Ēr, sy eersgeborene, 'n vrou geneem, en haar naam was Tamar.

⁷ En Ēr, die eersgeborene van Jahuda, was boos in יהוה se oë, en יהוה het hom doodgemaak.

⁸ En Jahuda het vir Onan gesê: "Gaan in by die vrou van jou broer en sluit die swaershuwelik met haar en verwek saad vir jou broer."

⁹ En Onan het geweet dat die saad nie syne sou wees nie, en hy het, elke keer wanneer hy by die vrou van sy broer ingegaan het, dit op die grond bederf om vir sy broer geen saad te gee nie.

¹⁰ En wat hy gedoen het was verkeerd in die oë van יהוה, en Hy het hom ook doodgemaak.

¹¹ En Jahuda het vir Tamar, sy skoondogter gesê: "Bly 'n weduwee in die huis van jou vader totdat my seun Shĕla groot is." Want hy het gesê: "Miskien sterf hy ook soos sy broers!" En Tamar het in die huis van haar vader gaan woon.

¹² En na verloop van tyd het Bat-Shua, die vrou van Jahuda, gesterf. En Jahuda is vertroos, en hy het na die skeerders van sy kleinvee, na Timna opgegaan, hy

en sy vriend Hira, die Adullami.

¹³ En dit is vir Tamar vertel en gesê: "Kyk, jou skoonvader gaan op na Timna om sy kleinvee te skeer."

¹⁴ En sy die het klere van haar weduweeskop uitgetrek en haar met 'n sluier bedek en haar toegedraai, en sy het by die ingang van Ēnajim gaan sit wat op die pad na Timna lê, want sy het gesien dat Shĕla groot geword het, en sy was nie aan hom as vrou gegee nie.

¹⁵ En Jahuda het haar gesien, en hy het gedink sy is 'n hoer, omdat sy haar gesig bedek het.

¹⁶ En hy het na haar uitgedraai by die pad en gesê: "Kom asseblief, laat my by jou inkom," want hy het nie geweet dat sy sy skoondogter was nie. En sy het gesê: "Wat sal jy my gee om by my in te kom?"

¹⁷ En hy het gesê: "Ek sal jou 'n boklam van die kleinvee af stuur." En sy het gesê: "Sal jy 'n pand gee totdat jy dit stuur?"

¹⁸ En hy het gesê: "Watter pand moet ek jou gee?" En sy het gesê: "Jou seëlring en jou koord en jou staf wat in jou hand is." En hy dit vir haar gegee en by haar ingegaan, en sy het by hom swanger geword.

¹⁹ En sy het opgestaan en weggegaan en haar sluier afgehaal en die klere van haar weduweeskop aangetrek.

²⁰ En Jahuda het die boklam deur middel van sy vriend, die Adullami, gestuur om die pand uit die hand van die vrou te gaan haal, maar hy het haar nie gevind nie.

²¹ En hy het die mans van haar woonplek gevra en gesê: "Waar is daardie hoer wat in Ēnajim by die pad was?" En hulle het gesê: "Hier was geen hoer nie."

²² En hy het na Jahuda teruggegaan en gesê: "Ek het haar nie gevind nie. En die mense van die plek het ook gesê: 'Hier was geen hoer nie.'"

²³ En Jahuda het gesê: "Laat sy dit vir haar neem, dat ons nie 'n bespotting word nie. Kyk, ek het hierdie boklam gestuur, maar jy het haar nie gevind nie."

B'RĚSHIET 39

²⁴ En omtrent drie maande daarna het hulle Jahuda vertel en gesê: "Tamar, jou skoonogter, het hoerer, en sy is ook swanger deur hoerery!" En Jahuda het gesê: "Bring haar uit, en laat sy verbrand word."

²⁵ Toe sy uitgebring is, het sy na haar skoonvader gestuur en gesê: "By die man aan wie hierdie dinge behoort, is ek swanger." En sy het gesê: "Ken uit aan wie hierdie seëlring en koord en staf behoort."

²⁶ Maar En Jahuda het dit herken en gesê: "Sy het reg teenoor my, want ek het haar mos nie aan my seun Shĕla gegee nie." En hy het haar verder nie meer geken nie.

²⁷ En toe die tyd kom dat sy moes baar, kyk, daar was 'n tweeling in haar skoot.

²⁸ En terwyl sy gebaar het, het een die hand uitgesteek. En die vroedvrou het dit gegryp en 'n rooi draad om sy hand gebind en gesê: "Hierdie een is eerste gebore."

²⁹ En toe hy sy hand teruggetrek het, is sy broer gebore! En sy het gesê: "Hoe het jy deurgebreek? Op jou is die breuk. En sy het sy naam Parets genoem.

³⁰ En daarna is sy broer gebore aan wie se hand die rooi draad was. En sy naam is Zarag genoem.

39 En Josĕf is na Mitsrajim afgeneem, en Pōtifar, 'n amptenaar van Par'o, die hoof van die lyfwag, 'n Mitsri man, het hom gekoop uit die hand van die Jisma'elim wat hom daarheen afgeneem het.

² En יהוה was met Josĕf, sodat hy 'n voorspoedige man was; en hy het in die huis van sy meester, die Mitsri, gebly.

³ En toe sy meester sien dat יהוה met hom was, en dat יהוה alles wat hy doen, in sy hand voorspoedig maak,

⁴ het Josĕf guns in sy oë gevind en hom gediens; en hy het hom aangestel oor sy huis, en alles wat in sy besit was, aan hom oorgegee.

⁵ En vandat hy hom aangestel het oor sy huis en oor alles wat in sy besit was, het

יהוה die huis van die Mitsrajiet geseën ter wille van Josĕf; ja, die seën van יהוה was by alles wat syne was, in die huis en op die veld.

⁶ En hy het alles wat syne was, aan Josĕf oorgelaat, sodat hy met sy hulp van niks kennis geneem het nie as net van die brood wat hy geëet het. En Josĕf was skoon van gestalte en mooi van aansien.

⁷ Ná hierdie dinge het die vrou van sy meester haar oë na Josĕf opgeslaan en gesê: "Kom hou gemeenskap met my."

⁸ Maar hy het geweier en aan die vrou van sy meester gesê: "Kyk, deur my is dit dat my meester geen kennis neem van wat in die huis is nie; en alles wat syne is, het hy aan my oorgegee.

⁹ Hy is in hierdie huis nie groter as ek nie en het my niks onthou nie behalwe u, omdat u sy vrou is; hoe kan ek dan hierdie groot kwaad doen en sondig teen Elohim?"

¹⁰ En nadat sy met Josĕf dag na dag gepraat het, en hy na haar nie wou luister om by haar te lê om met haar gemeenskap te hou nie,

¹¹ kom hy eendag in die huis om sy werk te doen terwyl niemand van die huisgenote binne was nie.

¹² En sy het hom aan sy kleed gegryp en gesê: "Kom hou gemeenskap met my." Maar hy het sy kleed in haar hand laat agterbly en gevlug en na buite geloop.

¹³ Toe sy dan sien dat hy sy kleed in haar hand laat bly en buitentoe gevlug het,

¹⁴ roep sy na haar huisgenote en sê aan hulle: "Kyk, hy het vir ons 'n Ibrī man hier gebring om met ons gek te skeer; hy het na my gekom om met my gemeenskap te hê, en ek het hard geskreue;

¹⁵ en toe hy hoor dat ek my stem verhef en skreeu, het hy sy kleed by my laat agterbly en gevlug en na buite geloop."

¹⁶ En sy het sy kleed by haar neergelê totdat sy meester tuisgekome het.

¹⁷ En sy het hom met dieselfde woorde aangespreek en gesê: "Die Ibrī dienaar wat jy vir ons hier gebring het, het na my

B'RĚSHIET 40

gekóm om met my gek te skeer;

¹⁸ en toe ek my stem verhef en skreeu, het hy sy kleed by my laat agterbly en na buite gevlug."

¹⁹ Toe sy meester die woorde hoor waarmee sy vrou hom aanspreek: "So en so het jou dienaar aan my gedoen" - het hy baie kwaad geword;

²⁰ en die meester van Josěf het hom laat vang en hom in die gevangenis gesit op die plek waar die gevangenes van die koning opgesluit was; en hy was daar in die gevangenis.

²¹ Maar יהוה was met Josěf, en Hy het goedertierenheid aan hom bewys en hom guns verleen in die oë van die owerste van die gevangenis.

²² En die owerste van die gevangenis het almal wat in die gevangenis opgesluit was, aan Josěf toevertrou; en alles wat daar te doen was, het hy gedoen.

²³ Die owerste van die gevangenis het glad nie na iets omgekyk wat aan hom toevertrou was nie, omdat יהוה met hom was; en wat hy doen, het יהוה voorspoedig laat wees.

40 Ná hierdie dinge het die skinker van die koning van Mitsrajim en die bakker hulle misgaan jeens hulle meester, die koning van Mitsrajim,

² sodat Par'o baie kwaad geword het vir sy twee hofdienaars, die voorman van die skinkers en die voorman van die bakkers.

³ En hy het hulle in bewaring gegee in die huis van die owerste van die lyfwag, in die gevangenis, die plek waar Josěf gevange was.

⁴ En die owerste van die lyfwag het Josěf by hulle aangestel om hulle te bedien. En hulle was 'n tyd lank in bewaring.

⁵ En hulle het altwee 'n droom gehad, elkeen sy droom, in dieselfde nag, elkeen 'n droom met besondere betekenis, die skinker en die bakker van die koning van Mitsrajim, wat in die gevangenis gevange gesit het.

⁶ En Josěf het die volgende môre by hulle gekóm en gesien dat hulle ontstemd was.

⁷ Toe vra hy die hofdienaars van Par'o wat by hom in bewaring was in die huis van sy meester, en sê: "Waarom lyk julle aangesig vandag so droewig?"

⁸ En hulle antwoord hom: "Ons het 'n droom gehad, en daar is niemand wat dit kan uitleë nie." En Josěf vra hulle: "Is uitlegging nie 'n saak van Elohim nie? Vertel my tog."

⁹ Toe vertel die voorman van die skinkers aan Josěf sy droom en sê vir hom: "In my droom was daar 'n wingerdstok voor my,

¹⁰ en aan die wingerdstok was drie ranke; en skaars het hy gebot of sy bloeisel was uit, sy trosse het ryp druiwe geword.

¹¹ En die beker van Par'o was in my hand. En ek het die druiwe geneem en dit in die beker van Par'o uitgedruk en die beker in die hand van Par'o gegee."

¹² Toe sê Josěf vir hom: "Dit is die uitlegging daarvan: die drie ranke is drie dae.

¹³ Binne drie dae sal Par'o jou hoof verhef - jou in jou rang herstel; en jy sal die beker van Par'o in sy hand gee net soos vroeër toe jy sy skinker was.

¹⁴ Hou my tog net in gedagte as dit met jou goed gaan, en bewys my tog 'n guns en maak melding van my by Par'o en bring my uit hierdie huis uit;

¹⁵ want ek is gesteel, ja gesteel, uit die land van die Ibrim, en ek het hier ook niks gedoen dat hulle my in die gevangenis gesit het nie."

¹⁶ Toe die voorman van die bakkers sien dat hy 'n gunstige uitlegging gegee het, sê hy aan Josěf: "Ook in my droom - toe was daar drie mandjies met witbrood op my hoof,

¹⁷ en in die boonste mandjie was allerhande eetware vir Par'o deur bakkers klaargemaak, en die voëls het dit uit die mandjie bo-op my hoof weggepek."

¹⁸ Toe antwoord Josěf en sê: "Dit is die uitlegging daarvan - die drie mandjies is drie dae.

¹⁹ Binne drie dae sal Par'o jou hoof bo-oor jou verhef - hy sal jou aan 'n paal

B'RĚSHIET 41

ophang, en die voëls sal jou vlees van jou af wegpik."

²⁰ En op die derde dag, die verjaarsdag van Par'o, het hy 'n feesmaal vir al sy dienaars berei en die hoof van die voorman van die skinkers en die hoof van die voorman van die bakkers te midde van sy dienaars verhef-

²¹ hy het die voorman van die skinkers herstel in sy skinkersamp, sodat hy die beker in die hand van Par'o kon gee,

²² maar die voorman van die bakkers het hy opgehang soos Josëf dit aan hulle uitgelê het.

²³ En die voorman van die skinkers het nie aan Josëf gedink nie, maar hom vergeet.

41 En na 'n tyd van twee jaar het Par'o gedroom, en kyk, hy het by die rivier⁹ gestaan.

² En kyk, daar het sewe koeie uit die rivier opgekom wat mooi van aansien en vet van vleis was, en hulle het in die rietgras gaan wei.

³ En kyk, na hulle het daar nog sewe koeie uit die rivier opgekom wat lelik van aansien en maer van vleis was, en hulle het by die ander koeie op die wal van die rivier gaan staan.

⁴ En die koeie wat lelik van aansien en maer van vleis was, het die sewe koeie wat mooi van aansien en vet was, opgeëet. En Par'o het wakker geword.

⁵ En hy het weer aan die slaap geraak en nog 'n keer gedroom. En kyk, sewe vet en mooi are het aan een steel opgeskiet, ⁶ en na hulle het daar sewe are uitgespruit wat maer en deur die oostewind verskroei was.

⁷ En die maer are het die sewe vet en vol are verslind. En Par'o het wakker geword en kyk, dit was 'n droom!

⁸ En in die oggend was sy gees onrustig, en hy het al die townaars en al die wyse manne van Mitsrajim laat roep. En Par'o het sy droom aan hulle vertel, maar niemand kon dit aan Par'o uitlê nie.

⁹ Waarskynlik die Nyl.

⁹ En die voorman van die skinkers het met Par'o gepraat en gesê: "Ek het vandag my sondes onthou.

¹⁰ "Par'o was baie kwaad vir sy dienaars en het my in bewaring gegee in die huis van die owerste van die lyfwag, my en die voorman van die bakkers.

¹¹ "En ons het in dieselfde nag 'n droom gehad, ek en hy. Ons het gedroom, elkeen 'n droom met besondere betekenis.

¹² "En daar was 'n Ibrî jongman by ons, 'n dienaar van die owerste van die lyfwag — ons het dit aan hom vertel, en hy het ons drome vir ons uitgelê. Aan elkeen het hy die uitlegging volgens sy droom gegee.

¹³ "En soos hy dit vir ons uitgelê het, so het dit gebeur. Hy het my in my rang herstel, maar hom opgehang."

¹⁴ En Par'o het Josëf laat roep, en hulle het hom gou uit die gevangenis gehaal, en hy het hom geskeer en ander klere aangetrek, en hy het by Par'o gekom.

¹⁵ En Par'o het vir Josëf gesê: "Ek het 'n droom gehad, en daar is niemand wat dit kan uitlê nie, maar ek het van jou gehoor dat jy 'n droom net hoef te hoor om dit uit te lê."

¹⁶ En Josëf het Par'o geantwoord en gesê: "Niks vir my nie! Elohim sal Par'o 'n gunstige antwoord gee."

¹⁷ En Par'o het vir Josëf gesê: "Kyk, ek het in my droom op die wal van die rivier gestaan,

¹⁸ en sewe koeie het uit die rivier opgekom wat vet van vleis en mooi van uiterlik was, en hulle het gaan wei in die rietgras.

¹⁹ En kyk, na hulle kom daar nog sewe koeie op, skraal en baie lelik van uiterlik en maer van vleis; ek het soos hulle so lelik in die ganse land van Mitsrajim nie gesien nie.

²⁰ En die maer en lelike koeie het die sewe eerste vet koeie opgeëet:

²¹ dié het in hulle maag ingegaan, maar 'n mens kon nie merk dat hulle in hul maag ingegaan het nie; want hulle

B'RĚSHIET 41

aansien was lelik soos in die begin. Toe het ek wakker geword.

²² Daarna het ek in my droom gesien, en kyk, sewe vol en mooi are skiet op aan een steel.

²³ En na hulle spruit daar sewe are uit wat dor, maer en deur die oostewind verskroei was;

²⁴ en die sewe maer are het die sewe mooi are verslind. En ek het dit aan die townaars vertel, maar niemand kon my inligting gee nie."

²⁵ Toe sê Josěf vir Par'o: "Die droom van Par'o is een en dieselfde. Wat Elohim van plan is om te doen, het Hy aan Par'o te kenne gegee.

²⁶ Die sewe mooi koeie is sewe jare; en die sewe mooi are is sewe jare; die droom is een en dieselfde.

²⁷ En die sewe maer en lelike koeie wat na hulle opgekom het, is sewe jare; en die sewe maer, deur die oostewind verskroei are sal sewe jare van hongersnood wees.

²⁸ Dit is die woord wat ek tot Par'o gespreek het: wat Elohim van plan is om te doen, het Hy Par'o laat sien.

²⁹ Kyk, daar kom sewe jare van groot oorvloed in die hele land van Mitsrajim;

³⁰ maar daarna sal sewe jare van hongersnood aanbreek, en al die oorvloed sal in land van Mitsrajim vergeet word, en die hongersnood sal die land vernietig.

³¹ En van die oorvloed sal in die land niks gesien word weens dié hongersnood wat daarna sal kom nie; want dit sal baie swaar wees.

³² En wat dit betref dat die droom twee maal vir Par'o herhaal is - dit is omdat die saak deur Elohim vas besluit is en Elohim dit gou sal doen.

³³ Laat Par'o dan nou uitkyk na 'n verstandige en wyse man en hom aanstel oor land van Mitsrajim.

³⁴ Par'o moet so maak en opsigters oor die land aanstel en in die sewe jare van oorvloed die vyfde deel hef van die opbrings van land van Mitsrajim.

³⁵ En hulle moet al die voedsel van hierdie goeie jare wat kom, versamel en onder leiding van Par'o koring ophoop as voedsel in die stede en dit wegbêre.

³⁶ So sal dan die voedsel 'n voorraad wees vir die land vir die sewe jare van hongersnood wat in land van Mitsrajim sal kom, sodat die land nie deur die hongersnood te gronde gaan nie."

³⁷ En die woord was goed in die oë van Par'o en van al sy dienaars.

³⁸ Daarop het Par'o aan sy dienaars gesê: "Kan ons wel iemand vind soos hierdie man in wie die Gees van Elohim is?"

³⁹ En Par'o sê vir Josěf: "Aangesien Elohim dit alles aan jou bekend gemaak het, is daar niemand verstandig en wys soos jy nie.

⁴⁰ Jy moet oor my huis wees, en na jou bevel moet my hele volk hulle skik; alleen deur die troon sal ek groter wees as jy."

⁴¹ Verder het Par'o vir Josěf gesê: "Kyk, ek stel jou aan oor die hele land van Mitsrajim."

⁴² Toe trek Par'o sy seërling van sy hand af en sit dit aan die hand van Josěf; en hy het hom fyn linneklere laat aantrek en die goue ketting om sy hals gehang

⁴³ en hom laat ry op sy tweede rytuig; en hulle het voor hom uitgeroep: "Pas op!" So het hy hom dan oor die hele land van Mitsrajim aangestel.

⁴⁴ En Par'o sê vir Josěf: "Ek is Par'o, maar sonder jou mag niemand sy hand of voet in die hele land van Mitsrajim verroer nie."

⁴⁵ En Par'o het Josěf Tsáfnat-Panéag genoem en aan hom Asenat, die dogter van Poti-Féra, die priester van On, as vrou gegee. En Josěf het uitgetrek oor land van Mitsrajim.

⁴⁶ En Josěf was dertig jaar oud toe hy voor Par'o, die koning van Mitsrajim, gestaan het; en Josěf het van Par'o af weggegaan en die hele land van Mitsrajim deurgetrek.

⁴⁷ En die land het by die handevol opgelewer in die sewe jaar van oorvloed.

⁴⁸ Toe het hy al die voedsel van die sewe

B'RĚSHIET 42

jaar versamel wat in land van Mitsrajim gekom het, en voedsel in die stede weggesit - die voedsel van die land wat rondom elke stad was, het hy daarin weggesit.

⁴⁹ So het Josĕf dan 'n baie groot hoeveelheid koring opgehoop soos die sand van die see, totdat hulle opgehou het om te tel, want dit was ontelbaar.

⁵⁰ En vir Josĕf is twee seuns gebore - voordat die jaar van hongersnood gekom het - wat Asenat, die dogter van Poti-Fĕra, die priester van On, vir hom gebaar het.

⁵¹ En Josĕf het die eersgeborene se naam Manashshe genoem, want, het hy gesĕ, Elohim het my al my moeite laat vergeet en ook die hele huis van my vader.

⁵² En die tweede het hy Efrajim genoem; want, het hy gesĕ, Elohim het my vrugbaar gemaak in die land van my ellende.

⁵³ Toe het die sewe jaar van oorvloed wat daar in land van Mitsrajim was, ten einde gekom,

⁵⁴ en die sewe jaar van hongersnood het begin aankom soos Josĕf voorspel het. En daar was hongersnood in al die lande, maar in die hele land van Mitsrajim was daar brood.

⁵⁵ En toe die hele land van Mitsrajim honger gely en die volk na Par'o geroep het om brood, sĕ Par'o aan al Mitsrajim: Gaan na Josĕf, doen wat hy julle sĕ.

⁵⁶ En die hongersnood was oor die hele oppervlakte van die aarde, en Josĕf het alles waarin iets was, ooggemaak en aan Mitsrajim verkoop; en die hongersnood was swaar in land van Mitsrajim.

⁵⁷ En die hele wĕreld het na Josĕf in Mitsrajim gekom om koring te koop, want die hongersnood was swaar op die hele aarde.

42 Toe Jaĕkob merk dat daar koring in Mitsrajim was, het Jaĕkob aan sy seuns gesĕ: "Wat kyk julle so na mekaar?"

² En hy sĕ: "Kyk, ek het gehoor dat daar koring in Mitsrajim is; trek daarheen af, en koop vir ons daar koring, dat ons kan

lewe en nie sterf nie."

³ Daarop het tien van Josĕf se broers afgetrek om koring uit Mitsrajim te koop.

⁴ Maar Benjamin, die broer van Josĕf, het Jaĕkob nie saam met sy broers gestuur nie; want hy het gedink: Altemit kan 'n ongeluk hom oorkom.

⁵ So het die seuns van Jisra'ĕl dan gekom om koring te koop onder diegene wat daar aangekom het; want daar was hongersnood in die land Kanaän.

⁶ En Josĕf was die maghebber oor die land, hy wat aan al die mense van die land koring verkoop het; daarom het die broers van Josĕf gekom en hulle voor hom met die aangesig na die aarde gebuig.

⁷ Net toe Josĕf sy broers sien, het hy hulle herken maar hom vreemd teenoor hulle gehou en hulle hard aangespreek en vir hulle gesĕ: "Waar kom julle vandaan?" En hulle antwoord: "Uit die land Kanaän om voedsel te koop."

⁸ En Josĕf het sy broers herken, maar hulle het hom nie herken nie.

⁹ Toe dink Josĕf aan die drome wat hy aangaande hulle gedroom het; en hy sĕ vir hulle: "Julle is spioene, julle het gekom om te kyk waar die land oop is."

¹⁰ Maar hulle het hom geantwoord: "Nee, my meester, maar u dienaars het gekom om voedsel te koop.

¹¹ Ons is almal seuns van een man, ons is eerlike mense; u dienaars is geen spioene nie."

¹² Toe sĕ hy vir hulle: "Nee, maar julle het gekom om te kyk waar die land oop is."

¹³ En hulle antwoord: "U dienaars is twaalf in getal, ons is broers, seuns van een man in die land Kanaän; en kyk, die jongste is nou by ons vader, maar die een is daar nie meer nie."

¹⁴ Toe sĕ Josĕf vir hulle: "Dit is wat ek julle gesĕ het: 'Julle is spioene!'

¹⁵ Hieraan sal julle getoets word: so waar as Par'o leef, julle sal hiervandaan nie trek tensy dat julle jongste broer hierheen kom nie.

B'RĚSHIET 43

¹⁶ Stuur een van julle, dat hy julle broer gaan haal, maar julle moet in die gevangenis bly. So sal dan julle woorde getoets word, of die waarheid by julle is of nie. So waar as Par'o leef, julle is spioene!"

¹⁷ En hy het hulle saam drie dae lank in bewaring laat hou.

¹⁸ En op die derde dag sê Josěf vir hulle: "Doen dit, dan sal julle lewe; ek vrees Elohim!"

¹⁹ "Indien julle eerlike mense is, laat een van julle broers gevange bly in die huis waar julle in bewaring is; maar gaan julle, bring die koring vir die honger van julle huisgesinne weg,

²⁰ en bring julle jongste broer na my toe - dan sal julle woorde waar gemaak word, en julle sal nie sterf nie." En hulle het so gedoen.

²¹ En hulle het vir mekaar gesê: "Voorwaar, ons boet nou weens ons broer, omdat ons die benoudheid van sy wese gesien het toe hy ons gesmeek het en ons nie geluister het nie - daarom kom hierdie benoudheid oor ons."

²² En R'uběnhet vir hulle gesê: "Het ek nie vir julle gesê nie: 'Besondig julle nie aan die seun nie?' Maar julle het nie geluister nie. Kyk, so word dan ook sy bloed geëis."

²³ En hulle het nie geweet dat Josěf dit verstaan nie, want daar was 'n tolk tussen hulle.

²⁴ En hy het hom van hulle af weggedraai en gehuil. Daarna het hy na hulle teruggegaan en met hulle gepraat, en hy het Shim'on tussen hulle uitgeneem en hom voor hulle oë gebind.

²⁵ Daarop gee Josěf bevel om hulle sakke vol koring te maak en elkeen se geld weer in sy sak te sit en om aan hulle padkos vir die reis saam te gee. En so is aan hulle gedoen.

²⁶ En hulle het die koring op hulle donkies gelaai en daar weggetrek.

²⁷ En toe die een sy sak oopmaak om sy donkie in die herberg voer te gee, sien hy sy geld; en kyk, dit was sommer bo in

sy sak!

²⁸ En hy sê vir sy broers: "My geld is teruggegee; hier lê dit dan ook in my sak!" Toe het hulle hart hul begewe, en hulle draai verskrik na mekaar toe en sê: "Wat het Elohim ons nou aangedoen?"

²⁹ En hulle het by hul vader Jaakob in die land Kanaän gekom en hom alles vertel wat hulle wedervaar het en gesê:

³⁰ "Die man, die meester van die land, het ons hard aangespreek en ons vir spioene van die land gehou.

³¹ Maar ons het aan hom gesê: 'Ons is eerlike mense, ons is geen spioene nie.

³² Ons is twaalf broers, seuns van ons vader; die een is daar nie meer nie, en die jongste is nou by ons vader in die land Kanaän.'

³³ Daarop het die man, die meester van die land, aan ons gesê: 'Hieraan sal ek weet dat julle eerlike mense is - laat een van julle broers by my bly; en neem vir die honger van julle huisgesinne en trek weg,

³⁴ en bring julle jongste broer na my toe; dan sal ek weet dat julle geen spioene is nie. As julle eerlike mense is, sal ek julle broer aan julle teruggee, en julle mag in die land rondtrek."

³⁵ En toe hulle hul sakke leegmaak, was elkeen se bondeltjie geld daar in sy sak! En toe hulle hul bondeltjies geld sien, hulle en hul vader, was hulle bevrees.

³⁶ Daarop sê Jaakob, hulle vader, vir hulle: "Julle beroof my van kinders. Josěf is weg! En Shim'on is weg! En Benjamin wil julle wegneem! Alles is teen my!"

³⁷ Toe praat R'uběnhet met sy vader en sê: "U kan my twee seuns doodmaak as ek hom nie na u terugbring nie. Vertrou hom aan my toe, en ék sal hom na u terugbring."

³⁸ Maar hy sê: "My seun sal nie saam met julle aftrek nie, want sy broer is dood, en hy het alleen oorgebly; en as 'n ongeluk hom oorkom op die pad wat julle sal gaan, dan sal julle my grys hare met kommer in die doderyk laat afdaal."

43 En die hongersnood was swaar in

B'RĚSHIET 43

die land.

² En nadat die koring wat hulle uit Mitsrajim gebring het, opgeëet was, sê hulle vader vir hulle: Gaan koop vir ons weer 'n bietjie voedsel.

³ Toe het Jahuda hom geantwoord: Die man het ons uitdruklik gewaarsku en gesê: Julle sal my aangesig nie sien as julle broer nie by julle is nie.

⁴ As u ons broer saam met ons stuur, sal ons aftrek en vir u voedsel koop;

⁵ maar as u hom nie stuur nie, sal ons nie aftrek nie; want die man het aan ons gesê: Julle sal my aangesig nie sien as julle broer nie by julle is nie.

⁶ Toe sê Jisra'ël: Waarom het julle so verkeerd teen my gehandel deur die man te vertel dat julle nog 'n broer het?

⁷ En hulle antwoord: Die man het uitdruklik na ons en ons familie gevra met die woorde: Lewe julle vader nog? Het julle nog 'n broer? Toe het ons hom dit te kenne gegee volgens hierdie woorde. Kon ons dan ooit weet dat hy sou sê: Bring julle broer af?

⁸ Daarop sê Jahuda aan sy vader Jisra'ël: Stuur die seun saam met my; dan sal ons klaarmaak en wegtrek, sodat ons kan lewe en nie sterf nie - ons en ook u en ons kinders nie.

⁹ Ek sal vir hom borg wees; van my hand kan u hom eis. As ek hom nie na u bring en voor u stel nie, sal ek lewenslank teenoor u skuldig staan.

¹⁰ Ja, as ons nie getalm het nie, waarlik dan was ons nou al twee maal terug.

¹¹ Toe het Jisra'ël, hulle vader, vir hulle gesê: As dit so is, doen dan dit: neem van die oprings van die land in julle sakke en bring vir die man 'n geskenk af - bietjie balsem en bietjie heuning, speserye en gom, neute en amandels;

¹² en neem dubbel soveel geld met julle saam en bring die geld wat weer bo in julle sakke gesit is, met julle saam terug. Miskien was dit 'n vergissing.

¹³ En neem julle broer - maak julle klaar en gaan terug na die man.

¹⁴ En mag Ĕl Shadai, julle barmhartigheid

verleen by die man, sodat hy julle ander broer en Binjamin saam met julle kan laat trek! En ek - as ek van kinders beroof is, dan is ek beroof.

¹⁵ Daarop neem die mans dié geskenk, en hulle neem dubbel soveel geld saam met hulle en ook Binjamin, en hulle het klaargemaak en na Mitsrajim afgetrek en voor Josëf gaan staan.

¹⁶ Toe Josëf Binjamin by hulle sien, sê hy aan die opsigter oor sy huis: Bring die mans in die huis en slag slagvee en maak dit gereed, want die mans moet vanmiddag by my eet.

¹⁷ En die man het gedoen soos Josëf beveel het, en die man het die mans in die huis van Josëf gebring.

¹⁸ En die mans het gevrees, omdat hulle in die huis van Josëf gebring is, en gesê: Ter wille van die geld wat die vorige keer in ons sakke teruggekome het, word ons ingebring om ons te oorrumpel, ons te oorval en ons as slawe te neem, saam met ons donkies.

¹⁹ Daarom het hulle nader gekom na die man wat oor die huis van Josëf was, en met hom gepraat by die ingang van die huis

²⁰ en gesê: Ag, my meester, ons het die vorige keer net afgetrek om voedsel te koop,

²¹ maar toe ons in die herberg kom en ons sakke oopmaak, was elkeen se geld bo in sy sak - ons geld volgens sy gewig - en ons het dit saam met ons teruggebring.

²² Ons het ook ander geld saam met ons afgebring om voedsel te koop. Ons weet nie wie ons geld in ons sakke gesteeke het nie.

²³ Toe antwoord hy: "Vrede vir julle! Moenie bang wees nie! Julle Elohim en die Elohim van julle vader het julle 'n skat in jul sakke gegee. Julle geld het by my gekom." Daarop het hy Shim'on na hulle uitgebring.

²⁴ En die man het die mans in die huis van Josëf gebring en water aan hulle gegee, en hulle het hul voete gewas; hy

het ook hulle donkies voer gegee.

²⁵ En hulle het die geskenk reggemaak teen dat Josĕf die middag sou kom, want hulle het gehoor dat hulle daar brood sou eet.

²⁶ Toe Josĕf dan in die huis kom, het hulle vir hom die geskenk binnebring wat by hulle was, en hulle voor hom neergebuig na die aarde toe.

²⁷ En hy het hulle na hul welstand gevra en gesê: Gaan dit goed met julle ou vader van wie julle gepraat het? Leef hy nog?

²⁸ En hulle antwoord: "Dit gaan goed met u dienaar, ons vader; hy lewe nog." En hulle het hul eerbiedig neergebuig.

²⁹ Toe slaan hy sy oë op en sien sy broer Benjamin, die seun van sy moeder, en sê: "Is dit julle jongste broer van wie julle met my gepraat het?" Daarop sê hy: "Mag Elohim jou genadig wees, my seun!"

³⁰ En Josĕf het gou gemaak, want sy binneste was ontroerd oor sy broer: hy het geleentheid gesoek om te huil en in die kamer gegaan en daar gehuil.

³¹ Daarna het hy sy gesig gewas en uitgekom en hom bedwing en gesê: Bring die ete op!

³² Toe bring hulle dit vir hom besonders op en vir hulle besonders en vir Mitsrajim wat by hom eet, besonders; want Mitsrajim mag nie saam met die Ibrim eet nie, omdat dit vir Mitsrajim 'n gruwel is.

³³ En hulle het gaan sit volgens sy bepaling, die eersgeborene na sy eersgeboorte en die jongste na sy jonkheid. Toe kyk die mans mekaar verbaas aan.

³⁴ Hierop het hy aan hulle porsies uitgedeel van die ete wat voor hom staan; maar die porsie van Benjamin was vyf maal groter as die porsies van hulle almal. En hulle het gedrink en saam met hom vrolik geword.

44 Toe gee hy bevel aan die opsigter oor sy huis en sê: "Maak die sakke van die mans vol met lewensmiddele soveel

as hulle kan vervoer, en sit elkeen se geld bo in sy sak;

² en my beker, die silwerbeker, moet jy bo in die jongste se sak sit saam met die geld vir sy koring." En hy het gehandel volgens die woord wat Josĕf gesê het.

³ Toe dit die môre lig word, het hulle die mans laat trek, hulle met hul donkies.

⁴ Hulle het uit die stad uitgetrek, hulle was nog nie ver nie toe Josĕf aan die opsigter oor sy huis sê: "Maak jou klaar en jaag die mans agterna; en as jy hulle inhaal, vra hulle dan: 'Waarom het julle kwaad vir goed vergelde?'"

⁵ Is dit nie die ding waaruit my meester drink en waarmee hy altyd waarneem nie? Julle het verkeerd gehandel met wat julle gedoen het."

⁶ En hy het hulle ingehaal en hierdie woorde aan hulle meegedeel.

⁷ Toe sê hulle vir hom: "Waarom sê my meester sulke woorde? Dit is ver van u dienaars om so iets te doen."

⁸ Kyk, geld wat ons bo in ons sakke gevind het, het ons uit die land Kanaän aan u teruggebring hoe sou ons dan silwer of goud uit die huis van u meester kan steel?

⁹ Dié een van u dienaars by wie dit gevind word, moet sterf; en ons sal ook my meester se slawe wees."

¹⁰ Toe sê hy: "Nou goed, laat dit wees soos julle gesê het. Dié een by wie dit gevind word, is my slaaf. Maar julle sal vry wees."

¹¹ Daarop het hulle gou elkeen sy sak op die grond neergesit en elkeen sy sak oopgemaak.

¹² En hy het gesoek; hy het begin by die oudste en opgehou by die jongste; en die beker is in Benjamin se sak gevind.

¹³ Toe skeur hulle hul klere, en elkeen laai sy donkie, en hulle gaan na die stad terug.

¹⁴ En Jahuda het saam met sy broers in die huis van Josĕf gekom, terwyl hy nog daar was, en hulle het voor hom neergeval op die grond.

¹⁵ Daarop sê Josĕf vir hulle: "Wat is dit

B'RĚSHIET 45

nou wat julle gedoen het? Weet julle nie dat 'n man soos ek dit ongetwyfeld moet waarneem nie?"

¹⁶ En Jahuda antwoord: Wat kan ons aan my meester sê? Wat kan ons sê? En waarmee kan ons ons regverdig? Elohim het die ongeregigheid van u dienaars uitgevind. Kyk, ons is my meester se slawe, ons sowel as hy by wie die beker gevind is.

¹⁷ Maar hy sê: "Dit is ver van my om dit te doen; die man by wie die beker gevind is, dié sal my slaaf wees. Maar trek julle in vrede op na julle vader."

¹⁸ Toe kom Jahuda nader na hom en sê: "Ag, my meester, mag u dienaar tog 'n woord sê voor die ore van my meester, en laat u toorn nie teen u dienaar ontvlam nie, want u staan gelyk met Par'o."

¹⁹ My meester het sy dienaars gevra en gesê: 'Het julle 'n vader of broer?'

²⁰ En ons het my meester geantwoord: 'Ons het 'n ou vader; en daar is 'n jong seun, 'n kind van die ouderdom, maar sy broer is dood; en hy het alleen oorgebly van sy moeder, en sy vader het hom lief.'

²¹ Toe het u aan u dienaars gesê: 'Bring hom af na my toe, dat ek my oog op hom kan rig.'

²² En ons het my meester geantwoord: 'Die seun kan sy vader nie verlaat nie, want sy vader sal sterf as hy hom verlaat.'

²³ Daarop het u aan u dienaars gesê: 'As julle jongste broer nie saam met julle afkom nie, sal julle my aangesig nie weer sien nie.'

²⁴ En toe ons na u dienaar, my vader, opgetrek het en hom die woorde van my meester te kenne gegee het,

²⁵ het ons vader gesê: 'Gaan koop weer vir ons 'n bietjie voedsel.'

²⁶ Maar ons het gesê: 'Ons kan nie aftrek nie. As ons jongste broer by ons is, sal ons aftrek; want ons mag die aangesig van die man nie sien as ons jongste broer nie by ons is nie.'

²⁷ En u dienaar, my vader, het aan ons

gesê: 'Julle weet dat my vrou vir my twee gebaar het -

²⁸ die een het van my af weggegaan', en ek het gesê: 'Voorwaar, hy is verskeur, verskeur! En ek het hom tot hier toe nie gesien nie.'

²⁹ As julle nou hierdie een ook van my af wegneem en hom 'n ongeluk oorkom, dan sal julle my grys hare met droefenis in die doderyk laat afdaal.'

³⁰ As ek dan nou by u dienaar, my vader, kom en die seun nie by ons is nie - terwyl sy wese innig aan hom verkleef is -

³¹ sal hy sterf as hy sien dat die seun daar nie is nie; en u dienaars sal die grys hare van u dienaar, ons vader, met kommer in die doderyk laat afdaal.

³² Want u dienaar het die seun deur borgskap van my vader verkry deurdat hy gesê het: 'As ek hom nie na u bring nie, sal ek lewenslank teenoor my vader skuldig staan.'

³³ Laat u dienaar dan nou tog in die plek van die seun my meester se slaaf bly, en laat die seun saam met sy broers optrek.

³⁴ Want hoe kan ek na my vader optrek as die seun nie by my is nie? Mag ek maar net die ellende nie aansien wat my vader sal tref nie!"

45 Toe kon Josëf hom nie langer bedwing voor almal wat by hom gestaan het nie, en hy het geroep: "Laat almal van my af weggaan!" En daar het niemand by hom gestaan toe Josëf hom aan sy broers bekend gemaak het nie.

² En hy het in trane uitgebars, sodat Mitsrajim en ook die huis van Par'o dit gehoor het.

³ En Josëf sê vir sy broers: "Ek is Josëf! Leef my vader nog?" Maar sy broers kon hom nie antwoord nie, want hulle was verskrik voor hom.

⁴ Verder sê Josëf vir sy broers: "Kom tog nader na my." En toe hulle nader kom, sê hy: "Ek is julle broer Josëf vir wie julle na Mitsrajim verkoop het."

⁵ Maar wees nou nie bedroef nie, en laat daar geen ontstemming by julle wees dat

julle my hierheen verkoop het nie. Want om lewens te behou, het Elohim my voor julle uit gestuur.

⁶ Want daar was nou twee jaar hongersnood in die land, en daar is nog vyf jaar waarin nie geploeg of geoes sal word nie.

⁷ Maar Elohim het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel op die aarde te verseker en om julle in die lewe te hou tot 'n groot verlossing.

⁸ Julle het my dan nou nie hierheen gestuur nie, maar Elohim; en Hy het my 'n raadsman van Par'o gemaak en 'n gebieder oor sy hele huis en 'n regeerder in die hele land van Mitsrajim.

⁹ Trek gou op na my vader en sê vir hom: 'So sê u seun Josëf: 'Elohim het my 'n gebieder oor die hele land van Mitsrajim gemaak. Kom af na my, moenie versuim nie!

¹⁰ En u kan in die land Goshen woon en naby my wees, u en u kinders en u kindskinders en u kleinvee en u beeste en alles wat u besit.

¹¹ En ek sal u daar onderhou, want daar sal nog vyf jaar hongersnood wees; sodat u nie verarm nie, u en u huis en alles wat aan u behoort.'

¹² En kyk, julle oë sien dit, en die oë van my broer Binjamin, dat dit my mond is wat met julle praat.

¹³ Vertel my vader dan van al my heerlikheid in Mitsrajim en van alles wat julle gesien het, en bring my vader gou hierheen af."

¹⁴ Toe val hy sy broer Binjamin om die hals en huil; en ook Binjamin het aan sy hals gehuil.

¹⁵ En hy het al sy broers gesoen en aan hulle hals gehuil; en daarna het sy broers met hom gepraat.

¹⁶ Toe die gerug in die huis van Par'o gehoor word dat Josëf se broers gekom het, was dit goed in die oë van Par'o en van sy dienaars.

¹⁷ En Par'o het met Josëf gepraat: "Sê aan jou broers: 'Doen dit, laai julle diere en trek weg na die land Kanaän.

¹⁸ En gaan haal julle vader en julle huisgesinne en kom na my toe, dan sal ek julle die beste van land van Mitsrajim gee; en eet die vettigheid van die land."

¹⁹ Jy kry dan bevel - doen dit: "Neem vir julle uit land van Mitsrajim waens vir julle kinders en julle vrouens, en vervoer julle vader en kom.

²⁰ En julle hoef geen spyt te hê oor julle huisraad nie, want die beste van die hele land van Mitsrajim is julle s'n."

²¹ Die seuns van Jisra'ël het toe so gedoen; en Josëf het vir hulle waens verskaf volgens die bevel van Par'o en hulle padkos gegee vir die reis.

²² Hy het aan hulle almal, man vir man, 'n stel nuwe klere gegee; maar aan Binjamin het hy drie honderd sikkels silwer en vyf stel nuwe klere gegee.

²³ En net so het hy ook aan sy vader gestuur tien donkies, gelaai met die beste goed van Mitsrajim, en tien eselinne, gelaai met koring en brood en voedsel vir sy vader op die reis.

²⁴ Daarop het hy sy broers weggestuur, en hulle het vertrek; en hy het aan hulle gesê: "Moenie vir mekaar kwaad word op die pad nie."

²⁵ En hulle het opgetrek uit Mitsrajim en in die land Kanaän aangekom by hulle vader Jaäkoḇ.

²⁶ Toe hulle hom vertel: "Josëf lewe nog - en dat hy regeerder is in die hele land van Mitsrajim - het sy hart opgehou, want hy het hulle nie geglo nie."

²⁷ Maar toe hulle hom al die woorde van Josëf te kenne gee wat hy met hulle gepraat het, en hy die waens sien wat Josëf gestuur het om hom te vervoer, het die gees van Jaäkoḇ, hulle vader, lewendig geword.

²⁸ En Jisra'ël het gesê: "Dit is genoeg! My seun Josëf lewe nog! Ek sal gaan en hom sien voordat ek sterf."

46 En Jisra'ël het weggetrek met alles wat aan hom behoort het, en in Be'ër-Sheḇa gekom; en hy het offerandes gebring aan die Elohim van sy vader Jitshak.

B'RĚSHIET 46

² En Elohim het met Jisra'ël gepraat in naggesigte en gesê: "Jaākob, Jaākob!" En hy het gesê: "Hier is ek!"

³ En Hy het gesê: "Ek is Ęl, die Elohim van jou vader. Moenie bevrees wees om na Mitsrajim af te trek nie, want Ek sal jou daar 'n groot nasie maak.

⁴ Ek sal saam met jou aftrek na Mitsrajim, en Ek sal jou gewis ook weer laat optrek; en Josĕf sal jou oë toedruk."

⁵ Daarna het Jaākob weggetrek van Be'ěr-She'ba af. En die seuns van Jisra'ël het hulle vader Jaākob met hulle kinders en hulle vrouens op die waens gelaai wat Par'o gestuur het om hom te vervoer.

⁶ En hulle het hul vee en besittings geneem wat hulle in die land Kanaän verwerf het, en in Mitsrajim gekom, Jaākob en sy hele geslag saam met hom:

⁷ sy seuns en sy kleinseuns saam met hom; sy dogters en kleindogters en sy hele geslag het hy saam met hom in Mitsrajim bring.

⁸ En dit is die name van die seuns van Jisra'ël wat in Mitsrajim gekom het - Jaākob en sy seuns. Die eersgeborene van Jaākob was R'ubĕn.

⁹ En die seuns van R'ubĕn: Ĥanoĥ en Pallu en Hesron en Karmi.

¹⁰ En die seuns van Shim'on: Jemu'ĕl en Jamin en Ohad en Jagin en Tsoĥar en Sha'ul, die seun van die Kanaäni vrou.

¹¹ En die seuns van Lĕwi: Ĝĕreshon, Kehat en Merári.

¹² En die seuns van Jahuda: Ęr en Onan en Shĕla en Perets en Zerag. Maar Ęr en Onan het gesterf in die land Kanaän; en die seuns van Perets was Ĥetsron en Ĥamul.

¹³ En die seuns van Jissaskar: Tola en Puwa en Job en Shimron.

¹⁴ En die seuns van Zebulun: Sered en Ęlon en Jagle'ĕl.

¹⁵ Dit is die seuns van Lĕa wat sy vir Jaākob gebaar het in Paddan-Aram, saam met sy dogter Dina; al die wesens van sy seuns en dogters was drie en dertig.

¹⁶ En die seuns van Gad: Sifjon en Haggi, Suni en Esbon, Eri en Aródi en Areĕli.

¹⁷ En die seuns van Ashĕr: Jimna en Jiswa en Jiswi en Beria en Serag, hulle suster; en die seuns van Beria: Eber en Málkiel.

¹⁸ Dit is die seuns van Zilpa wat Laban aan sy dogter Lĕa gegee het; en sy het vir Jaākob hierdie sestien siele gebaar.

¹⁹ Die seuns van Raĥĕl, die vrou van Jaākob: Josĕf en Binjamin.

²⁰ En vir Josĕf is in land van Mitsrajim gebore Manashshe en Efracim wat Asenat, die dogter van Potifĕra, die priester van On, vir hom gebaar het.

²¹ En die seuns van Binjamin: Bela en Beger en Asbel, Gera en Naäman, Egi en Ros, Muppim en Huppim en Ard.

²² Dit is die seuns van Raĥĕl wat vir Jaākob gebore is, almal saam veertien siele.

²³ En die seuns van Dan: Husim.

²⁴ En die seuns van Naftali: Jágseel en Guni en Jeser en Sillem.

²⁵ Dit is die seuns van Bilha wat Laban aan sy dogter Raĥĕl gegee het; en sy het hulle vir Jaākob gebaar, almal saam sewe siele.

²⁶ Al die wesens wat aan Jaākob behoort het en, uit sy heup afkomstig, na Mitsrajim gegaan het, behalwe die vrouens van die seuns van Jaākob, was almal saam ses en sestig siele.

²⁷ En die seuns van Josĕf wat vir hom in Mitsrajim gebore is, was twee siele. Al die wesens van die huis van Jaākob wat in Mitsrajim gekom het, was sewentig.

²⁸ En hy het Jahuda voor hom uit gestuur na Josĕf, dat dié voor hom uit die pad moes wys na Goshen; en hulle het in die land Goshen aangekom.

²⁹ Toe span Josĕf sy wa in, en hy trek op, sy vader Jisra'ël tegemoet na Goshen. En toe hy homself aan hom vertoon, het hy om sy hals geval en lank aan sy hals gehuil.

³⁰ En Jisra'ĕl sê vir Josĕf: "Nou kan ek sterf nadat ek jou aangesig gesien het, dat jy nog leef!"

³¹ Daarna het Josĕf met sy broers en die huis van sy vader gepraat: Ek sal optrek

B'RĚSHIET 47

en aan Par'o vertel en aan hom sê: "My broers en die huis van my vader wat in die land Kanaän was, het na my gekom."

³² En die mans is herders van kleinvee - want hulle was veeboere - en hulle het hul kleinvee en hul beeste en alles wat hulle besit, saamgebring.

³³ En as Par'o julle laat roep en sê: "Wat is julle nering?"

³⁴ dan moet julle antwoord: "U dienaars was veeboere van ons jeug af tot nou toe, ons sowel as ons vaders - sodat julle in die land Goshen kan woon. Want elke herder van kleinvee is vir Mitsrajim 'n gruwel."

47 En Josëf het gegaan en vir Par'o vertel en gesê: "My vader en my broers en hulle kleinvee en beeste en alles wat hulle besit, het gekom uit die land Kanaän, en kyk, hulle is in die land Goshen."

² En hy het uit sy broers vyf mans saamgeneem en hulle aan Par'o voorgestel.

³ En Par'o het vir sy broers gesê: "Wat is julle nering?" En hulle het vir Par'o gesê: "U dienaars is herders van kleinvee, beide ons en ons vaders."

⁴ En hulle het vir Par'o gesê: "Ons het gekom om as vreemdelinge in die land te vertoef, want daar is geen weiding vir die kleinvee van u dienaars nie, omdat die hongersnood in die land Kanaän swaar is. En nou, laat asseblief u dienaars in die land Goshen woon."

⁵ En Par'o het met Josëf gepraat en gesê: "Jou vader en jou broers het na jou gekom."

⁶ Die land van Mitsrajim is voor jou. Laat jou vader en jou broers in die beste deel van die land woon; hulle kan in die land Goshen woon. En indien jy weet dat daar tussen hulle bekwame mans is, stel hulle dan aan as opsigters oor my vee."

⁷ En Josëf het sy vader Jaäkoḅ ingebring en hom aan Par'o voorgestel. En Jaäkoḅ het Par'o geseën.

⁸ En Par'o het vir Jaäkoḅ gesê: "Hoeveel is die dae van jou lewensjare?"

⁹ En Jaäkoḅ het vir Par'o gesê: "Die dae van die jare van my vreemdelingskap is honderd en dertig jaar. Min in getal en vol teespoed was die dae van my lewensjare, en hulle het nie die dae bereik van die lewensjare van my vaders gedurende die dae van hulle vreemdelingskap nie."

¹⁰ En Jaäkoḅ het Par'o geseën en van Par'o af weggegaan.

¹¹ En Josëf het vir Jaäkoḅ en sy broers woonplekke aangewys en vir hulle 'n besitting in land van Mitsrajim gegee, in die beste deel van die land, in die landstreek Ra'mases, soos Par'o beveel het.

¹² En Josëf het sy vader en sy broers en die hele huis van sy vader met brood onderhou volgens die mond van die kleintjies.

¹³ En daar was in die hele land geen brood nie, want die hongersnood was baie swaar, sodat land van Mitsrajim en die land Kanaän uitgeput was weens die hongersnood.

¹⁴ En Josëf het al die geld versamel wat in land van Mitsrajim en in die land Kanaän te vinde was, vir die koring wat hulle koop het, en Josëf het die geld in die huis van Par'o gebring.

¹⁵ En toe die geld in land van Mitsrajim en in die land Kanaän op was, het al Mitsrajim na Josëf gekom en gesê: "Gee vir ons brood! Waarom moet ons voor u oë sterf, want die geld is gedaan?"

¹⁶ En Josëf het gesê: "Gee julle vee, dan sal ek dit vir julle gee vir julle vee as die geld gedaan is."

¹⁷ En hulle het hul vee na Josëf bring, en Josëf het vir hulle brood gegee vir die perde en die besitting van kleinvee en beeste en vir die donkies; en hy het hulle daardie jaar versorg met brood in ruil van al hulle besittings van vee.

¹⁸ En toe daardie jaar om was, het hulle na hom gekom in die tweede jaar en vir hom gesê: "Ons kan dit vir my meester nie wegsteek nie, maar die geld is op en die besitting van vee is my meester s'n."

B'RĚSHIET 48

Daar het niks vir my meester oorgebly nie as net ons liggame en ons landerye.

¹⁹ "Waarom moet ons voor u oë te gronde gaan, ons sowel as ons landerye? Koop ons en ons grond vir brood, dan sal ons met ons grond aan Par'o diensbaar wees. En gee saad, dat ons kan lewe en nie sterf nie, en dat die grond nie woes word nie."

²⁰ En Josëf het al die landerye van Mitsrajim vir Par'o opgekoop, want Mitsrajim het elkeen sy stuk grond verkoop, omdat die hongersnood vir hulle te swaar was. En die land het Par'o se eiendom geword.

²¹ En wat die volk betref, het hy hulle na die stede laat skuif, van die een end van Mitsrajim se grens na die ander end daarvan.

²² Net die landerye van die priesters het hy nie gekoop nie, want die priesters het 'n porsie van Par'o ontvang en het hulle porsie geëet wat Par'o hulle gegee het. Daarom het hulle nie hul landerye verkoop nie.

²³ En Josëf het vir die volk gesê: "Kyk, ek het vandag julle en jul grond vir Par'o gekoop. Kyk, daar is saad vir julle, julle moet die landerye besaai.

²⁴ En by die insameling moet julle 'n vyfde aan Par'o afgee, en die ander vier dele is vir julle, as saad vir die land en as voedsel vir julle en die wat in julle huise is, en as voeding vir julle kleintjies."

²⁵ En hulle het gesê: "U het ons lewe gered. Laat ons guns vind in die oë van my meester, en ons sal die dienaars van Par'o wees."

²⁶ En Josëf het dit 'n wet gemaak tot vandag toe vir die landerye van Mitsrajim - die vyfde behoort aan Par'o. Net die landerye van die priesters alleen het nie die eiendom van Par'o geword nie.

²⁷ En Jisra'ël het in die land van Mitsrajim gewoon, in die land Goshen, en hulle het besittings daarin gehad en het vrug gedra en sterk vermeerder.

²⁸ En Jaakob het sewentien jaar in land van Mitsrajim geleef, en die dae van

Jaakob, die jare van sy lewe, was honderd sewe en veertig jaar.

²⁹ En die dae van Jisra'ël het nader kom dat hy moes sterf, en hy het sy seun Josëf laat roep en vir hom gesê: "Indien ek nou guns in jou oë gevind het, sit asseblief jou hand onder my heup en bewys my liefde en trou - begrawe my asseblief nie in Mitsrajim nie,

³⁰ en wanneer ek met my vaders ontslaap het, dra my weg uit Mitsrajim en begrawe my in hulle graf." En hy het gesê: Ek sal doen volgens u woord."

³¹ En hy het gesê: "Sweer dit vir my." En hy het vir hom gesweer. En Jisra'ël het oor die koppenet van die bed gebug.

48 En na hierdie dinge het hulle vir Josëf gesê: "Kyk, u vader is siek." En hy het sy twee seuns, Manashshe en Efrajim, saam met hom geneem.

² En hulle het vir Jaakob vertel en gesê: "Kyk, u seun Josëf kom na u toe." En Jaakob het homself versterk en op die bed gesit.

³ En Jaakob het vir Josëf gesê: "Ël Shadai, het aan my verskyn by Luz, in die land Kanaän, en my geseën

⁴ en vir my gesê: 'Kyk, Ek sal jou vrugbaar maak en jou vermeerder en jou tot 'n menigte van volke maak, en Ek sal aan jou saad na jou hierdie land as ewige besitting gee.'

⁵ "En nou, jou twee seuns wat vir jou in land van Mitsrajim gebore is voordat ek in Mitsrajim na jou gekom het, is myne. Efrajim en Manashshe is myne soos R'ubën en Shim'on.

⁶ "En jou nakomelinge wat jy na hulle verwek het, is joune. Hulle sal na die naam van hulle broers genoem word in hul erfenis.

⁷ "En ek, toe ek van Paddan gekom het, het Raḥël by my gesterf in die land Kanaän, op die reis toe daar nog 'n kort ent pad was om by Efrata te kom; en ek het haar daar begrawe langs die pad na Efrat, dit is Bêt Lechem."

⁸ En Jisra'ël het die seuns van Josëf gesien en gesê: "Wie is dit?"

⁹ En Josĕf het vir sy vader gesê: "Dit is my seuns wat Elohim my hier gegee het." En hy het gesê: "Bring hulle asseblief na my, en ek sal hulle seën."

¹⁰ En Jisra'ël se oë was swaar van ouderdom, hy kon nie sien nie. En hy het hulle na hom geneem, en hy het hulle gesoen en hulle omhels.

¹¹ En Jisra'ël het vir Josĕf gesê: "Ek het nie gedink om jou gesig te sien nie, en kyk, Elohim het my ook jou saad laat sien."

¹² En Josĕf het hulle van sy knieë af weggeneem, en hy het hom met sy gesig na die aarde toe gebuig.

¹³ En Josĕf het hulle altwee geneem, Efrajim met sy regterhand, links van Jisra'ël, en Manashe met sy linkerhand, regs van Jisra'ël en hy het hulle naby hom gebring.

¹⁴ En Jisra'ël het sy regterhand uitgesteek en dit op die kop van Efrajim gelê, wat die jongste was, en sy linkerhand op die kop van Manashe: hy het sy hande bewustelik gerig, want Manashe was die eersgeborene.

¹⁵ En hy het Josĕf geseën en gesê: "Die Elohim voor wie my vaders Abraham en Jitsĥak gewandel het, die Elohim wat my gevoed het my lewe lank tot vandag toe,

¹⁶ die boodskapper wat my uit elke teëspoed verlos het, seën die seuns. En mag my naam oor hulle uitgeroep word en die naam van my vaders Abraham en Jitsĥak, en mag hulle midde die aarde in menigte vermeerder."

¹⁷ En Josĕf het gesien dat sy vader sy regterhand op die kop van Efrajim gelê het, en dit was verkeerd in sy oë, en hy het die hand van sy vader gegryp om dit van die kop van Efrajim te verweider na die kop van Manashe.

¹⁸ En Josĕf het vir sy vader gesê: "Nie so nie, my vader; want hierdie een is die eersgeborene, lê u regterhand op sy kop."

¹⁹ En sy vader het geweier en gesê: "Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook 'n volk word, en hy sal ook groot word,

nogtans sal sy jongste broer groter wees as hy, en sy saad sal die volheid van die nasies word."

²⁰ En hy het hulle daardie dag geseën en gesê: "Met jou sal Jisra'ël seën, en sê: 'Elohim maak jou soos Efrajim en soos Manashe!'" En hy het Efrajim voor Manashe gestel.

²¹ En Jisra'ël het vir Josĕf gesê: "Kyk, ek gaan sterf, maar Elohim sal met julle wees, en Hy sal julle terug laat gaan na die land van julle vaders.

²² "En ek, ek gee aan jou 'n deel bo jou broers, wat ek met my swaard en my boog van die Amori afgeneem het."

49 En Jaakob het sy seuns geroep en gesê: "Kom bymekaar, dat ek julle kan vertel wat julle aan die einde van die dae sal ervaar.

² "Versamel en hoor, seuns van Jaakob, en luister na Jisra'ël, julle vader!

³ "Rubĕn, jy is my eersgeborene, my krag en die begin van my sterkte, die vernaamste in hoogheid en die vernaamste in mag!

⁴ "Opborrellend soos waters, jy nie sal die vernaamste wees nie, want jy het op die bed van jou vader geklim, toe het jy dit ontreinig. Hy het op my bed geklim.

⁵ "Shim'on en Lêwi is broers. Hulle wapens is werktuie van geweld.

⁶ "Laat my wese nie in hulle raad kom nie, laat my aansien nie eens met hulle vergadering verenig nie. Want in hul woede het hulle mans doodgeslaan, en vir hul plesier het hulle 'n os verlam.

⁷ "Vervloek is hulle toorn, want dit is heftig, en hulle grimmigheid, want dit is hard. Ek sal hulle verdeel in Jaakob en hulle verstrooi in Jisra'ël.

⁸ "Jahuda, jou broers sal jou loof. Jou hand sal op die nek van jou vyande wees. Jou vader se seuns sal hulle voor jou neerbuig.

⁹ "Jahuda is 'n leeu welpie; jy het van die roof af opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeu; wie sal hom opjaag?

¹⁰ "Die septer sal nie van Jahuda wyk nie,

B'RĚSHIET 50

nóg die wetgewer tussen sy voete uit terwyl Shilo kom; en die gehoorsaamheid van die volke aan hom.

¹¹ "Hy maak sy jong donkie vas aan die wingerdstok en die vul van sy donkie aan die edelste wynstok; hy was sy kleed in wyn en sy gewaad in die bloed van druiwe.

¹² "Sy oë is donker van wyn en sy tande wit van melk.

¹³ "Zebulun sal by die strand van die see woon; en hy sal by die strand van die skepe wees, met dy grens teen Tsidon.

¹⁴ "Jissasakar is 'n sterkgebeende donkie wat tussen die veekrale lê.

¹⁵ "En hy het gesien dat die rus goed en die land aangenaam is, en hy het sy skouer gebuig om te dra, en hy het as dwangarbeider gedien.

¹⁶ "Dan sal aan sy volk oordeel soos een van die stamme van Jisra'ël.

¹⁷ "Laat Dan 'n slang op die weg wees, 'n horingslang op die pad, wat die perd aan die hakskeene byt, en sy ruiters val agteroor.

¹⁸ "Ek wag op U verlossing, יהוה!

¹⁹ "Gad, 'n bende sal hom aanval, maar hy sal hulle hakskeen aanval.

²⁰ "Uit Ashër, sy voedsel is vet, en hy gee koninklike lekkernye.

²¹ "Naftali is soos 'n vry wildsbok, hy gee mooi woorde.

²² "Josëf is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein; sy takke klim oor die muur.

²³ "Die boogskutters het hom gepla en op hom geskiet en hom gehaat,

²⁴ maar sy boog het sterk gebly, en die arms van sy hande was veerkragtig, deur die hande van die Magtige van Jaakob - van die Herder, die Steen van Jisra'ël,

²⁵ van die Ël van jou vader, wat jou help, en deur die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemele daarbo, met seëninge van die watervloed wat onder lê, seëninge van borste en moederskoot.

²⁶ "Die seëninge van jou vader oortref die seëninge van my voorvaders tot die uiterstes van die ewige heuwels, die

kostelike gawes van die ewige heuwels. Dit sal op Josëf se kop wees en op die kroon van hom, eenkant van sy broers.

²⁷ "Binjamin is 'n wolf wat verskeur, in die oggend eet hy sy prooi, en in die aand verdeel hy buit."

²⁸ Al hierdie is die twaalf stamme van Jisra'ël, en dit is wat hulle vader vir hulle gesê het, en hy het hulle geseën. Hy het elkeen geseën, volgens sy eie seën.

²⁹ En hy het hulle beveel en vir hulle gesê: "Ek word by my volk versamel. Begrawe my by my vaders in die grot wat op die stuk grond van Efron, die Hiti, is,

³⁰ in die grot wat op die stuk grond van Magpëla is, wat voor Mamrë lê, in die land Kanaän; die stuk grond wat Abraham van Efron, die Hiti, as eiendom gekoop het vir 'n graf.

³¹ Daar het hulle Abraham en Sara, sy vrou begrawe; daar het hulle Jitshak en Ribka, sy vrou begrawe; en daar het ek Lêa begrawe -

³² die stuk grond en die grot wat daarin is, wat gekoop is van die seuns van Hët."

³³ En toe Jaakob klaar sy sy seuns beveel het, het hy sy voete terug op die bed getrek en sy asem uitgeblaas, en hy is by sy volk versamel.

50 En Josëf het op sy vader se gesig geval, en hy het oor hom gehuil en hom gesoen.

² En Josëf het vir sy dienaars, die geneeshere, beveel om sy vader te balsem. En die geneeshere het Jisra'ël gebalsem.

³ En veertig dae is vir hom voltooi, want so is die volledige dae van balseming. En Mitsrajim het sewentig dae lank oor hom gehuil.

⁴ En toe die dae van huil oor hom verby was, het Josëf met die huis van Par'o gepraat en gesê: "Indien ek dan guns in julle oë gevind het, sê tog dit voor die ore van Par'o:

⁵ "My vader het my laat sweer en gesê: "Kyk, ek gaan sterf, in my graf wat ek vir my in die land Kanaän uitgekap het, daar moet jy my begrawe." Laat my dan nou

B'RĚSHIET 50

asseblief optrek en my vader begrawe en dan keer ek terug."

⁶ En Par'o het gesê: "Trek op en begrawe jou vader soos hy jou laat sweer het."

⁷ En Josëf het opgegaan om sy vader te begrawe, en al die dienaars van Par'o, die oudstes van sy huis, het saam met hom opgegaan, en al die oudstes van land van Mitsrajim,

⁸ en die hele huis van Josëf en sy broers en die huis van sy vader. Net hulle kleintjies en hulle kleinvee en hulle beeste het hulle in die land Goshen laat agterbly.

⁹ En saam met hom het waens sowel as ruiters opgegaan, sodat dit 'n baie groot groep was.

¹⁰ En hulle het by die Ataad dorsvloer gekom, wat anderkant die Jardën lê, en hulle het daar 'n groot en baie swaar rouklag getreur. En hy het sewe dae lank oor sy vader gerou.

¹¹ En die inwoners van die land, die Kanaani, het die gerou by die Ataad dorsvloer gesien, en hulle gesê: "Dit is 'n swaar rou vir Mitsrajim." Daarom het hulle dit Abël-Mitsrajim genoem, wat anderkant die Jardën lê.

¹² En sy seuns het met hom gedoen net soos hy hulle beveel het.

¹³ En sy seuns het hom na die land Kanaän gedra en hom begrawe in die grot van die stuk grond van Magpëla, die stuk grond wat Abraham as eiendom vir 'n graf gekoop het van Efron, die Hiti, anderkant Mamrë.

¹⁴ En Josëf het na Mitsrajim teruggegaan, hy en sy broers en almal wat saam met hom opgegaan het om sy vader te begrawe, nadat hy sy vader begrawe het.

¹⁵ En Josëf se broers het gesien dat hulle vader dood was, en hulle het gesê: "Miskien haat Josëf ons as en wil hy ons terugkry vir al die kwaad wat ons hom

aangedoen het!"

¹⁶ En hulle het hierdie boodskap na Josëf gestuur: "U vader het voor sy dood beveel met hierdie woorde:

¹⁷ 'So moet julle vir Josëf sê: "Ek smEEK, vergewe asseblief die oortreding van jou broers en hulle sonde, want hulle het jou kwaad aangedoen. En nou, vergewe asseblief die oortreding van die dienaars van die Elohim van u vader.'" En Josëf het gehuil toe hulle met hom gepraat het.

¹⁸ En sy broers het ook self gegaan en voor hom neergeval en gesê: "Kyk, ons is u slawe."

¹⁹ Maar Josëf het vir hulle gesê: "Moenie vrees nie, want is ek in die plek van Elohim?"

²⁰ "En julle, julle het kwaad teen my bedink, maar Elohim het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk aan die lewe te hou.

²¹ "En nou, moenie vrees nie. Ek sal julle en julle kleintjies onderhou." So het hy hulle getroos en tot hulle hart gepraat.

²² En Josëf het in Mitsrajim gewoon, hy en die huis van sy vader. En Josëf het honderd en tien jaar geleef.

²³ En Josëf het van Efracim kinders gesien tot die derde geslag. Ook die kinders van Makir, die seun van Manashshe, is op Josëf se knieë gebore.

²⁴ En Josëf het vir sy broers gesê: "Ek gaan sterf, maar Elohim sal verseker op julle ag gee en julle uit hierdie land laat opgaan na die land wat Hy aan Abraham, Jitshak en Jaakob met 'n eed beloof het."

²⁵ En Josëf het die seuns van Jisra'ël laat sweer en gesê: "Elohim sal verseker op julle ag gee - neem dan my beendere hiervandaan op."

²⁶ En Josëf het gesterf, honderd en tien jaar oud. En hulle het hom gebalsem, en hy is in 'n kis gesit in Mitsrajim.